# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

2

Kwartaal 4



Onderwysersgids

Funda Wande
Reading for Meaning

2

Kwartaal 4

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis FoundationEndowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Ilustreerders**

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Omslag: **Anja Stoeckigt**

Ander illustrasies is verskaf deur:
**Patrick Latimer**: Bladsy 31 en 43;
**Rassie Erasmus**: Bladsy 57;
**Alex Latimer**: Bladsy 67;
**Crazy Cat**: Bladsy 79;
**Jiggs Snaddon-Wood**: Bladsy 103.

**Foto-erkennings**

Funda Wande Media-span: alle foto's geneem in skole en klaskamers;
Bladsy 48 en 52 (kaart op foon);
**WikiCommons**: Bladsy 20: **Picasa** (Tafelberg-sweefspoor);
Bladsy 32 en 36: **David Stanley** (rotskuns),
Bladsy 92: **James St. John** (terugkaatsende katoë);
Bladsy 108: **kunjan detroja** (Hindoe-troue);
**Shutterstock**: Bladsy 20: **Volodymyr Burdiak** (Groot 5);
**iStock**: Bladsy 12: **FrankRamspott** (kaart van Suid-Afrika);
Bladsy 20: **HomoCosmicos** (Soweto-torings);
**LaylaBird** (vrolike vrou);
Bladsy 24: **ManoAfrica** (Unie-gebou);
Bladsy 36: **Maica** (gekrulde lopende skrif);
Bladsy 60: **Ig0rZh** (sonopkoms);
Bladsy 84: **Kim Marriott** (gespikkelde arendsuil);
**South African National Government**: Bladsy 20 (landswapen);
**NASA**: Bladsy 60 (maan);
Bladsy 68 (Internationale Ruimtestasie); **ESA/Hubble** (sterre);
Bladsy 96: **Vincent van Gogh** (*Starry Night*).

Foto's in miniatuurbladsye is verskaf met toestemming deur
**Freepik**, **Rawpixel** en **Pexels**

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-991225-23-8

Version 2: 2024

**Enigiemand is vry om die materiaal te deel (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of aan te pas (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:**
***Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 2, Kwartaal 4, CC BY 4.0.***

**Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.**

**Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/**

# Inhoud


**Ikone en afkortings** ..... iv

**Oorsig van Funda Wande-materiaal**

- Onderwysersgids: Wat om te onderrig ..... 1
- Metodiekgids: Hoe om te onderrig ..... 1
- Leerderaktiwiteitsboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig ..... 1
- Onderrigplan, Kwartaal 3 ..... 2
- Weeklikse rooster, Kwartaal 3 ..... 4
- Aktiwiteite vir Aktiwiteitstasies gedurende Liggaamsopvoeding, Kwartaal 3 ..... 5

**Week 1** Suid-Afrika, ons spesiale tuiste ..... 6
**Week 2** Suid-Afrika, ons spesiale tuiste ..... 8
**Week 3** Bly in kontak ..... 30
**Week 4** Bly in kontak ..... 42
**Week 5** Wat snags gebeur ..... 54
**Week 6** Wat snags gebeur ..... 66
**Week 7** Nagdiere ..... 78
**Week 8** Nagdiere ..... 90
**Week 9** Spesiale tye saam met familie ..... 102
**Week 10** Vaslegging en hersiening ..... 114

**ASSESSERINGSPLAN, KWARTAAL 4** ..... 116

**Huistaal Geletterdheid Assesseringsrubrieks en kontrolelyste**

- Luister en Praat ..... 117
- Klanke ..... 118
- Lees en Begrip ..... 119
- Handskrif ..... 120
- Skryf ..... 121

**Lewensvaardigheid Assesseringsrubrieks en kontrolelyste**

- AK en PSW ..... 122
- Visuele Kunste ..... 123
- Uitvoerende Kunste ..... 124
- Liggaamsopvoeding Assessering ..... 125

**Fotokopieerbare assesseringsvelle** ..... 126

# Ikone en afkortings

| Huistaal | |
|---|---|
|  | Hardoplees of Luister en Praat |
|  | Lees |
|  | Klanke |
|  | Skryf en Handskrif |
|  | Groepbegeleide Lees |
|  | Onafhanklike Werk |

| | |
|---|---|
|  | Sien na en gee terugvoering |

| Lewensvaardigheid | |
|---|---|
|  | Welstand |
|  | Aanvangskennis en PSW |
|  | Skeppende Kunste |
|  | Liggaamsopvoeding |

| Ikone in die LAB | | |
|---|---|---|
|  Skryf |  Kleur in of teken |  Knip uit |

Metodiekgids – MG
Onderwysersgids – OG
Leerderaktiwiteitsboek – LAB
Groepbegeleide Lees – GBL
Persoonlike en Sosiale Welstand – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in pare – PL
Onafhanklike Werk – OW

# Oorsig van Funda Wande-materiaal

Die Funda Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid vir leerders in Graad 1–3, en is op die KABV gebaseer. Hierdie program help leerders om met begrip te leer, lees en skryf en ontwikkel terselfdertyd die grondbeginsels van algemene kennis, vaardighede en woordeskat. Die program berei leerders voor vir die hoër grade en ondersteun leerders by die aanleer van ander tale.

## Onderwysersgids: Wat om te onderrig

Vir elke kwartaal in die Grondslagfase is daar ’n **Onderwysersgids (OG)**. Die gidse is ’n dag-tot-dag-hulpbron vir besige onderwysers om te help met beplanning, ordening en assessering.

Die gids skep ’n raamwerk vir die inhoud van elke les – wat om te onderrig en in watter volgorde. ’n Weeklikse rooster en kwartaalplan word ook voorsien. Aan die agterkant van die Onderwysersgids (OG) word assesseringsaktiwiteite ingesluit. Die lesse en assesseringsaktiwiteite dek en is gebaseer op die KABV.










## Metodiekgids: Hoe om te onderrig




’n Aparte, oorkoepelende **Metodiekgids (MG)** gee riglyne oor die roetines sowel as voorstelle oor hoe om elke les in die Funda Wande-program te onderrig. Gebruik dit as riglyn vir opleiding aan die begin van elke kwartaal of om beplanning te doen. Jy kan dit ook enige tyd gebruik om te kontroleer of jy die stappe van lesse reg volg en of jy die les optimaal benut. **In die OG word spesifieke bladsye in die MG aangedui wat die onderrig van die week se lesse ondersteun.**

Vir elke tipe les verduidelik die MG:

1. die **doel** van die soort les: hoekom ons die lesse onderrig
2. **vordering** oor drie jaar: hoe die metodiek en teks wat in die program ingesluit word, vordering oor die drie grade heen toon om te verseker dat leerders meer vaardighede en kennis bekom
3. **metodiek**: hoe om die les in duidelike stap-vir-stap-volgorde te onderrig; die doel van elke stap en enige duidelike verskille tussen die grade
4. **differensiasie**: hoe om leerders op verskillende vlakke in die soort lesse te hanteer
5. **Informele Assessering**: hoe om die soort lesse te gebruik om die leerders se dag-tot-dag-vordering te assesseer
6. **Formele Assessering**: hoe om die vaardighede en kennis wat in die soort lesse aangeleer word, elke kwartaal formeel te assesseer, gebaseer op die KABV.

Die MG is ’n hulpbron vir alle Grondslagfase-onderwysers (Graad 1–3) om saam met die OG te gebruik.

## Leerderaktiwiteitsboeke en Grootboeke: Wat om daarmee te onderrig

Die **Leerderaktiwiteitsboeke (LAB'e)** sluit die bladsye in wat deur die leerders gedurende die lesse gebruik word. Die bladsye is gerangskik in dieselfde volgorde as die aktiwiteite in die OG. Leerders voltooi sommige skriftelike aktiwiteite in die LAB, maar die langer skriftelike aktiwiteite word verkieslik in ’n oefenboek voltooi.










Die **Grootboeke (GB'e)** is ontwerp om gebruik te word wanneer die leerders op die mat sit gedurende Gedeelde Lees en Lewensvaardigheidslesse. Dit is beskikbaar vir al die kwartale in Graad 1 asook vir Kwartaal 1 en 2 in Graad 2. Die GB-bladsye kom ook in die LAB voor.

## Onderrigplan, Kwartaal 4

| Week | Tema | Hardoplees-storie | Gedeelde Lees-storie | Klanke | Begrip | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Suid-Afrika, ons spesiale tuiste | *Regoor die land* | *Regoor die land* | ng;<br>nk | | |
| 2 | Suid-Afrika, ons spesiale tuiste | *Die storie van Suid-Afrika se volkslied* | | lf;<br>lk | Voltooi veelvuldige keuse en uitgebreide teksvrae oor *Regoor ons land* | |
| 3 | Bly in kontak | *Die geskiedenis van skrif* | *Die geskiedenis van skrif* | ns;<br>nt | | |
| 4 | Bly in kontak | *Jennilee en Zane, die geheime helde* | | nd;<br>mp | Veelvuldige keuse en geslote prosedure vrae – *Gee aanwysings* | |
| 5 | Wat snags gebeur | *Sipho se droom* | *Sipho se droom* | rg;<br>rk | | |
| 6 | Wat snags gebeur | *Ngalindi, die maanman* | | rm;<br>rp | Veelvuldige keuse vrae oor die teks *Sipho se droom* | |
| 7 | Nagdiere | *Die uil-storie* | *Die uil-storie* | rs;<br>rt | | |
| 8 | Nagdiere | *Hoe die ystervark sy penne gekry het* | | rd;<br>ts | Veelvul dige keusevrae oor die teks *Feite oor ystervarke* | |
| 9 | Spesiale tye saam met familie | *Dora, die blommemeisie* | *Dora, die blommemeisie* | Hersiening:<br>nk;<br>rm | Veelvuldige keuse vrae oor die teks *Dora, die blommemeisie* | |
| 10 | Hersiening en vaslegging | | | | | |

| | Taal-strukture | Skryf | Lewens-vaardigheid: Inligtingsteks | Aanvangskennis en PSW | Skeppende Kunste | Liggaams-opvoeding |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Sien die *Funda Wande Metodiekgids* bladsy 20–21 vir die taalstrukture wat hierdie kwartaal onderrig moet word. Onderrig dit gedurende Gedeelde Lees- en Skryflesse. | GS: en OS: Inligtingsverslag<br>SS: Nuus | *Kom ons leer oor Suid-Afrika* | *Suid-Afrika is spesiaal* | VK: 'n Kaart van ons reënboognasie; teken 'n prent en kleur dit in<br>UK: Tradisionele danse | Onderwyser kies vier aktiwiteite vir die week |
| | | GS en OS: 'n Advertensie<br>Nuus | *Besoek Suid-Afrika* | *Vlae* | VK: 'n Vlag vir die klas<br>UK: Sing die volkslied | Onderwyser kies vier aktiwiteite vir die week |
| | | GS en OS: 'n Brief<br>Nuus | *Skryf soos 'n antieke Egiptenaar* | *Geheime boodskappe*<br>*Pratende tromme* | VK: Maak 'n Chinese waaier<br>UK: Mimiek – begrip sonder woorde | Onderwyser kies vier aktiwiteite vir die week |
| | | GS en OS: Naamdig (akos trigon)<br>Nuus | *Gee duidelike aanwysings* | *Begrip sonder woorde*<br>*Aanwysings* | VK: 'n Stemmingsprent<br>UK: Rolspel Gedeelde Leesstorie | Onderwyser kies vier aktiwiteite vir die week |
| | | GS en OS: 'n Resep<br>Nuus | *Hoe om brood te bak* | *Gis-eksperiment*<br>*My hoop en drome* | VK: Maak 'n droombottel<br>UK: Sing 'n wiegeliedjie met dinamika (toonsterkte) | Onderwyser kies vier aktiwiteite vir die week |
| | | GS en OS: Verhalend – My droom<br>Nuus | *Die naghemel* | *Wat is in die naghemel?*<br>*Hoe laat om te gaan slaap* | VK: Konstraterende swart-en-wit prent<br>UK: Sing met dinamika | Onderwyser kies vier aktiwiteite vir die week |
| | | GS en OS: Paragrawe<br>Nuus | *Nagdiere* | | VK: Vetkrytkrapkunswerk<br>UK: Beweeg op die maat van musiek | Onderwyser kies vier aktiwiteite vir die week |
| | | GS en OS: 'n Diere-fabel<br>Nuus | *Sien in die donker* | | VK: Maak 'n model van 'n ystervark<br>UK: Resiteer 'n gedig | Onderwyser kies vier aktiwiteite vir die week |
| | | GS en OS: 'n Feesviering<br>Nuus | *'n Feesviering* | *Spesiale feeste*<br>Wat het ek geleer? | VK: Maak handpoppe<br>UK: Hou 'n poppekasvertoning – troues | Onderwyser kies vier aktiwiteite vir die week |
| | | Hersiening en vaslegging | | | | |

## Weeklikse rooster

Aanpassings vir onderrigtyd vir die DBO se Inhaalrooster word met rooi aangedui. As jy die Inhaalrooster gebruik, pas die lesplanne soos volg aan:

- Voeg die twee lesse vir **Visuele Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Voeg die twee lesse vir **Uitvoerende Kunste** saam as een les of laat een les uit.
- Vir **Liggaamsopvoeding** kan jy voortgaan met vier aktiwiteitstasies, maar die leerders kan slegs elke twee weke roteer.
- Die **addisionele GBL-lesse** kan benut word om aktiwiteite en vaardighede wat gedurende die week aangeleer is, te hersien en vas te lê. Voorsien Onafhanklike Werk-aktiwiteite uit die DBO-werkboeke of E-klaskamer.k.

| GRAAD 2 (Minimum HT) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| **WISKUNDE*** **85 min x 4 dae + 55 min x 1 dag / 96 min x 5 dae vir die inhaalrooster** | | | | | |
| **AANVANGSKENNIS EN PSW** | | | | | |
| **15 min** | Mondeling (HT) (Lees hardop) | Mondeling (PSW) *Oplettende ek* *(Laat les weg vir die inhaalrooster)* | Mondeling (PSW) *Ek dink ek voel ...* *(Laat les weg vir die inhaalrooster)* | Mondeling (PSW) Liedjie/gedig *(Laat les weg vir die inhaalrooster)* | Mondeling (HT) (*Vind uit*: bespreking) |
| **15 min** | AK (Teksgebaseerde les) | AK (Aktiwiteit) | AK (*Vind uit*) | PSW (Aktiwiteit) | AK-aktiwiteit (*Vind uit*: Skryf) *(Laat les weg vir die inhaalrooster en vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL)* |
| **LEES EN SKRYF** | | | | | |
| **15 min** | Klanke (Nuwe letter-klank) | Klanke (Aktiwiteit) | Klanke (Klankfamilies) | Klanke (Aktiwiteit) | Klanke (Diktee/ Spoedlees woorde) |
| **15 min** | Lees (Gedeelde) | Lees (Maak sinne) | Lees (In pare en onafhanklik) | Lees | |
| **15 min** | Skryf (Nuus) | Gedeelde Skryf | Skryf | Redigeer/ Begriplees | Skryf |
| **10 min** | Inleiding tot Handskrif en Onafhanklike Werk-aktiwiteite | | | | |
| **30 min** | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite | GBL / Onafhanklike Werk-aktiwiteite |
| **10 min** | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer | Aktiwiteite van E-klaskamer |
| **15 min** | | | | | Sien na en gee terugvoering |
| **25 min** | EAT* | EAT* | EAT* | EAT* | EAT* |
| **LEWENSVAARDIGHEID** | | | | | |
| **30 min** | Visuele Kunste | Visuele Kunste *(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk uit DBO-werkboeke)* | Uitvoerende Kunste | Uitvoerende Kunste *(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk)* | |
| **30 min** | **Liggaams-opvoeding** (Inleiding) *(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk uit DBO-werkboeke)* | **Liggaams-opvoeding** (Aktiwiteitstasies) | **Liggaams-opvoeding** (Aktiwiteitstasies) *(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Onafhanklike Werk uit DBO-werkboeke)* | **Liggaams-opvoeding** (Aktiwiteitstasies) | **Liggaams-opvoeding** (Aktiwiteitstasies) *(Vir die inhaalrooster: vervang met ekstra aktiwiteit vir GBL en Vind uit: Skryf)* |

*Nie by hierdie lesplanne ingesluit nie

## Aktiwiteite vir Aktiwiteitstasies gedurende Liggaamsopvoeding, Kwartaal 4

Kies vier aktiwiteite per week deur op verskillende vaardighede te fokus.

**NOTA:** Swemaktiwiteite word hierdie kwartaal ingesluit. Alhoewel jou skool dalk nie toegang tot 'n swembad het nie, is dit steeds moontlik om hierdie aktiwiteite met emmers water te doen of deur die leerders die swem bewegings met hul liggame te laat naboots. Hou altyd veiligheid in gedagte. Die ontwikkeling van waterveiligheid is 'n noodsaaklike lewensvaardigheid.

| **Beweging** |
| --- |
| • Spring hoog; stap met groot treë; stap met klein treë; huppel; galop.<br>• Atletiek – naellope.<br>• Atletiek – aflosse. |
| **Perseptueel-motories** |
| • Vryspel en tyd om met die gebruike van 'n boontjiesak te eksperimenteer.<br>• Waarnemingspeletjies wat 'n patroon volg – plaas items in die korrekte volgorde, byvoorbeeld hardloop en plaas merkers in die regte volgorde op voorafopgestelde plekke.<br>• Flitskaarte met verskillende aksiewoorde – spring, hardloop, huppel, hop, sit, stap, staan.<br>• Tennis- en krieketaktiwiteite of bal-en-spaan-/kolfspeletjies. |
| **Ritme** |
| • Hang aan die stawe van die hangbruggie deur die oorhandgreep te gebruik.<br>• Swaai aan die horisontale stawe van die klimraam deur die oorhandgreep te gebruik.<br>• Klim op en af op trappe of balanseervorms – 10 keer.<br>• Swem- en asemhalingsoefeninge deur emmers water te gebruik. |
| **Lateraliteit** |
| • Gooi 'n bal kloksgewys- en antikloksgewys in 'n sirkelformasie.<br>• Laterale borsbewegings bv. gooi 'n bal sywaarts. L/R soos in rugby.<br>• Strek op en sywaarts. |
| **Balans** |
| • Balanseer op een been.<br>• Balanseer deur op toue, balanseerbalke te beweeg (balanseer op een been met arms horisontaal uitgestrek).<br>• Atletiek – versterkingsaktiwiteit vir verspring.<br>• Atletiek – versterkingsaktiwiteit vir hoogspring. |
| **Koördinasie** |
| • Hardloop kloksgewys en antikloksgewys in 'n sirkelformasie.<br>• Swemoefeninge – lê op rug en skop bene.<br>• Swemoefeninge – lê op maag.<br>• Swemoefeninge – skop bene en beweeg arms soos in 'n swemaksie. |
| **Sport en speletjies** |
| • Speel verskillende speletjies.<br>• Mini-krieket.<br>• Swemoefeninge – asemhalingsoefeninge. Oefen om borrels deur 'n strooitjie in water te blaas.<br>• Die leerders druk hul gesigte in water en blaas borrels. |
| **Ruimtelike oriëntasie** |
| • Volg verbale aanwysings, soos "Loop 6 treë vorentoe, 10 treë agtertoe en 3 treë na links", ens.<br>• Huppel alleen of saam met 'n maat op die speelarea. |



# Suid-Afrika, ons spesiale tuiste

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

voorgee | interessant | natuurlike skoonheid | museum | antieke

**Sinstrook**

Kom ons verbeel ons dat ons op reis deur Suid-Afrika gaan.

## ONAFHANKLIKE TAKE

1. Lees in pare **LAB bladsy 16**
2. Handskrif 1 Ss Ff
3. Handskrif 2 **Die vrou wat sing, maak my bang.**
4. Handskrif 3 **Wes-Kaap Vrystaat Gauteng Mpumalanga Noordwes**
5. DBO-werkboek vir Huistaal **Boek 2, bladsy 53**
6. DBO-werkboek vir Huistaal **Boek 2, bladsy 57**
7. DBO Lewensvaardigheid **bladsy 35**
8. Woordeboek
   **voorgee interessant natuurlike skoonheid museum antieke**

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Kaart van Suid-Afrika vir Hardoplees
- Verf, vetkryte, papier
- Toerusting vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Regoor die land



As ons die provinsies in Suid-Afrika besoek, watter interessante dinge sou ons kon sien?

Die Wes-Kaap is in die suide van die land en het 'n lang kuslyn. Die Wes-Kaap is bekend vir sy natuurlike skoonheid en vir die groot verskeidenheid plante wat daar voorkom. Een van die gewildste besienswaardighede in Kaapstad is Tafelberg.

Die Noord-Kaap is baie groot, so ook die Groot Gat in Kimberley. 150 jaar gelede het mense diamante daar ontdek. Al wat na al die jare oorgebly het, is 'n groot gat in die grond met 'n **museum** daaromheen.

Noordwes staan bekend as die platinum-provinsie, maar daar word ook goud, graniet en diamante geproduseer. By die Hartbeespoortdam in die Magaliesberge kan 'n mens allerhande soorte watersport doen of op 'n lugballonvaart gaan.



Limpopo is waar ons die murasies van die antieke stad Mapungubwe kan sien. Mapungubwe was die grootste koninkryk in Afrika tot in ongeveer 1300. Die naam Mapungubwe beteken "heuwel van die jakkals". **Argeoloë** het baie antieke voorwerpe by Mapungubwe gevind, soos, byvoorbeeld, 'n goue renoster.

Die Nasionale Kruger-wildtuin, die grootste wildreservaat in Suid-Afrika, is in Mpumalanga. In dié park is daar 147 verskillende soorte diere, wat die Groot Vyf (leeu, luiperd, olifant, buffel, renoster) insluit.

Gauteng is die kleinste provinsie, maar die provinsie met die meeste mense en nywerhede. Die watertorings in Soweto was lank terug deel van 'n kragstasie. Tans is helderkleurige muurskilderye op die torings geverf en word hulle gebruik vir buitengewone sportsoorte soos **rekspring**.

Die Vrystaat word omring deur ander provinsies. Die berge in die Golden Gate Nasionale Park bestaan uit 'n gelerige rots wat sandsteen genoem word. Die sandsteen skitter soos goud in die son.

KwaZulu-Natal is aan die oostekant van die land en het pragtige strande al langs die Indiese Oseaan. Naby Howick is daar 'n beeldhouwerk van ons eerste demokratiese president, Nelson Mandela. Dit is van groot metaalpale gemaak en 'n mens kan Madiba se gesig daarin sien as jy op die regte plek staan.

Baie bekende Suid-Afrikaners, soos Steve Biko en Siya Kolisi, is in die Oos-Kaap gebore. Die Addo Olifantpark is die tuiste van die Groot Vyf, sowel as witdoodshaaie en suidelike walvisse.

## WOORDESKAT

**museum** – 'n plek waar interessante voorwerpe (soos kuns, of dinge wat in die natuur of uit die verlede gevind is) versamel en aan die publiek vertoon word

**argeoloë** – mense wat bestudeer hoe mense in die verlede geleef het deur die oorblyfsels van voorwerpe wat hulle in die grond agtergelaat het, te ondersoek

**rekspring** – om van 'n hoë plek af te spring met 'n lang rekkerige tou wat om jou middel of bene vasgemaak word sodat die tou jou kan terugtrek voordat jy die grond tref

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Regoor die land*

OG
bl. 7
15 min



**Voor lees**
- Vra die leerders om die provinsies in Suid-Afrika te noem.

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie. Dit is belangrik dat leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Leerders reageer en sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.

## AANVANGSKENNIS *Kom ons leer van Suid-Afrika*

bl. 8
15 min




**Bestaande kennis**
- Vra die leerders om ’n paar feite oor Suid-Afrika te deel.

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**

**Bespreek**
- Die plakkaat oor Suid-Afrika gee inligting in kort punte en prente.
- Inligting oor provinsies, hoofstede en ander belangrike stede, tale, wat ons vervaardig, die klimaat.
- Bespreek die elf amptelike tale van Suid-Afrika. Laat die leerders help om dit te lys.
- Lees oor die landswapen in die DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid, bladsy 39.

## KLANKE *Die ng-klank*

bl. 9
15 min

MG
bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES *Regoor die land*

bl. 2–7
15 min




**Prentloop**
- Wat sien julle in elke prent?
- Dit is ’n strokiesprentverhaal - die teks is meestal in die spraakborrels.

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begriplees**
- Op bladsy 3, wys na die woord wat vir ons sê dat mense weet van Tafelberg.
- Op bladsy 4, wys na die woorde wat vir ons sê dat mense baie jare gelede in Mapunguwe gewoon het.
- Watter woorde sê vir ons hoe lank terug dit gebeur het?
- Op bladsy 5, wys na die woorde wat vir ons sê dat die watertorings in Soweto nie meer gebruik word om elektrisiteit te verwek nie.



## HANDSKRIF

### Handskrif

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**

- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week.
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**

- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike oefening**

- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37



5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**

- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

### 'n Kaart van ons reënboognasie

OG bl. 132

30 min



**Bespreek**

- Noem die kleure van die reënboog in die korrekte volgorde: violet (pers), indigo (donkerblou) blou, groen, geel, oranje, rooi.
- Gesels oor hoekom Aartsbiskop Desmond Tutu Suid-Afrika die Reënboognasie genoem het. (Omdat hier so baie verskillende mense is, en almal is lief vir ons land.)

**Maak vingerafdrukke**

- Deel afskrifte van die kaart op bladsy 132 uit of verskaf papier aan die leerders om 'n reënboog te teken.
- Voorsien verf in die sewe kleure van die reënboog.
- Die leerders druk hul vingerpunte in die verf en maak vingerafdrukke van verskillende kleure in elke streep op die kaart of reënboog.
- Stal uit.

**Assesseer self**

- Voltooi die rubriek op bladsy 13 (items 1–3) in die LAB.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**

- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra die leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**

- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, krappe-en-kraaie, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## DINSDAG

### WELSYN Oplettende ek

15 min

- Die leerders doen asemhalingsoefeninge om hulself te kalmeer.
- Vra die leerders om hulle oë toe te maak. Hulle asem in vir 'n telling van vyf en blaas uit vir 'n telling van vyf. Herhaal.
- Die leerders maak hul oë oop en vertel mekaar hoe dit hulle laat voel het.
- Vra of enigiemand dit al probeer het toe hulle ontsteld was.



### AANVANGSKENNIS Suid-Afrika is spesiaal

bl. 10
15 min

**Sluit aan by gister se les**
- Gesels oor wat die leerders oor Suid-Afrika geleer het.
- Lees alle stellings vir en saam met die leerders en kyk na die prente.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Pas die prente en die sinne bymekaar.
- Voltooi die sin aan die einde van die bladsy.

**Pare: Sien na**
- Kontroleer antwoorde.




### KLANKE Kies die regte woord

bl. 11
15 min
MG bl. 8–13

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**




### LEES Sinsbou

bl. 115
15 min
MG bl. 19–20

**Knip uit**
- Die leerders knip die sinstrook uit.

**Lees saam**
- Waarom is daar 'n vraagteken aan die einde van die sin?

**Vra vrae oor die sinstrook**
- Die leerders knip die woorde/ frases uit nadat al die vrae beantwoord is.
- **Wat doen?** Sal ons voorgee dat
- **Wie?** ons
- **Waar?** op 'n padreis
- **Waar?** deur Suid-Afrika
- **Wat doen?** gaan?

**Skryf die woorde in die regte volgorde om 'n sin te maak**

**Plak die sinne** in oefenboeke.





## GEDEELDE SKRYF

### Inligtingsverslag

15 min

MG bl. 38–41

**Berei voor**

- Vra: Wat is 'n feit? (*'n stelling wat ons weet waar is*)
- 'n Inligtingsverslag gee feite en besonderhede oor 'n onderwerp. Dit gee lesers inligting; dit probeer hulle nie oorreed nie.
- Wanneer ons 'n inligtingsverslag skryf, groepeer ons eers inligting, dan skryf ons 'n paragraaf oor elke onderwerp.
- Kyk na LAB bladsy 8 as 'n voorbeeld van feite wat onder opskrifte gegroepeer is

**Wys die skryfraam**

- Opskrif: voeg die naam van 'n provinsie hier in.
- Onderwerpe van paragrawe in hierdie verslag: voeg feite oor elke onderwerp in.

**Dinkskrum**

- Kies 'n provinsie om na te vors en oor te skryf.
- Watter feite weet ons?

**Gedeelde Skryf**

- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om 'n paragraaf oor elke onderwerp (opskrif) te skryf.








## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27

**Kontroleer Handskrif**

- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.







## VISUELE KUNSTE

### Teken

30 min

**Berei voor**

- Die leerders dink aan 'n plek in Suid-Afrika wat hulle graag sal wil besoek.. Hulle kan kies uit die prente van die Gedeelde Lees-teks.

**Teken**

- Die leerders teken en kleur hul prente van die plek in.

**Stal uit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**



## WOENSDAG

### WELSYN — Ek dink, ek voel …

15 min



**Vraag**
- Hoe voel ek oor my land?

**Pare**
- Bespreek die vraag.
- Onthou dat party leerders hul menings oor 'n ander land mag gee.

**Deel**
- Kies twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elke leerder 'n kans deur die loop van die kwartaal).

### AANVANGSKENNIS — Kompasse

bl. 12
15 min
MG bl. 45




**Maak 'n KWL-kaart oor kompasrigting**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.

### KLANKE — Die nk-klank

bl. 13
15 min
MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**

### LEES — *Regoor die land*

bl. 2–4
15 min




**Lees saam**
- Lees die eerste drie bladsye van *Regoor die land* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.



## SKRYF — My provinsie

15 min



**Berei voor**
- Hersien die formaat van die inligtingsverslag.
  - Feite word saamgegroepeer.
  - Daar is 'n paragraaf oor elke groep.
  - 'n Verslag bevat nie menings nie.
- Herlees die Gedeelde Skryf-teks.

**Skryf**
- Die leerders skryf 'n feitelike verslag oor hul eie provinsie.
- Hou 'n dinkskrum oor feite vir paragrawe oor dorpe, tale, produkte, weer.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min



**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE — Kom ons dans

30 min



**Warm op**
- Speel *Vries!* met die klas.

**Leer 'n dans**
- Leer 'n tradisionele Suid-Afrikaanse dans vir die klas aan – kies danspassies wat die klas kan doen.
- Ondersteun en help die leerders om die bewegings te leer.

**Groepe**
- Die leerders oefen 'n reeks bewegings vir die dans wat jy gekies het.



## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

> Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## DONDERDAG



### LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min



**Ek is lief vir my land!**

Dit is soos ons vlag.
Blou soos die oseane en die lug.
Groen soos die gewasse en woude.
Geel soos die minerale uit ons myne.
Rooi, swart en wit soos die moed van ons mense,
Wat in eenheid voorwaarts beweeg.



### AANVANGSKENNIS — My land

bl. 14
15 min


DATUM

My land

Lees die gedig. Beantwoord die vrae.

Ek is lief vir my land!
Dit is soos ons vlag.
Blou soos die oseane en die lug.
Groen soos die gewasse en woude.
Geel soos die minerale van ons myne.
Rooi, swart en wit soos die moed van ons mense,
Wat in eenheid voorwaarts beweeg.

Waarvan hou jy in jou land?

Waarvan hou jy in jou provinsie?

14 • WEEK 1 • DONDERDAG

**Bestaande kennis**
- Herhaal die gedig van die Luister en Praat-les.

**Lees die bladsy**
- Lees en wys na die woorde soos julle die gedig lees.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Die leerders beantwoord die vrae skriftelik.



### KLANKE — Skryf jou eie sinne

15 min
MG bl. 8–13




**Oefen klanke**
- Teen ’n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**
- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2-3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Die leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**



### LEES — Woordeskat en taal

15 min




**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woord in die LAB.
- Sit die flitskaarte teen die woordmuur en lees hulle weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woord dui aan dat dit nou gebeur? (*gaan*)
- Kyk na die woord “voorgee”. Watter ander werkwoord kon ons gebruik het? (*sê, verbeel, speel, toneelspeel*)



## SKRYF Verbeter ons skryfwerk

15 min



**Bespreek Gedeelde Skryf**
- Lees 'n sin van Dinsdag se Gedeelde Skryf vir die leerders.
- Kies 'n woord uit die sin en wys hoe dit vervang kan word met 'n meer interessante sinoniem (bv. "sonnig" kan vervang word met "helder", "blou lug", ens.)

**Pare: Lees, sien na en verbeter**
- Die leerders lees 'n sin van hul vorige dag se skryfwerk aan 'n maat.
- Kontroleer die spelling en leestekens van die sin saam met.
- Kan julle julle sin meer interessant maak deur 'n sinoniem vir een woord te gebruik?





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37



5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Uitvoering

30 min



**Groepwerk**
- Groepe oefen die dans wat hulle die vorige dag ontwikkel het.

**Voer op**
- Elke groep voer hul dans vir die klas uit.
- Prys en lewer kommentaar.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT Kompasse

bl. 12
15 min

Party name van die provinsies sluit kompasrigtings in: Oos-Kaap, Wes-Kaap, Noord-Kaap, Noordwes. Verduidelik dat die rigting noordwes tussen noord en wes is.

Die son kom altyd op in die ooste en sak altyd in die weste, maak nie saak waar jy in die wêreld is nie.

**Pare**
- Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**
- Vra 'n paar leerders om hul inligting met die klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart (*Ken*, *Wil weet*, *Geleer*).
- Bespreek en verskaf meer inligting.




## AANVANGSKENNIS Kompasse

15 min

**Skryf en teken wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



## KLANKE Spoedlees woorde

bl. 15
15 min
MG
bl. 16-17

**Pare lees die woorde**
- Die leerder lees vir 1 minuut vir 'n maat.
- Hou self die tyd.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**
- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hul beste telling neer.
- Verduidelik dat hulle meer woorde sal kan lees hoe meer hulle oefen.


DATUM
Spoedlees woorde
Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| kos | mes | kiep | som | soen |
| aan | koud | grap | wees | ring |
| hom | dag | kous | pas | deel |
| boos | leer | bek | tak | klank |
| pot | graaf | doof | hoes | poel |
| stoep | tien | deur | gat | tong |
| krom | fraai | self | wit | fluit |
| wet | draak | skeur | mier | dink |
| pyp | neut | klein | hoop | duim |
| ram | skoen | bring | kwaad | tenk |

Hoogste telling: ............ woorde per minuut
WEEK 1 • VRYDAG • 15

## SKRYF My nuus

15 min

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare**
Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

**MG bl. 31–37**

**5 min + 30 min**

**MG bl. 24–27**





## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam met die leerders deur die DBO-werkboekaktiwiteite.

**15 min**





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**30 min**

**MG bl. 51–52**

**Warm op**

**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Suid-Afrika, ons spesiale tuiste

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

kragstasie | ontspan | geskiedenis | berge | standbeeld

**Sinstrook**

Ons kan meer van die Suid-Afrikaanse geskiedenis leer deur Robbeneiland te besoek.

## ONAFHANKLIKE TAKE

1. Lees in pare **LAB bladsy 26**
2. Handskrif 1  Llli
3. Handskrif 2 **Jan smeer self salf aan die seer, want hy is al elf.**
4. Handskrif 3 **Limpopo Oos-Kaap Noord-Kaap KwaZulu-Natal**
5. DBO-werkboek vir Huistaal **Boek 2, bladsy 75**
6. DBO-werkboek vir Huistaal **Boek 2, bladsy 78**
7. DBO Lewensvaardigheid **bladsy 36**
8. Woordeboek
   **kragstasie berge standbeeld ontspan geskiedenis**

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE



- Groot velle papier en verf of kryte vir klasvlae
- Apparaat vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

# Die storie van Suid-Afrika se volkslied



'n Land se volkslied is 'n amptelike lied wat by belangrike nasionale geleenthede gesing word. In die lied word die land geprys en dit laat die mense voel hulle hoort saam.

Die eerste deel van Suid-Afrika se volkslied is deel van 'n gebed met die naam "Nkosi Sikelel' iAfrika" (God seën Afrika). Dit is meer as 'n honderd jaar gelede deur Enoch Sontonga in isiXhosa geskryf. Hy het van die Oos-Kaap gekom, maar by 'n skool naby Johannesburg skoolgehou. Later het hy die musiek gekomponeer en dit het 'n gewilde isiZulu-**loflied** geword wat deur 'n koor in Johannesburg gesing is. Dit het so bekend geword dat dit op die eerste vergadering van die South African Native National Congress, wat later die African National Congress (ANC) geword het, gesing is.



In 1923 het 'n jong Tswana-man met die naam Sol Plaatje dit reggekry om 'n **opname** van "Nkosi Sikelel' iAfrika" in Londen te laat maak. 'n Suid-Afrikaanse wit vrou met die naam Sylvia Colenso het die klavier vir die opname gespeel.

'n Sesotho-weergawe is in 1942 deur Moses Mphahlele geskryf.

Selfs in daardie vroeë jare het die lied die verskillende volke van Suid-Afrika bymekaargebring..

Ons volkslied is geskryf deur 'n Xhosa-man, eers gesing in isiZulu, opgeneem deur 'n Tswana-man, **begelei** deur 'n Engelse pianis, en vertaal deur 'n Sotho-man. Vier ander Afrika-lande het weergawes hiervan vir hul volksliedere gebruik.

Aan die einde van apartheid in 1994, het die nuwe Suid-Afrika 'n nuwe volkslied nodig gehad. Die president, Nelson Mandela, wou dele van "Nkosi Sikelel' iAfrika" en dele van "Die Stem", die apartheidsvolkslied van Suid-Afrika, saamvoeg om 'n nuwe volkslied te skep.

Om die rede kom die eerste deel van ons volkslied uit "Nkosi Sikelel' iAfrika" en word dit in isiXhosa, isiZulu en Sesotho gesing, en die tweede deel kom uit "Die Stem" en word in Afrikaans en Engels gesing. In 2017 is ons volkslied aangewys as die beste volkslied ter wêreld.



## WOORDESKAT

**loflied** – 'n godsdienstige lied om te prys

**opname** – vasgelê op band of film, of neergeskryf sodat dit herhaaldelik gesien of geluister kan word

**begelei** – speel 'n musiekinstrument terwyl iemand anders sing

# MAANDAG

## HARDOPLEES — *Die storie van Suid-Afrika se volkslied*

OG bl. 19 | 15 min

### Voor lees
- Vra: Is hier dalk iemand wat 'n ander volkslied ken?

### Lees die storie hardop, met uitdrukking
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie. Dit is belangrik dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

### Na lees
- Die leerders reageer en sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.



## AANVANGSKENNIS — Besoek Suid-Afrika!

bl. 17 | 15 min

### Bestaande kennis
- Wat is die doel van 'n advertensie?

### Lees die bladsy
- Kyk na die advertensie en lees die teks.
- Waarvan probeer die advertensie jou oortuig?

### Bespreek die vrae
- Vir wie , dink julle, is die advertensie? Mense wat in Suid-Afrika woon, of mense wat elders woon? Hoekom?
- Wat wil die advertensie hê jy moet doen?
- Hoe, dink julle, sal mense van oorsee voel wanneer hulle die advertensie lees?




## KLANKE — Die lf-klank

bl. 18 | 15 min
MG bl. 8–13

### Stel die klank bekend
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

### Identifiseer woorde met die klank
- Die leerders kan nog woorde gee.

### Pare
- Lees die woorde.

### Skryf
- Skryf woorde vir die prente.

### Lees die sin




## LEES — *Regoor die land*

bl. 5–7 | 15 min

### Prentloop
- Vir wie kan julle in elke raam van die strokiesprent sien? Wat gebeur?

### Lees die hele storie vir en saam met die leerders
- Die leerders wys met hul vingers na die woorde.

### Begrip
- Op bladsy 5, wys na die woord wat vir ons sê dat baie mense van die Nasionale Krugerwildtuin weet.
- Op bladsy 6, wys na die woorde wat vir ons sê dat ons nou in die Vrystaat ry.
- Op bladsy 7, wys na woord wat vir ons sê dat ons is waar ons begin het.





## HANDSKRIF Handskrif

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week.
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike Werk**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike werk**
- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE Maak 'n vlag vir die klas

30 min



**Bespreek**
- Die leerders werk in groepe en maak 'n vlag vir die klas.
- Vra vir die leerders watter simbole hulle graag op hul vlag wil hê, bv. die graadnommer, waarvan hulle hou om te doen (sokkerbal, kryte), ens.
- Watter kleure wil hulle graag gebruik en waarom?

**Groepe: Beplan**
- Groepe besluit op kleure, tekens, en ontwerp van 'n vlag.
- Indien die groepe klein genoeg is, kan elke leerder hul eie deel van die vlag maak.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra die leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, krappe-en-kraaie, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG

## WELSYN Oplettende ek

15 min



- Herinner die leerders dat lag jou beter laat voel wanneer jy hartseer is.
- Die leerders werk in pare. Hulle kyk stip in mekaar se oë en probeer om nie te lag nie.
- Vra die leerders of dit maklik was om nie te lag nie.

## AANVANGSKENNIS Vergelyk die vlae

bl. 19
15 min




**Bestaande kennis**
- Vra die leerders om die Suid-Afrikaanse vlag te bespreek met dit wat hulle onthou.

**Lees**
- Kyk saam met die leerders na die vlae.
- Verduidelik wat horisontale en diagonale strepe beteken. Help die leerders om die prente wat op die vlae is te identifiseer (*voël*, *son en hoed*).
- Lees die name van die lande vir en saam met die leerders.

**Antwoord**
- Kyk na elke vlag en voltooi die tabel.
- Beantwoord die vraag in 'n volsin.

**Kontroleer**
- Laat die leerders hul antoowrd met 'n maat kontroleer.

## KLANKE Vul die ontbrekende klanke in

bl. 20
15 min
MG bl. 8–13




**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES Sinsbou

bl. 115
15 min
MG bl. 19–20




**Knip uit**
- Die leerders knip die sinstrook uit.

**Lees saam**

**Vra vrae oor die sinstrook**
- Die leerders knip die woorde/frases uit nadat al die vrae beantwoord is.
- **Wie?** Ons
- **Hoeveel?** kan meer
- **Waar?** omtrent Suid-Afrika
- **Se wat?** se geskiedenis
- **Wat?** leer
- **Hoe?** deur Robbeneiland
- **Wat?** te besoek.

**Skryf die woorde in die regte volgorde om 'n sin te maak**

**Plak die sinne** in oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF

### 'n Reisadvertensie

15 min

MG bl. 38–41

**Inleiding**
- Advertensies probeer mense oorreed om te koop of iets te doen (sien bladsy 17 in die LAB).

**Wys die skryfraam**
- Banieropskrif: Dui aan waaroor die advertensie gaan.
- Drie redes: Dit moet interessant wees en mense oorreed om Suid-Afrika te kom besoek. Gebruik beskrywende woorde, bv. **avontuurlike** safaris, **fantastiese** watersport, **interessante** geskiedenis, ens.
- Prente.
- Slagspreuk: 'n kort frase om mense aan te moedig om Suid-Afrika te kom besoek.

**Dinkskrum**
- Oor watter provinsie sal ons skryf?
- Watter drie plekke sal ons graag wil hê mense moet besoek?
- Watter treffende slagspreuk sal ons hê?

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die advertensie op die bord te skryf.








## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27







## VISUELE KUNSTE

### Maak 'n vlag vir die klas (vervolg)

30 min

**Teken**
- Gee aan elke groep 'n groot vel papier of plak A4-papier aanmekaar om 'n groot bladsy te maak.
- Die leerders werk saam om die vlag wat hulle die vorige dag ontwerp het, te teken en in te kleur/verf.

**Stal uit**
- Groepe wys en beskryf hul vlae aan die res van die klas.
- Hulle verduidelik hul keuse van tekens.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwitiweiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**



# WOENSDAG

## WELSYN Ek dink, ek voel …

15 min



**Vrae**
- Is daar 'n ander land wat julle graag sal wil besoek?
- Wat sal julle graag daar wil sien?

**Pare**
- Bespreek die vraag.

**Deel**
- Kies twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee deur die loop van die kwartaal aan almal 'n kans).

## AANVANGSKENNIS Die Uniegebou

bl. 21
15 min
MG bl. 45




**Maak 'n KWL-kaart oor die Uniegebou**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.

## KLANKE Die lk-klank

bl. 22
15 min
MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES *Regoor die land*

bl. 5–7
15 min




**Lees saam**
- Lees die tweede helfte van *Regoor die land* in die LAB saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om elkeen een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die laaste drie bladsye van die storie.



## SKRYF 'n Advertensie

15 min



**Berei voor**

- Bespreek wat 'n advertensie is.
- Herinner die leerders aan die reisadvertensie wat hulle Dinsdag in Gedeelde Skryf geskryf het.
- Die leerders gaan hul eie reisadvertensie vir 'n ánder plek maak.
- Dinkskrum woorde vir toeriste-aantreklikheid (bv. *opwindend*, *asemrowend*, *ongelooflik*)

**Skryf**

- Die leerders voltooi die skryfraam.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min



**Kontroleer Handskrif**

- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**

- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Sing die volkslied

30 min



**Warm op**

- Neurie met toe lippe en maak dan die mond oop om harder geluide te maak.

**Onderrig**

- Leer die woorde van die volkslied vir die leerders aan.
- Help die leerders om die woorde te memoriseer.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

**15 min**

Op die wyse van die Engelse liedjie ***Where are you from?***

Waar kom jy vandaan? *(hande uitgestrek)*
Waar kom jy vandaan?
Waar kom jy vandaan?
Waar kom jy, waar kom jy vandaan?

Ek is van die Wes-Kaap *(wys na die kaart)*
Ek is van die Oos-Kaap *(wys na die kaart)*
Ek is van die Noord-Kaap *(wys na die kaart)*
Ek is van Noordwes *(wys na die kaart)*
Ek is van Limpopo *(wys na die kaart)*
Ek is van Mpumalanga *(wys na die kaart)*
Ek is van die Vrystaat *(wys na die kaart)*
Ek is van KwaZulu-Natal *(wys na die kaart)*
Ek is van Gauteng *(wys na die kaart)*

En ons is lief vir al ons provinsies!

## AANVANGSKENNIS — Ons volkslied

**bl. 23**
**15 min**

**Bestaande kennis**
- Kan julle die woorde onthou wat julle tot dusver van die volkslied geleer het?

**Lees die bladsy**
- Lees die woorde vir en saam met die leerders.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Wys na die woorde terwyl hulle die volkslied sing.


DATUM

Ons volkslied

**Lees die woorde saam met jou onderwyser. Oefen die volkslied.**

Nkosi sikelel' Afrika
Maluphakanyisw' uphondo lwayo
Yizwa imithandazo yethu
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo

Morena boloka setjhaba sa heso
O fedise dintwa le matshwenyeho
O se boloke, o se boloke setjhaba sa heso
Setjhaba sa South Afrika – South Afrika

Uit die blou van onse hemel
Uit die diepte van ons see
Oor ons ewige gebergtes
Waar die kranse antwoord gee

Sounds the call to come together
And united we shall stand
Let us live and strive for freedom
In South Africa our land

WEEK 2 • WOENSDAG • 23

## KLANKE — Skryf die woorde reg neer

**bl. 24**
**15 min**
**MG bl. 8–13**

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**


DATUM

Skryf die woorde reg neer

1. rtie — tier
2. lfas
3. lkme
4. glfo
5. olfw
6. lkav
7. wlko
8. blku

24 • WEEK 2 • DONDERDAG

## LEES — Woordeskat en taal

**15 min**

**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die LAB.
- Sit die flitskaarte teen die woordmuur en lees hulle weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woorde sê vir ons dat dit in die teenwoordige tyd is. *(kan)*
- Hoe sal julle dit in die verlede tyd sê? *(Ons kon meer oor … geleer het.)*





## SKRYF Leesbegrip

**bl. 25**

**15 min**


DATUM

Begrip

**Lees die storie** Regoor die land**.**

1 Waar kan jy Tafelberg sien?
○ Oos-Kaap ○ Wes-Kaap ○ Noord-Kaap

2 Waar blink die berge soos goud?
○ Limpopo ○ Mpumalanga ○ Vrystaat

3 Plaas die provinsies in die volgorde waarin hulle besoek is.

| | |
|---|---|
| 8 | KwaZulu-Natal |
| | Wes-Kaap |
| | Limpopo |
| | Oos-Kaap |
| | Noordwes |
| | Vrystaat |
| | Mpumalanga |
| | Noord-Kaap |
| | Gauteng |

4 Watter plek sal jy die graagste wil besoek? Waarom?

WEEK 2 • DONDERDAG • 25

**Stillees**
- Die leerders lees weer die storie *Regoor die land*.

**Beantwoord die vrae**
- Die leerders moet dit nie uit hulle geheue doen nie. Hulle moet die antwoorde in die teks vind.

**Kontroleer die antwoorde saam**





## GROEPBEGELEIDE LEES

**MG bl. 31–37**

**5 min + 30 min**

**MG bl. 24–27**





**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Sing die volkslied

**30 min**



**Sing**
- Groepe sing die volkslied.

**Evalueer**
- Prys en gee applous vir elke groep.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**30 min**



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

## VRYDAG

### LUISTER EN PRAAT — Die Uniegebou

bl. 21
15 min




Die Uniegebou is in Pretoria. Dit is die amptelike gebou van die regering van Suid-Afrika. Die kantore van die president van Suid-Afrika is in die Uniegebou. Baie belangrike geleenthede het al hier plaasgevind. Kyk na die prent. Julle sal sien dat die gebou simmetries is – die linker- en regterkant van die gebou is dieselfde. Ons sê hulle is spieëlbeelde van mekaar.

**Pare**
- Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**
- Vra 'n paar leerders om hul menings met die klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart.
- Bespreek en verskaf meer inligting.

### AANVANGSKENNIS — Die Uniegebou

15 min

**Skryf en teken oor wat jy uitgevind het**
- Skryf iets wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



### KLANKE — Diktee

15 min
MG bl. 10

**Lees die woorde vir diktee**
- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een keer.

**Skryf**
- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif doen.

**Kontroleer en korrigeer**
- Skryf die woorde op die bord vir die leerders om na te sien.

tong
melk
wolk
wolf
tenk

### SKRYF — My nuus

15 min




**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare**
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.




## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27




**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam met die leerders deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Die leerders korrigeer of voltooi hul werk.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week ’n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Bly in kontak



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

voordat | prente | simbole | klei | klanke

**Sinstrook**

Voordat skrif bestaan het, moes mense vir mekaar alles vertel wat hulle moes weet. Hulle moes ook onthou wat hulle gehoor het.

## ONAFHANKLIKE TAKE

1. **Lees in pare** LAB bladsy 42
2. **Handskrif 1**  Rr Mm
3. **Handskrif 2** Mamma sit 'n bont lint in my hare.
4. **Handskrif 3** praat luister lees skryf
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 86
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 87
7. **DBO Lewensvaardigheid** bladsy 44
8. **Woordeboek**
   voordat prente simbole klei klanke

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Dun verf in verskillende kleure en dik swart verf
- A4 papier om op te verf
- Toerusting vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Die geskiedenis van skrif



Voordat mense kon skryf, moes hulle mondelings vir mekaar vertel wat hulle moes weet. Hulle moes ook alles onthou wat hulle gehoor het. Dit was moeilik, en boodskappe is dikwels verkeerd oorvertel. Mense het daarom prente begin teken om hulle te help om te onthou wat hulle moes of wou onthou. Vandag kan ons steeds van hierdie prente in grotte sien. Om te teken neem egter lank, en daarom het mense regoor die wêreld begin om simbole of tekens te gebruik om hul idees voor te stel.

Sowat 5 000 jaar gelede het sakemanne in Mesopotamië die eerste werklike skryfstelsel ontwikkel. Hulle het aangeteken wat hulle gekoop en verkoop het deur sekere soorte merke op plat stukke klei te maak.

Die antieke Egiptenare het simbole geteken wat klanke voorgestel het. Die soort skrif is **hiërogliewe** genoem. Hulle het geskryf op papier wat van riete gemaak was en papirus genoem was.

In China het mense ook duisende jare gelede begin skryf deur kwaste en ink te gebruik. Hulle gebruik vandag steeds hierdie soort skrif. Hulle gebruik simbole om hul idees voor te stel. Die Chinese skryf in kolomme van bo na onder op 'n bladsy, en van regs na links.




Arabies is nog 'n soort skrif wat vir duisende jare dieselfde gebly het. Dit word van regs na links geskryf en gelees. Arabiese skrif het 28 letters wat klanke voorstel.

Baie tale word geskryf met die alfabet wat die eerste keer in antieke Rome gebruik is. Daar is 26 letters in hierdie alfabet. Die letters of groepe letters stel verskillende klanke voor. Ons lees hierdie alfabet van bo na onder op 'n bladsy, van links na regs. Hierdie alfabet kan in baie verskillende style geskryf word. Party mense gebruik die letters in drukskrif, en ander in **lopende skrif**. Wanneer ons op 'n rekenaar tik, kan ons die **lettertipe** of styl, kleur, vorm en grootte van ons letters kies.

Skryf is baie belangrik. Vandag kan enige mens enigiets lees wat op enige plek in die wêreld geskryf is. Mense kan ook goed lees wat honderde jare gelede geskryf is. Skryf help ons om ons idees en woorde te bewaar en oor te dra aan die mense wat ná ons sal leef.

## WOORDESKAT

**hiërogliewe** – tekeninge wat in antieke Egipte en ander antieke beskawings gebruik is om klanke en woorde voor te stel

**lopende skrif** – saamgevoegde skrif waarin 'n woord geskryf word sonder om die pen van die papier af te lig

**lettertipe** – styl van 'n gedrukte letter (nie handgeskrewe nie)

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Die geskiedenis van skrif*

OG
bl. 31
15 min



**Voor lees**
- Vra die leerders om te sê wat hulle graag skryf.

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie. Dit is belangrik dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- ie leerders reageer en sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.

## AANVANGSKENNIS *Skryf soos 'n antieke Egiptenaar*

bl. 34
15 min




**Bestaande kennis**
- Waar is Egipte op die wêreldkaart?
- Meer as 5000 jaar gelede het die Egiptenare geskryf deur prente en simbole in plaas van letters en woorde te gebruik.

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**
- Verskillende simbole verteenwoordig verskillende letters.
- Kan julle die letters vir jul skool se naam vind?

**Skryf name in hiërogriewe**
- Die leerders skryf hul name deur die prente in die LAB te gebruik.
- Hulle deel hul hiërogliewe-naam met 'n maat.

## KLANKE *Die ns-klank*

bl. 35
15 min

MG
bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES *Die geskiedenis van skrif*

bl. 28–33
15 min




**Prentloop**
- Wat gebeur in elke prent sien?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys met hulle vingers na die woorde.

**Begrip**
- Op bladsy 28, wys na die tydwoorde, bv. voordat, later.
- Op bladsy 29, wys na die woord wat dieselfde beteken as 'n merk wat 'n sekere idee voorstel.
- Op bladsy 30, wys na die tydwoord wat vir ons sê dat hulle nie presies weet wanneer skrif in Mesopotanië begin het nie. (*ongeveer*)



## HANDSKRIF Handskrif

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week.
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike oefening**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE 'n Chinese waaier

bl. 119

30 min




**Bespreek**
- Kyk na die Chinese kunswerk op bladsy 119 in die LAB. Wat sien julle?
- Verduidelik hoe die ou Chinese kuns dikwels die natuur uitgebeeld het en ook gereeld skryfwerk ingesluit het.
- Die kunstenaar sou hierdie karakters geskilder het deur 'n verfkwas en ink te gebruik.

**Oefen kwashale**
- Boots die Chinese-skrif op die uitknipbladsy na. Gebruik verfkwaste, indien beskikbaar, of vetkryte.

**Stal uit**



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, krappe-en-kraaie, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG



## WELSYN Oplettende ek

15 min



- Herinner die leerders aan die Chinese simbool vir luister (LAB bladsy 43).
- Verduidelik dat wanneer ons luister ons nie net ons ore gebruik nie, maar ook ons oê en ons hart.
- Die leerders vertel in pare vir mekaar van hul families.
- Vra vir hulle om met hul ore te luister, maar om ook na hul maat te kyk en om te dink aan hoe hul maat voel.
- Een of twee leerders deel hoe dit gevoel het om op hierdie manier te luister.



## AANVANGSKENNIS Geheime boodskappe

bl. 36

15 min




**Bespreek**
- Gesels oor waarom julle 'n private boodskap sou wou stuur wat net die persoon wat dit ontvang, sal verstaan.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Voltooi die tabel deur die blokke in volgorde te nommer.
- Skryf gekodeerde boodskappe deur die nommers saam met die klas te gebruik, bv. Ek is in graad twee = 5–11/9–19/9–14/7–18–1–1–4/20–23–5–5
- Die leerders skryf 'n boodskap deur die kode te gebruik.

**Pare**
- Deel die boodskap met 'n maat.
- Gebruik die tabel om die boodskap te ontsyfer.

**Lees**
- Lees die teks oor ander kodes vir en saam met die klas.



## KLANKE Kies die regte woord

bl. 37

15 min

MG bl. 8–13




**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**



## LEES Sinsbou

bl. 117

15 min

MG bl. 19–20




**Knip uit**
- Die leerders knip die sinstrook uit.

**Lees saam**
- Wat is die tydswoord in sin 1?
- Van wie praat ons wanneer ons as ons die woord "hulle" gebruik?

**Vra vrae oor die sinstrook**
- Die leerders knip die woorde/frases uit nadat al die vrae beantwoord is.
- **Wanneer?** Voordat
- **Wat?** skrif bestaan het
- **Het wat gedoen?** moes
- **Wie?** mense
- **Vir wie?** vir mekaar
- **Het wat gedoen?** alles vertel wat
- **Wie?** hulle
- **Waarom?** moes weet.
- **Wie?** Hulle
- **Het wat gedoen?** moes ook onthou
- **Wat?** wat hulle gehoor het.

**Skryf die woorde in die regte volgorde om 'n sin te maak**

**Plak die sinne** in oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF

**'n Brief**

15 min

MG bl. 38–41




**Inleiding**

- Wat kan julle nog onthou van briewe skryf? (*Aanhef/groet aan die begin, groet aan die einde)*

**Wys die skryfraam**

- Adres
  - Adres/Straat en nommer
  - Dorp/Stad
  - Poskode
  - Datum
- Groet en slot

**Dinkskrum**

- Wat het ons hierdie week by die skool geleer?
- Waarom het ons dit geniet?
- Vir wie sal ons hieroor skryf?

**Gedeelde Skryf**

- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die brief op die bord te skryf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer Handskrif**

- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

**'n Chinese waaier (vervolg)**

30 min



**Verf**

- Gebruik dun verf of vetkryte, en laat die leerders berge en bome op A4 papier verf/teken.
- Die leerders kopieer een of meer Chinese simbole aan die een kant van die papier.

**Skep**

- Vou die papier soos 'n konsertina om 'n waaier te maak.
- Kram die onderste deel vas.

**Stal uit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

# WOENSDAG



## WELSYN — Ek dink, ek voel ...

15 min



**Vraag**
- Aan wie wil julle 'n geheime boodskap stuur?
- Waarom moet dit 'n geheim wees?

**Pare**
- Bespreek die vrae.

**Deel**
- Kies twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elkeen 'n kans deur die loop van die kwartaal).



## AANVANGSKENNIS — Hoe skrif verander het

bl. 38
15 min
MG bl. 45




**Maak 'n KWL-kaart oor hoe skrif verander het**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.



## KLANKE — Die nt-klank

bl. 39
15 min
MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**



## LEES — *Die geskiedenis van skrif*

bl. 28–30
15 min




**Lees saam**
- Lees die eerste drie bladsye van *Die geskiedenis van skrif* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om elkeen een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.



## SKRYF 'n Brief

15 min

MG bl. 38–41



**Hersien die formaat van 'n brief**
- Adres, groet en slot
- Leestekens

**Skryf**
- Die leerders skryf 'n brief aan 'n vriend oor wat hulle die week van geheime kodes geleer het.
- Voeg 'n geheime boodskap by deur een van die kodes wat hulle geleer het te gebruik.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min



**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Kommunikeer sonder woorde

30 min



**Demonstreer**
- Verduidelik hoe om 'n woord te verduidelik deur 'n speletjie te speel met aksies en bewegings sonder om te praat, bv. name van TV-programme of films.
  - Dui die aantal woorde met jul vingers aan.
  - Wys elke woord, bv. gevries – omhels jouself en bewe asof jy baie koud kry.
  - Die gehoor moet die program se naam raai.
- Demonstreer 'n voorbeeld.

**Pare**
- Die leerders werk in pare hul eie mimiek uit.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min

Ek kan trom speel!
Ek kan trom speel!

Op my kop – klop-klop!
Op my maag – klop-klop!
Op my knieë – klop-klop!
Op my boude– klop-klop!

Ek kan trom speel!
Ek kan trom speel!

Op my wange – klop-klop!
Op my skouers – klop-klop!
Op my heupe – klop-klop!
Op my boude – klop-klop!

Ek kan trom speel!
Ek kan trom speel!

Op my elmboë – klop-klop
Op my kennebak – klop-klop!
Op my bo-bene – klop-klop!
Op my boude– klop-klop!

Ek kan trom speel!
Ek kan trom speel!

## AANVANGSKENNIS — Pratende tromme

bl. 40

15 min




**Bestaande kennis**
- Hersien die resitasie oor tromme.

**Lees die bladsy**
- Wat wys die prent vir ons?
- Wat doen die mense?
- Watter boodskap, dink julle, stuur die man?

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Werk saam met 'n maat.
- Maak 'n tromsein op om te sê dat iets/iemand gelukkig, hartseer, gevaarlik, ens. is.

## KLANKE — Skryf jou eie sinne

15 min

MG bl. 8–13




**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**
- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2–3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Die leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES — Woordeskat en taal

15 min



**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die LAB.
- Sit die flitskaarte teen die woordmuur en lees hulle weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woorde dui aan dat dit in die gelede gebeur het? (*moes, gehoor*)
- Is *Voordat skrif bestaan het*, 'n volsin? (*nee*)
- Indien jy die woorde *Voordat skrif bestaan het*, weglaat, sou die sin steeds sin maak? (*Nee, en ons sou ook nie geweet het **wanneer dit gebeur** het nie.*)



## SKRYF Verbeter ons skryfwerk

15 min

**Bespreek Gedeelde Skryf**
- Lees 'n sin van Dinsdag se Gedeelde Skryf vir die leerders.
- Kies 'n woord uit die sinne en wys hoe om dit meer interessant te maak deur 'n byvoeglike naamwoord in te voeg, bv. Ons het van **geheime** kodes geleer. My lekkerste deel was die **opwindende** en **geheimsinnige** boodskappe wat ons geskryf het.
- Help die leerders om byvoeglike naamwoorde en beskrywende frases by hul stellings te voeg.

**Pare: Lees, kontroleer en verbeter**
- Die leerders Lees 'n sin van hul skryfwerk van gister aan 'n maat.
- Maak jul sinne meer interessant deur byvoeglike naamwoorde in te voeg.
- Kontroleer die spelling en leestekens van die sin saam met die leerders.






## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27






## UITVOERENDE KUNSTE Mimiek

30 min

**Voer op**
- Elke paar voer die mimiekstuk wat hulle die vorige dag geoefen het, vir die klas op.
- Die res van die klas probeer raai watter TV-program of fliek hulle probeer uitbeeld.

**Evalueer**
- Prys en gee applous vir elke paar.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Hoe skrif verander het

**bl. 38**
**15 min**

Toe van die ouer mense op skool was, het hulle met kryt of 'n spesiale leipen (griffel) op 'n lei geskryf. Dit was moeilik, want die leie was swaar om te dra en jy moes alles uitvee wat jy geskryf het om plek te maak vir nuwe werk.

Ander ouer mense het weer penne met staalpunte, wat hulle in ink gedoop het, gebruik. Sommige skoolbanke het houers gehad waarin die inkpot gestaan het. Jy moes tussen elke woord jou pen in die pot met ink doop en dan skryf. Dit het baie lank ink was nat so dit kon maklik papier bemors. Onderwysers en party onderwysers het selfs gegee wanneer hulle ink op hul het. Soms het jy sagte papier, genoem was, gebruik om te keer die papier verder bemors nie. In die ink in poeiervorm en moes 'n met water meng en dán die inkpotjies volmaak.

**Pare** Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**
- Vra 'n paar leerders om hul menings met die klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart.
- Bespreek en gee meer inligting.






## AANVANGSKENNIS — Hoe skrif verander het

**15 min**

**Skryf en teken wat julle uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat julle geleer het.
- Teken 'n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.





## KLANKE — Spoedlees woorde

**bl. 41**
**15 min**
**MG bl. 16–17**

**Pare lees die woorde**
- Die leerder lees vir 1 minuut vir 'n maat.
- Hou self die tyd.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**
- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hul beste telling neer.
- Verduidelik dat hulle meer woorde sal kan lees hoe meer hulle oefen.






## SKRYF — My nuus

**15 min**

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare**
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.







## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam met deur die DBO-werkboekaktiwiteite.
- Die leerders korrigeer of voltooi.



## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Bly in kontak

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

idees | alfabet | Arabiese | tale | deel

**Sinstrook**

Skryf help ook om ons idees en woorde te deel met mense wat ná ons gaan lewe.

## ONAFHANKLIKE TAKE

1. **Lees in pare** LAB bladsy 57
2. **Handskrif 1**  UuYy
3. **Handskrif 2** Die hond red sy vriend uit die brand.
4. **Handskrif 3** stry verduidelik bespreek gebaar
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 48–49
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 82–83
7. **DBO Lewensvaardigheid** bladsy 47
8. **Woordeboek**
   idees alfabet Arabiese tale deel

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Kryte of verf vir Visuele Kunste
- Toerusting vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Die leerders moet in Week 5 'n leë plastiekbottel bring. Vra hulle om een by die huis te soek wat hulle kan bring.



# Jennilee en Zane, die geheime helde

"Wat het julle vandag by die skool geleer?" vra Oupa toe die tweeling van die skool af kom.

"Mev. Jantjies het vir ons gewys hoe om boodskappe met 'n flitslig te stuur!" sê Jennilee. "Soos 'n geheime kode!"

Zane kry 'n flitslig en **flits** dit aan en af.

"Ja!" sê Oupa, "dit word Morsekode genoem! Weet julle wat die bekendste Morsekode-sein is?"

"Ja!" skree Zane, "dis SOS!"

"Dit beteken 'Save Our Souls' in Engels," sê Jennilee. "Kyk."

Sy maak drie kort flitse met die flitslig en sê: "Streep, punt, punt. Dis vir S." Toe maak sy drie lang flitse. "Streep, streep, streep. Dis vir O." Toe maak sy weer drie kort flitse. "Punt, punt, punt. Dis vir nog ŉ S."

| | | |
|---|---|---|
| A •– | J •––– | S ••• |
| B –••• | K –•– | T – |
| C –•–• | L •–•• | U ••– |
| D –•• | M –– | V •••– |
| E • | N –• | W •–– |
| F ••–• | O ––– | X –••– |
| G ––• | P •––• | Y –•–– |
| H •••• | Q ––•– | Z ––•• |
| I •• | R •–• | |

**Morsekode**

"SOS is 'n sein wat mense gebruik as hulle **dringend** hulp nodig het," sê Oupa. "Dit is 'n manier om om hulp te vra wanneer niemand jou kan hoor nie."

"Ek hoop ons hoef dit nooit te gebruik nie!" sê hul mamma.

'n Paar dae later gebeur 'n vreemde ding. Aan die einde van hul straat sien die tweeling 'n lig in 'n ou bouvallige huis flikker.

"Kyk!" sê Zane, "dit is punt, punt, streep, streep, streep, punt, punt, punt!"

"Mamma!" skree hulle gelyk. "Dis SOS!"

"Iemand het hulp nodig!" sê hul mamma en bel die polisie.

Kort daarna sien die tweeling die twee polisiemotors wat stadig in die straat af ry en dan stilhou. Die tweeling sien hoe die polisiemanne by die huis waar die lig flikker, ingaan.

"Dit is soos 'n fliek!" fluister Jennilee. Toe hou die lig op flikker.

Daardie aand bel 'n polisieman om die tweeling se mamma te bedank dat sy hulle gebel het. Hy vertel dat die seun van 'n bekende rugbyspeler **ontvoer** is en toe in die ou bouvallige huis toegesluit is.

Die seun het 'n klein stukkie glas van ŉ gebreekte spieël gekry. Hy het die stukkie spieël in die son gehou en SOS deur 'n tralievenster geflits met die hoop dat iemand dit sou sien.

Dié seuntjie se pa het hulle bedank omdat hulle sy seun gered het en vir hulle kaartjies gegee om ŉ belangrike rugbywedstryd te gaan kyk.

"Jennilee en Zane, my geheime helde," sê Oupa trots.

## WOORDESKAT

**flits** – gee 'n skielike en vinnige lig af

**dringend** – wat nie kan wag nie

**ontvoer** – om iemand met geweld weg te vat en gevange te hou

# MAANDAG

## HARDOPLEES — *Jennilee en Zane, die geheime helde*

OG bl. 43
15 min

**Voor lees**
- Herinner die leerders daaraan dat die klopklank van tromme boodskappe kan kommunikeer.
- Skryf die Morsekode op die bord (sien bladsy 43).

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie. Dit is belangrik dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Die leerders reageer en sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.



## AANVANGSKENNIS — Gee duidelike aanwysings

bl. 43
15 min

**Bestaande kennis**
- Het julle al ooit vir iemand verduidelik hoe om by 'n sekere plek uit te kom? Byvoorbeeld, hoe om by die skoolhoof se kantoor uit te kom.
- Was dit maklik om te beskryf?

**Lees die bladsy**
- Kyk na die voorbeelde van aanwysings en lees die teks.

**Bespreek die aanwysings**
- Verduidelik wat elke aanwysing beteken.
- Die leerders beweeg volgens die aanwysings wat jy gee.
- Die leerders maak 'n lys van ander aanwysingswoorde en skryf dit op die bladsy.




## KLANKE — Die nd-klank

bl. 44
15 min
MG bl. 8–13

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**




## LEES — *Die geskiedenis van skrif*

bl. 31–33
15 min

**Prentloop**
- Vir wie kan jy in elke prent sien?
- Wat gebeur?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys na die woorde met hul vingers.

**Begrip**
- Op bladsy 43, wys na die woord wat vir ons sê waar Chinese skrif begin het en die woord wat vir ons sê waar Arabiese skrif begin het.
- Op bladsy 44, wys na die woord wat vir ons sê dat baie tale dieselfde alfabet gebruik.
- Op bladsy 45, wys na die woorde wat vir ons sê dat mense wat miskien nog nie eens gebore is nie, in staat sal wees om ons woorde te lees.





## HANDSKRIF **Handskrif**



30 min

MG bl. 31–37

**Demonstreer op die bord**
- Verskaf ’n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week.
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike oefening**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.




## GROEPBEGELEIDE LEES




MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27

**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE **’n Stemmingsprent**



30 min

**Bespreek**
- Bespreek hoe prente gebruik kan word om te kommunikeer.
- Herinner die leerders aan warm en koel kleure en hoe dit die stemming van ’n prent kan affekteer:
  - Warm kleure soos geel, oranje en rooi kan ons opgewonde maak.
  - Koel kleure soos blou, groen en pers kan ons kalm of hartseer laat voel.

**Teken**
- Die leerders vou die papier in die helfte.
- Aan die een kant teken hulle ’n prent van iets wat hulle opgewonde maak deur warm kleure te gebruik.
- Voltooi op Dinsdag.



## LIGGAAMSOPVOEDING **Aktiwiteitstasies**



30 min

MG bl. 51–52

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5 vir die week.
- Berei die apparaat voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel ’n speletjie, soos vang mekaar, krappe-en-kraaie, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG



## WELSYN Oplettende ek

15 min

- Die leerders sit in pare oorkant mekaar.
- Die leerders maak beurte om gesigsuitdrukkings te maak om verskillende gevoelens uit te beeld. Glimlag vir gelukkig wees, frons vir kwaad wees.
- Die maat moet die gevoelens raai.
- Kies 'n paar leerders om hul gesigsuitdrukkings met die klas te deel.
- Gesels oor hoe ons ons gesigsuitdrukkings gebruik om sonder woorde te kommunikeer.





## AANVANGSKENNIS Begrip sonder woorde

bl. 45
15 min

**Bestaande kennis**
- Kyk saam met na die pent.
- Verduidelik dat die mense in die prent met mekaar kommunikeer deur hul liggame te gebruik.
- Die leerders oefen verskillende gebare, bv. duime op, duime af, ens.
- Lees die teks en die woorde rondom die prent.

**Antwoord**
- Die leerders pas die woorde by die korrekte deel van die prent.

**Sien na**
- Kontroleer die anwoorde met 'n maat.






## KLANKE Vul die ontbrekende klanke in

bl. 46
15 min
MG bl. 8–13

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**






## LEES Sinsbou

bl. 121
15 min
MG bl. 19–20

**Knip uit**
- Die leerders knip die sinstrook uit.

**Lees saam**
- Wat vertel die woord "ons" vir julle?
- Wat vertel die woord "mense" vir julle?

**Vra vrae oor die sinstrook**
- Die leerders knip die woorde/ frases uit nadat al die vrae beantwoord is.

- **Wat?** Skryf
- **Doen wat?** help
- **Wie?** ons
- **Waarmee?** om
- **Wie?** ons
- **Wat?** idees en woorde
- **Wie?** met mense
- **Watter mense?** wat ná ons kom
- **Doen wat?** te deel.

**Skryf die woorde in die regte volgorde om 'n sin te maak**

**Plak die sinne** in oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF

### 'n Gedig

15 min

MG bl. 38–41




**Inleiding**
- Vra die leerders om 'n paar gedigte/resitasies te noem wat hulle al geleer het.
- Verduidelik dat gedigte in verskillende vorms geskryf kan word.
- Die digter kies woorde om hul idees uit te beeld en gevoelens aan te dui.

**Wys die skryfraam**
- Dit is 'n naamdig (akrostigon). Om 'n naamdig te skryf, kies ons 'n woord soos die naam van 'n persoon of 'n idee.
- Ons skryf elke letter van die woord op 'n nuwe reël en skryf 'n woord of kort frase wat elke aspek van die naam langs elke letter beskryf.

**Dinkskrum** woorde wat met al die letters van die woord "skool" begin om die woord te beskryf.

**S**lim
**K**inders
**O**mgee
**O**nthou
**L**iefde

**Gedeelde Skryf** Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die gedig op die bord te skryf.

## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37



5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

## VISUELE KUNSTE

### 'n Stemmingsprent

30 min



**Skep**
- Die leerders gebruik koel kleure om 'n prent aan die regterkant van die bladsy te teken.
- Die prent moet iets kalms voorstel.

**Stal uit**
- Stal die prente in die klaskamer uit.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

# WOENSDAG



## WELSYN Ek dink, ek voel ...

15 min

**Vrae**

- Het julle al ooit iemand gehelp wat in die moeilikheid was?
- Het iemand jou al gehelp toe jy in die moeilikheid was?

**Pare**

- Praat oor toe jy iemand gehelp het/of iemand jou gehelp het.

**Deel**

- Kies twee leerders om hul menings met die klas te deel (gee aan elkeen 'n kans deur die loop van die kwartaal)





## AANVANGSKENNIS Kaarte

bl. 47
15 min
MG bl. 45

**Maak 'n KWL-kaart oor kaarte**

- Voltooi die *Wat ons weet*- en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Laat die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**

- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**

- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.






## KLANKE Die mp-klank

bl. 48
15 min
MG bl. 8–13

**Stel die klank bekend**

- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**

- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**

- Lees die woorde.

**Skryf**

- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**






## LEES *Die geskiedenis van skrif*

bl. 31–33
15 min

**Lees saam**

- Lees die tweede helfte van *Die geskiedenis van skrif* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**

- In groepe van drie, maak beurte om elkeen een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**

- Die leerders fluister-lees die laaste drie bladsye van die storie.





## SKRYF 'n Gedig

15 min




**Hersiening**
- Lees weer die naamdig (akrostigon) wat julle as 'n klas geskryf het.

**Dinkskrum woordeskat**
- Kies 'n woord waaroor die klas gedigte kan skryf.
- Hou 'n dinkskrum oor woorde of kort frases wat met elke letter van die woord begin. Hierdie woorde of frases moet die hoofwoord beskryf.
- Dinkskrum idees of woorde vir die leerders om byvoorbeeld die woord "snaaks", "vrolik", ens., te beskryf.
- Die leerders het 'n woord of kort frase nodig wat met elke letter van die woord begin.

**Skryf**
- Die leerders skryf 'n gedig oor die woord deur die letters te gebruik.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min



**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Rolspel

30 min



**Inleiding**
- Hersien die storie van *Jennilee en Zane, die geheime helde*.

**Bespreek**
- Wie was die karakters in die storie?
- Wie was 'n held in die storie? Wie was die skurke?
- Hoe, dink julle, het die kinders gelyk en gepraat?
- Hoe, dink julle, het hul mamma en oupa gelyk en gepraat?
- Hoe, dink julle, het die polisiebeampte gelyk en gepraat?

**Groepe**
- Die leerders voer die storie in groepe op.
- Almal moet 'n beurt kry.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

**15 min**

Op die wyse van die Engelse liedjie: *Incy wincy spider*

Super-superhelde is hier om die skurke
te kry!
Super-superhelde is hier om ons te bevry!
Hul gee almal in nood 'n helpende hand

Super-superhelde regoor oor ons land.
Super-superhelde is hier om die skurke
te kry!

Super-superhelde is hier om ons te bevry!
Is hul almal soos Superman of Spiderman
of Hulk?

Nee! Super-superhelde is soms net soos
ons elk!

## AANVANGSKENNIS — Aanwysings

**bl. 49**
**15 min**




**Bestaande kennis**
- Watter frases kan ons gebruik as ons aanwysings gee?

**Lees die bladsy**
- Lees die aanwysings om uit te vind waarheen Paul gaan.
- Kyk na die kaart.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Die leerders doen die aktiwiteit onderaan bladsy 49 in die LAB in pare.
- Een leerder gee die aanwysings terwyl 'n maat met 'n vinger op die kaart volg.

## KLANKE — Skryf die woorde korrek neer

**bl. 50**
**15 min**
**MG bl. 8–13**




**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES — Woordeskat en taal

**15 min**




**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die LAB.
- Sit die flitskaarte teen die woordmuur en lees hulle weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woorde dui aan dat julle oor meer as een persoon praat? (*ons, mense*)
- Ons sê dit is in die meervoud? Wat is die meervoud van "ek"? (*ons*)



## SKRYF Leesbegrip

**bl. 51**

**15 min**

**Berei voor**

- Die leerders lees weer die storie *Die geskiedenis van skrif*.
- Die leerders lees die vrae op hul eie.

**Antwoord die vrae**

- Die leerders moet dit nie uit hul geheue doen nie. Hulle moet die teks gebruik om antwoorde te vind.

**Kontroleer die antwoorde saam met die leerders**



DATUM ______

Begrip

**Kyk na die kaart op bladsy 49.**

1 Die supermark is in ______ .
○ Jabu Ndlouvustraat ○ Proteastraat

2 Jennilee se huis is in ______ .
○ Skoolstraat ○ Wesstraat

3 Paul se huis is in ______ .
○ Madibastraat ○ Hoofweg

4 Die polisiestasie is in ______ .
○ Hadedalaan ○ Madibastraat

5 Die polisiestasie is ○ oos ○ wes van die skool.

6 Die skool is in ______ straat.

7 ______ is op die hoek van Skool- en Hoofweg.

8 As jy by Tutupark is, moet jy met ______ ______ straat of Proteastraat af loop om by die skool te kom.

WEEK 4 • DONDERDAG • 51





## GROEPBEGELEIDE LEES

**MG bl. 31–37**

**5 min + 30 min**

**MG bl. 24–27**

**Kontroleer Handskrif**

- Kontroleer ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**

- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.







## UITVOERENDE KUNSTE Uitvoering van rolspel

**30 min**

**Voer op**

- Groepe oefen en voer die rolspel op waarmee hulle die vorige dag begin het.

**Evalueer**

- Prys en gee applous vir elke groep.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**30 min**

**MG bl. 51–52**

**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT Kaarte

bl. 47
15 min




Kaarte word vir verskillende doeleindes gebruik. Dit kan aandui waar lande en dorpe in verhouding tot mekaar is.

Kaarte kan aandui waar berge, woestyne, seë en riviere is. Kaarte help jou ook om jou pad van een plek na 'n ander te vind.

Moderne kaarte op selfone of die rekenaar word digitale kaarte genoem. Daar is soms selfs 'n stem wat vir jou die aanwysings gee.

**Pare**

- Leerders vertel mekaar wat hulle uitgevind het.

**Deel**

- Vra 'n paar leerders om hul menings met die klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart.
- Bespreek en gee meer inligting.



## AANVANGSKENNIS Kaarte

15 min

**Skryf en teken wat julle uitgevind het**

- Skryf iets neer wat julle geleer het.
- Teken 'n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.





## KLANKE Diktee

15 min
MG bl. 10

**Lees die woorde vir diktee**

- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een keer.

**Skryf**

- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif skryf.

**Sien na en korrigeer**

- Skryf die woorde op die bord vir die leerders om na te sien.

mens
hond
hemp
plant
brand



## SKRYF My nuus

15 min




**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare**

- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**

- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.




## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27




**Kontroleer Handskrif**

- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**

- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**

- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**

- Gaan saam met die leerders deur die DBO-werkboekaktiwiteite.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Wat snags gebeur

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| vreemd | droom | spesiaal | verskyn | gesnak |
|---|---|---|---|---|

**Sinstrook**

Sipho het vir Ouma gesê: "Die ou man het vir my gesê om *Khumbul'ekhaya* saam met Ouma op TV te kyk."

## ONAFHANKLIKE TAKE

1. **Lees in pare** LAB bladsy 68
2. **Handskrif 1** Aa Xx
3. **Handskrif 2** Die sterk man werk hard met die hark by die kerk.
4. **Handskrif 3** wiegeliedjie droom slaaptyd slaap
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 90
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** bladsy 91
7. **DBO Lewensvaardigheid** bladsy 58
8. **Woordeboek**
   vreemd droom spesiaal verskyn gesnak

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- 500 ml-waterbottel, ballon, 2 eetlepels suiker, 'n pakkie kitsgis
- Die leerders moet elk 'n plastiekbottel van die huis af bring (soos 'n grondboontjiebotterbottel)
- Papier (blink of gewoon), skêre
- Toerusting vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Sipho se droom




Een nag het Sipho ’n vreemde droom gehad. In sy droom het ’n ou man met hom gepraat. Daarna kon hy nie ophou om aan die droom te dink nie. Sy ouma het gevra hoekom hy so stil was en toe het hy haar van sy droom vertel.

Ouma het vir hom geglimlag en gesê: "Vertel my hoe hierdie ou man gelyk het." Sipho het vir haar gesê dat die man vriendelike oë en ’n breë glimlag gehad het.

Sy het vir Sipho ’n foto gewys. “Ja!” het Sipho gesê. "Dit is die man in my droom!"

“Dit is jou oupa, Sipho,” het sy gesê. “Ek dink dit is ’n baie spesiale droom. Wat het hy vir jou gesê?”

“Hy het vir my gesê dat ek vir hierdie gesin moet sorg as ek groot is. En hy het vir my gesê om saam met Ouma na Khumbul’ekhaya op TV te kyk.”

Ouma het gelag en gesê: “Wel! Khumbul’ekhaya is vanaand op TV. Ons sal dit moet kyk.”

Daardie aand het Sipho en sy ouma na Khumbul’ekhaya op TV gekyk. Hulle het gesien hoe ’n man weer sy broer kry wat hy vir baie jare nie gesien het nie. “Dit is goed om te sien hoe mense **herenig**,” het Ouma gesê.

Toe het ’n ou dame op die skerm verskyn. “Ek soek my broer of sy familie,” het sy gesê. Sy het ’n foto van ’n man gewys.

Sipho se ouma het na haar asem ge**snak**. “Wat!” het sy uitgeroep, “dit kan nie wees nie!”

“Ek is Duduzile Gumede,” het die dame voortgegaan. “My broer se naam is Bheki Gumede. Ons het in Eshowe gewoon. Hy was ouer as ek. Ons het lank gelede **kontak verloor**.”



Ouma het met haar hand oor haar mond gesit. “Dit is jou oupa se klein sussie,” het sy gesê. “Ek kan dit nie glo nie!”

Toe was die omroeper van Khumbul’ekhaya weer op die TV. “As iemand vir Duduzile kan help om haar broer te vind, skakel asseblief hierdie nommer ...”

Ouma het dadelik die nommer neergeskryf en geskakel.

Die dag toe die Khumbul’ekhaya TV-span na hul huis gekom het, was ’n wonderlike dag. Duduzile en Sipho se ouma het gesit en gesels en gesels. “Ek is so jammer dat jou broer nie meer lewe nie!” het Ouma gesê. “Hy sou jou graag wou sien!” Hulle het gehuil en mekaar omhels en weer gelag en gehuil.

Duduzile het Sipho omhels en gesê dat hy net soos sy oupa lyk.

Sipho het gesê: “Hy is die een wat ons gehelp het om jou te vind. In my droom."

“Miskien het hy,” het Ouma gesê en geglimlag.

## WOORDESKAT

**herenig** – om mense bymekaar te bring

**snak** – om asem te skep

**kontak verloor** – mekaar nie meer sien of van mekaar hoor nie

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Sipho se droom*

OG bl. 55
15 min



**Voor lees**
- Vra die leerders om te praat oor 'n droom wat hulle al gehad het.

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie. Dit is belangrik dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Die leerders reageer en sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.

## AANVANGSKENNIS Om brood te bak

bl. 60
15 min




**Bestaande kennis**
- Kan jy 'n paar mense noem wat snags werk? Hoekom werk hulle wanneer ons slaap?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**

**Bespreek**
- Waarom moet bakkers saans werk?
- Waarom neem dit so lank om brood te bak?

## KLANKE Die rg-klank

bl. 61
15 min

MG
bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES *Sipho se droom*

bl. 54–59
15 min




**Prentloop**
- Vir wie kan julle in die prente sien?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys met hulle vingers na die woorde.

**Begrip**
- Op bladsy 54, wys na die woord wat vir ons sê dat Sipho gedink het sy droom is ongewoon.
- Op bladsy 55, wys na die woorde wat vir ons sê wat die ou man gesê het.
- Op bladsy 56, wys na die woorde wat vir ons sê wat Ouma gesê het.
- Hoe weet julle dat Ouma verras was?
- Hoe sou julle voel as julle 'n foto van iemand wat julle ken op TV sien.



## HANDSKRIF Handskrif

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf ’n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week.
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike oefening**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE ’n Droom-bottel

30 min



**Bespreek**
- Gesels oor hoe drome dinge kan wees wat jy in jou slaap sien en doen, maar dat dit ook dinge kan wees wat jy begeer.
- Pare: Bespreek waaroor jy droom of wat jy begeer.
- Ons gaan ’n bottel maak om ons spesiale drome in te bêre. Die leerders moet môre ’n plastiekhouer klas toe bring.

**Maak versierings**
- Demonstreer hoe om sespuntsterre te teken.



- Die leerders teken ongeveer 6 sonne, mane en sterre wat op die kant van die plastiekhouer sal inpas.
- Hulle kleur die vorms versigtig in en knip dit dan uit. Bêre dit veilig vir die volgende les.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5, berei die apparaat voor en verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel ’n speletjie, soos vang mekaar, krappe-en-kraaie, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG



## WELSYN Oplettende ek

15 min



- Die leerders sit gemaklik en maak hulle oë toe.
- Hulle dink aan 'n droom of iets wat hulle vir hul families begeer.
- Hulle maak hulle oë oop en vertel vir mekaar van hul droom.
- Gesels oor hoe hierdie aktiwiteit hulle kan help om aan hul toekoms te dink of te beplan.



## AANVANGSKENNIS Gis-eksperiment

bl. 62
15 min



DATUM

Gis-eksperiment

Wat gebeur as ons gis by suikerwater gooi?

1 Wat, dink jy, sal met die ballon gebeur? Hoekom?

2 Kyk mooi na die ballon vir 10 minute. Wat sien jy?

3 Hou jou oor langs die ballon. Wat hoor jy?

62 • WEEK 5 • MAANDAG

**Sluit aan by gister se les**

- Gesels oor hoe die gis wat die bakkers gebruik die brood groter en donsig maak.
- Vra die leerders wat hulle dink sal gebeur wanneer ons gis by warm water en suiker voeg.

**Leerders doen die eksperiment**

- Plaas omtrent 125 ml warm water en 2 eetlepels suiker in die bottel. Voeg gis by.
- Rek 'n ballon en plaas dit oor die bokant van die bottel.
- Wag vir 10 minute en neem waar wat gebeur.

**Bespreek**

- Gis het hitte en kos (suiker) nodig om te groei. Terwyl dit groei stel dit koolstofdioksiedgas vry, wat die ballon opblaas. Dit is hierdie gas wat die brood laat rys.
- Die leerders voltooi die bladsy.



## KLANKE Kies die regte woord

bl. 63
15 min

MG
bl. 8–13



DATUM

Kies die regte woord

dwerg murg wurg berg sorg terg

1 Die boef wurg die man.

2 Frik klim die ______.

3 Daar is 'n ______ in ons tuin.

4 Die hoender ______ vir haar kuikens.

5 Hy eet die ______ uit die been.

6 Die seuns ______ die meisies.

WEEK 5 • DINSDAG • 63

**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**

- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**



## LEES Sinsbou

bl. 123
15 min

MG
bl. 19–20



Sipho het vir Ouma gesê: "Die ou man

het vir my gesê om *Khumbul'ekhaya*

saam met Ouma op TV te kyk."

WEEK 5 123

**Knip uit**

- Die leerders knip die sinstrook uit.

**Lees saam**

- Waarom is daar leestekens voor en na sommige woorde?
- Wie praat – Sipho of Ouma?

**Vra vrae oor die sinstrook**

- Die leerders knip die woorde/frases uit nadat al die vrae beantwoord is.
- **Wie?** Sipho
- **Wat gedoen?** het
- **Wie?** vir Ouma
- **Wat gedoen?** gesê
- **Wie?** Die ou man
- **Het wat gedoen?** het vir my gesê
- **Om wat?** ek moet *Khumbul'ekhaya*
- **Saam met wie?** saam met Ouma
- **Waar?** op TV
- **Wat te doen?** kyk.

**Skryf die woorde in die regte volgorde om 'n sin te maak**

**Plak die sinne** in oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF

**'n Resep**

15 min

MG bl. 38–41

**Inleiding**
- Wat is 'n resep? Waar kan ons resepte kry?

**Wys die skryfraam**
- Lys van bestanddele: wat jy nodig het en hoeveel.
- Lys van instruksies: wat om te doen; in watter volgorde.

**Dinkskrum**
- Dinkskrum kos wat ons by die skool of huis kan maak, bv. vrugteslaai, 'n toebroodjie, ens. Kies een om 'n resep voor te skryf.
- Wat het ons nodig?
- Wat moet ons doen?

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die resep op die bord te skryf.








## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27







## VISUELE KUNSTE

**Droom-bottel**

30 min

**Beplan**
- Die leerders beplan hoe om die vorms wat hulle ingekleur en uitgeknip het te gebruik om hulle leë bottels te versier.

**Skep**
- Plak die vorms op die bottel en laat die gom droog word.
- Skryf/teken 'n paar drome/wense op stukkies papier en plaas dit in die bottel.

**Stal uit**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**



# WOENSDAG

## WELSYN — Ek dink, ek voel ...

15 min



**Vraag**
- Watter drome het jy vir jouself vir wanneer jy groot is?

**Pare**
- Deel en bespreek jou drome.

**Deel**
- Kies twee leerders om te deel (gee aan elkeen 'n kans deur die loop van die kwartaal)

## AANVANGSKENNIS — Die lug bo ons

bl. 64
15 min
MG bl. 45




**Maak 'n KWL-kaart oor die lug bo ons**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.

## KLANKE — Die rk-klank

bl. 65
15 min
MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES — *Sipho se droom*

bl. 54–56
15 min




**Lees saam**
- Lees die eerste drie bladsye van *Sipho se droom* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.



## SKRYF

**'n Resep**

15 min



**Hersien die skryfraam vir 'n resep van Dinsdag**
- Lys van bestanddele (wat jy nodig het)
- Lys van instruksies (wat om te doen)

**Dinkskrum woordeskat**
- Bestanddele
- Aksiewerkwoorde – *sny, smeer, rasper*, ens.
- Skryf dit op die bord.

**Skryf**
- Die leerders gebruik die skryfraam om hul eie resepte te skryf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min



**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE

**'n Wiegeliedjie**

30 min



**Warm op**
- Maak harde geluide met 'n oop mond.
- Maak sagte geluide met 'n toe mond.
- Neurie saggies en hard.

**Bespreek**
- Gesels oor liedjies wat ons gebruik om babas aan die slaap te sing. Ons noem dit wiegeliedjies.
- Bespreek of dit hard of sag moet wees (toonsterkte).
- Demonstreer met jou hande hoe 'n dirigent vir 'n koor wys wanneer om sagter of harder te sing.

**Leer 'n wiegelied**
- Kies en leer 'n welbekende wiegeliedjie aan, bv. *Slaap, my kindjie, slaap sag.*



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG
bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min

Op die wyse van die Engelse liedjie *London's Burning*

| | |
|---|---|
| Voeg die meel in, voeg die gis by (x2)<br>Olie, olie! Sout, sout!<br>Voeg nou water by (x2) | Laat dit rys, die gis doen sy werk (x2)<br>Rys, rys! (x2)<br>Tyd om te bak (x2) |
| Meng die deeg goed, knie die deeg goed (x2)<br>Knie, knie! (x2)<br>Knie dit deeglik (x2) | In die oond, bak die brood nou (x2)<br>Bak, bak! Koel af! (x2)<br>Eet nou lekker! (x2) |

## AANVANGSKENNIS — My hoop en drome

bl. 66

15 min




**Bestaande kennis**
- Ons het 'n droomhouer gemaak met goed waaroor ons droom of voor hoop in die toekoms. Hoop is om te wil hê dat iets moet gebeur en waarvoor daar 'n goeie kans is dat dit sal gebeur. Ek hoop, byvoorbeeld, dat almal in hierdie klas gelukkig is.

**Lees die bladsy**
- Wat kon jy in die eerste blokkie skryf?
- Die leerders ruil in pare idees uit oor wat om te skryf.

**Leerders doen die aktiwiteit**

## KLANKE — Skryf jou eie sinne

bl. 67

15 min

MG bl. 8–13




**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**
- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2-3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Die leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES — Woordeskat en taal

15 min



**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woord in die LAB.
- Sit die flitskaarte teen die woordmuur en lees hulle weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Watter woord wys vir ons dat die ou man vir Sipho gesê het dat hy iets ***moes*** doen? (*moet*)
- Watter ander woorde kan ons vir instruksies gebruik? (*kon, sou, moes, behoort*)



## SKRYF Verbeter ons skryfwerk

15 min



**Bespreek Gedeelde Skryf**
- Lees 'n sin van Dinsdag se Gedeelde Skryf vir die leerders.
- Demonstreer hoe om die sin meer interessant te maak (byvoorbeeld, voeg byvoeglike naamwoorde of beskrywings in; gebruik interessante werkwoorde).

**Lees in pare**
- Die leerders Lees 'n sin van hul skryfwerk van gister aan 'n maat.

**Sien na en verbeter**
- Kontroleer die spelling en leestekens van die sin.
- Kan julle jul sin meer interessant maak?





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27





**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Sing 'n wiegeliedjie

30 min



**Bespreek**
- Watter deel van die liedjie moet sagter gesing word en watter dele 'n bietjie harder?
- Watter handseine kan julle gebruik om die toonsterkte aan te dui wat jy wil hê die leerders moet gebruik?

**Voer op**
- Die klas sing die wiegeliedjie wat hulle die vorige dag geleer het.
- Dirigeer hulle deur die ooreengestemde handseine te gebruik.
- Laat een of twee leerders dirigeer deur handseine te gebruik.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Die lug bo ons

bl. 64
15 min

Die son se opkoms en ondergang gee vir ons ons dag en nag. Dit verander hoe die lug gedurende die dag en in die nag lyk.

Die son verskyn op die horison. Dit lyk baie keer rooi of oranje. Deur die loop van die oggend beweeg die son al hoër en hoër in die lug tot in die middel van die dag. Die son sak dan weer deur die loop van die middag totdat dit in die aand ondergaan.

Dit lyk of die lug van kleur verander omdat die sonstrale deur die stofdeeltjies in die atmosfeer skyn. Die kleure is sterker met sonsopkoms en met sonsondergang, want hoe laer die son is, hoe meer stofdeeltjies is daar.

**Pare** Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**
- Vra 'n paar leerders om hul menings met die klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart.
- Bespreek en gee meer inligting.




## AANVANGSKENNIS — Die lug bo ons

15 min

**Skryf en teken wat jy uitgevind het**
- Skryf een ding neer wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.



Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.

## KLANKE — Spoedlees woorde

bl. 67
15 min
MG bl. 16-17

**Pare lees die woorde**
- Die leerder lees vir 1 minuut vir 'n maat.
- Hou self die tyd.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**
- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hul beste telling neer.
- Verduidelik dat hulle meer woorde sal kan lees hoe meer hulle oefen.


DATUM

Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| kras | eet | hou | gom | ring |
| stoel | rol | skaap | maag | melk |
| mou | van | hut | kas | vark |
| hout | raak | gly | tot | speel |
| vlieg | laag | vlag | weet | berg |
| drink | man | krul | lees | loop |
| vlek | skaam | water | mag | vurk |
| stad | sit | wild | wiel | terg |
| teken | kraal | hang | ma | dwerg |
| kras | neem | vuur | vier | groei |

Hoogste telling: ______ woorde per minuut

WEEK 5 · DONDERDAG · 67

## SKRYF — My nuus

15 min

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare**
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.






## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27




**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam met die leerders deur die DBO-werkboekaktiwiteite.



## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Wat snags gebeur



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

glo | span | omhels | gelag | miskien

**Sinstrook**

Die twee ou dames het gesit en gesels en gesels. Hulle het gehuil en mekaar omhels en gelag en weer gehuil.

## ONAFHANKLIKE TAKE

1. **Lees in pare** LAB bladsy 76
2. **Handskrif 1** TtEe
3. **Handskrif 2** Die wurm soek skerm teen die storm.
4. **Handskrif 3** ster fases van die maan maanlig duisternis
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 116–117
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 108–109
7. **DBO Lewensvaardigheid** bladsy 55
8. **Woordeboek**
   glo span omhels gelag miskien

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Swart plakkaatpapier of papier wat swart geverf is; wit papier; koerante
- Skêre; gom; wit kryt of Tippex (korrigeervloeistof)
- Toerusting vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Ngalindi, die maanman

Mense van verskillende kulture vertel stories oor hoekom dinge in die natuur is soos hulle is. So is daar baie stories oor hoekom die maan gedurende die maand aanhou om anders lyk.




Die **inheemse** mense van Australië glo dat, voor daar mense was, daar 'n tyd was wat Droomtyd genoem is. Hulle vertel hierdie storie oor hoekom die maan elke maand groter en kleiner word.

In hierdie storie is die mense en die maan nie werklik nie, so julle moet baie mooi luister om te verstaan wat gebeur. Hoe dink julle lyk die maan in elke deel van die storie?

***

Eens op 'n tyd in Droomtyd, voordat die maan 'n maan in die lug was, was die maan 'n man. Hy het twee vrouens en twee seuns gehad. Sy naam was Ngalindi. Hy was 'n man met 'n groot, ronde lyf. Hy was baie lui en het nie mooi na sy stam gekyk nie.



Ngalindi se familie het baie kwaad geword omdat hy so lui was. Hulle het besluit om hom 'n les te leer deur hom met stokke te slaan. Terwyl hulle hom geslaan het, het dele van sy lyf **verdwyn** en het hy al hoe maerder geword.

Ngalindi het in 'n hoë boom geklim om vir sy kwaai familie weg te kruip. Niemand kon hom in die digte takke sien nie en het gedink dat hy verdwyn het.

Maar Ngalindi wou bly net soos hy was: groot, rond en lui. Na drie dae, het hy begin om weer te groei. Ná twee weke het hy weer soos voorheen gelyk. Hy het uit die boom geklim en huis toe gegaan.

Vir 'n rukkie was sy familie bly om hom te sien. Maar Ngalindi het hulle gou weer begin **irriteer**. Hulle was nie gelukkig nie en het hom weer begin slaan. Dele van sy lyf het weer verdwyn!

Ngalindi was baie kwaad, maar hy kon nie keer wat gebeur het nie. Hy het net al hoe maerder geword. Hy het weer weggekruip sodat niemand hom kon sien nie, en toe het hy weer begin groei. Ngalindi sal vir altyd aanhou om stadig te verdwyn en dan weer te verskyn.

## WOORDESKAT

**inheems** – wat van nature daar hoort

**verdwyn** – wegraak; nie gesien kan word nie

**irriteer** – hinder; ongelukkig of ongeduldig maak

# MAANDAG



## HARDOPLEES *Ngalindi, die maanman*

OG bl. 67

15 min



**Voor lees**
- Vra die leerders om die maan te beskryf hoe dit hierdie week lyk.

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie. Dit is belangrik dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Die leerders reageer en sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.



## AANVANGSKENNIS Die naghemel

bl. 69

15 min




**Bestaande kennis**
- Wat sien julle in die lug gedurende die dag? En gedurende die nag?

**Lees die bladsy**
- Kyk na die prente en lees die teks.

**Bespreek**
- Watter dinge reflekteer die lig van die son?
- Watter dinge het hul eie lig?
- Watter dinge is deur mense gemaak?
- Watter dinge het jy self al gesien?



## KLANKE Die rm-klank

bl. 70

15 min

MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**



## LEES *Sipho se droom*

bl. 57–59

15 min




**Prentloop**
- Vir wie kan julle in elke prent sien? Wat gebeur?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys na die woorde met hul vingers.

**Begrip**
- Op bladsy 57, wys na die woorde wat vir ons sê dat Ouma nie gewag het om die TV-stasie te bel nie.
- Op bladsy 58, wys na die woord wat vir ons sê dat daar meer as een persoon van die TV-stasie na Sipho en Ouma se huis gekom het.
- Op bladsy 59, wys na die woord wat vir ons sê dat Duduzile van Sipho gehou het.
- Wys na die woord wat vir ons sê dat Ouma nie seker was of Sipho se droom waar was nie.
- Sou jy graag ’n familielid wil ontmoet wat jy nog nooit voorheen gesien het?



## HANDSKRIF ASSESSERING 1

**Skryf sinne oor**

15 min

- Verduidelik aan die leerders dat dit 'n assessering is. Jy gaan na vorming, spasiëring, grootte en plasing van letters op die lyn kyk.
- Skryf op die bord.
- Die leerders kopieer die sinne.
- Trek 'n lyn na die laaste sin.




**Sien na:**
Sien bladsy 120
**Punte:** 5





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27







## VISUELE KUNS ASSESSERING 1

### 'n Swart-en-wit foto

30 min

**Bespreek**
- Gesels oor die kleur van die naghemel en hoe die maan en sterre wit lyk in die swart lug.

**Berei voor**
- Die leerders beplan 'n swart-en-wit prent van 'n naglandskap op afvalpapier (kunswerk wat 'n area in die nag voorstel).
- Hulle knip die vorms wat hulle nodig het uit die koerant (gebruik swart en wit dele) en wit papier uit.
- Bêre die vorms tot die volgende dag.



**Sien na:**
Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG
bl. 51–52

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5, berei die apparaat voor en verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, krappe-en-kraaie, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## DINSDAG

### LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1 — *Sipho se droom*

15 min

- Gee aan die leerders 'n skoon vel A4-papier.
- Vra hulle om 'n prent te teken van die eerste deel van die storie *Sipho se droom* en 'n sin daaroor te skryf.
- Laat die leerders in groepe van vier tot vyf na jou tafel kom en vra sowel laer- as hoër-ordevrae oor die storie *Sipho se droom*.
- Assesseer een derde van die klas gedurende hierdie periode. Voltooi die assessering op Woensdag en Donderdag van Week 6.

**Voorbeeldvrae:**

- Vertel die storie van *Sipho se droom* in volgorde oor.
- Wie is die karakters in die storie?
- Wie is die persoon wat hulle op die TV-program sien?
- Vir wie het Sipho gedink het hy in sy droom gesien? Dink julle, hy het hom regtig gesien? Waarom/Waarom nie?
- Het Duduzile haar broer gevind? Waarom/Waarom nie?
- Hoe weet julle die twee ou dames is gelukkig om mekaar te ontmoet?

**Sien na:**
Sien bladsy 117
**Punte:** 5

### AANVANGSKENNIS ASSESSERING 1

OG bl. 126 — 15 min

**Wat is in die naghemel?**

**Berei voor**

- Sê vir die leerders dat dit 'n assesseringsaktiwiteit is.
- Deel afskrifte van OG bladsy 126 uit.
- Verduidelik wat die leerders by elke vraag moet doen.

**Leerders doen die aktiwiteit**

- Die leerders beantwoord die vrae.

**Sien na:**
Sien bladsy 122
**Punte:** 10




### KLANKE — Vul die ontbrekende klanke in

bl. 71 — 15 min — MG bl. 8–13

**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**

- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**




### LEES — Sinsbou

bl. 125 — 15 min — MG bl. 19–20

**Knip uit**

- Die leerders knip die sinstrook uit.

**Lees saam**

- Na wie verwys "hulle"aan die begin van sin 2?
- Wat kon ons in plaas van "hulle"gesê het?

**Vra vrae oor die sinstrook**

- Die leerders knip die woorde/frases uit nadat al die vrae beantwoord is.
- **Wie?** Die twee ou dames
- **Wat gedoen?** het gesit
- **Wat 2x gedoen?** en gesels en gesels.
- **Wie?** Hulle
- **Doen wat?** het gehuil en
- **Wie?** mekaar
- **Wat gedoen?** omhels
- **Wat gedoen?** en gelag
- **Wanneer?** en weer
- **Wat gedoen?** gehuil.

**Skryf die woorde in die regte volgorde om 'n sin te maak**

**Plak die sinne** in oefenboeke.





## GEDEELDE SKRYF

’n Storie

15 min

MG bl. 38–41

**Inleiding**
- Die leerders vertel die storie *Sipho se droom* in hul eie woorde.

**Wys die skryfraam**
- Wys die drie paragrawe uit, elkeen vir ’n verskillende idee.

**Dinkskrum**
- Oor watter vreemde dinge kan julle droom?
- Wat sal julle doen in die oggend nadat julle gedroom het?
- Wat sal julle omtrent die droom doen?
- Wat het aan die einde gebeur?

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die storie op die bord te skryf.

**My droom**

Een nag het ek gedroom ______________.

Die oggend ______________.

Later ______________.

Aan die einde ______________.





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

MG bl. 31–37



5 min + 30 min

MG bl. 24–27





## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1 (vervolg)

### ’n Swart-en-wit foto

30 min

**Skep**
- Kyk na die beplanning van Maandag.
- Posisioneer die uitgeknipte vorms om ’n naglandskap te maak.
- Plak die vorms op die swart papier.
- Voeg besonderhede met wit kryt of uitgeknipte vorms by.

**Stal uit**
- Stal die kunswerke in die klaskamer uit.



**Sien na:**
Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESERING 1 — *Sipho se droom*

15 min

- Gee aan die leerders 'n skoonvel A4-papier.
- Vra hulle om 'n prent te teken van die tweede deel van die storie *Sipho se droom* en 'n sin daaroor te skryf.
- Laat die leerders in groepe van vier tot vyf na jou tafel kom en vra sowel laer- as hoër-ordevrae oor die storie *Sipho se droom.*
- Assesseer een derde van die klas gedurende hierdie periode. Voltooi op Donderdag van Week 6.

**Voorbeeldvrae:**

- Vertel die storie van Sipho se droom in volgorde oor.
- Wie is die karakters in die storie?
- Wie is die persoon wat hulle op die TV-program sien?
- Vir wie het Sipho gedink het hy in sy droom gesien? Dink julle, hy het regtig vir hom gesien? Waarom/ Waarom nie?
- Het Duduzile haar broer gevind? Waarom/ Waarom nie?
- Hoe weet julle die twee ou dames is gelukkig om mekaar te ontmoet?

**Sien na:**
Sien bladsy 117
**Punte:** 5



## AANVANGSKENNIS — Kyk na die maan

bl. 72
15 min
MG bl. 45

**Bestaande kennis**

- Vra die leerders om die Hardopleesstorie oor Ngalindi oor te vertel.

**Maak 'n KWL-kaart oor die maan**

- Voltooi die *Wat ons ken*- en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Laat die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**

- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**

- Hoe gaan julle die antwoorde uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.






## KLANKE — Die rp-klank

bl. 73
15 min
MG bl. 8–13

**Stel die klank bekend**

- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**

- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**

- Lees die woorde.

**Skryf**

- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**






## LEES — *Sipho se droom*

bl. 57–59
15 min

**Lees saam**

- Lees die tweede helfte van Sipho se droom in die LAB vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**

- In groepe van drie, maak beurte om elkeen een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**

- Die leerders fluister-lees die laaste drie bladsye van die storie.





## SKRYF My droom

15 min



**Hersien**
- Lees weer die Gedeelde Skryf-teks van Dinsdag.
- Herinner die leerders om in die verlede tyd te skryf.
- Herinner hulle om drie paragrawe te skryf.

**Skryf**
- Die leerders skryf 'n storie oor hul eie drome (werklik of verbeelding) deur die verlede tyd te gebruik en drie paragrawe te skryf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min



**Handskrifkontrolering**
- Kontroleer sommige handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Bekendstelling/bou van die storie soos benodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop vir begripsvrae deur die onderwyser.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees weer die storie hardop saam met.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Sing hard en sag

30 min



**Inleiding**
- Herinner die leerders aan die wiegeliedjies wat hulle die vorige week gesing het.

**Bespreek**
- Watter liedjies kan hard gesing word? Noem 'n paar gewilde/tradisionele liedjies.
- Watter liedjies kan sag gesing word? Noem 'n paar gewilde/tradisionele liedjies.
- Kan julle aan 'n liedjie dink wat harde en sagte dele het?

**Groepe**
- Groep kies een van die liedjies soos hierbo genoem.
- Die leerders oefen 'n liedjie met beide harde en sagte toonsterkte.
- Een van die groeplede kan as die dirigent aangewys word.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESERING 1 *Sipho se droom*

15 min

- Gee aan die leerders 'n skoon vel A4-papier.
- Vra hulle om 'n prent van die derde deel van die storie *Sipho se droom* te teken en 'n sin te skryf.
- Laat die laaste groep leerders na jou tafel kom en vra beide laer- en hoër-ordevrae oor die storie *Sipho se droom*.

**Voorbeeldvrae:**
- Vertel die storie van Sipho se droom in volgorde oor.
- Wie is die karakters in die storie?
- Wie is die persoon wat hulle op die TV-program sien?
- Vir wie het Sipho gedink het hy in sy droom gesien? Ddink julle, hy het hom regtig gesien? Waarom/ Waarom nie?
- Het Duduzile haar broer gevind? Waarom/ Waarom nie?
- Hoe weet julle die twee ou dames is gelukkig om mekaar te ontmoet?

**Sien na:**
Sien bladsy 117
**Punte:** 5



## AANVANGSKENNIS Gaan slaap

bl. 74
15 min

**Bestaande kennis**
- Hoe laat moet ons saans gaan slaap?

**Lees die bladsy**
- Kyk na die prente.
- Wat gebeur in elke prent?
- Watter van hierdie aktiwiteite doen julle elke aand teen slaaptyd?

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Bespreek in pare watter aktiwiteite julle doen. Gebruik die volgorde woorde.
- Skryf een ding neer wat julle doen wat nie geïllustreer word nie (bv. *trek jou pajamas aan*).






## KLANKE Skryf die woorde korrek neer

bl. 75
15 min

MG
bl. 8–13

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**






## LEES Woordeskat en taal

15 min

**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die LAB.
- Sit die flitskaarte teen die woordmuur en lees hulle weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Hoeveel keer kan jy die woord *en* in hierdie sinne lees? (5)
- Watter woordsoort is *en*? (voegwoord)
- Ken julle enige ander voegwoorde?





## LEES EN BEGRIP ASSESSERING 1

**Begrip**

**OG bl. 127**

**15 min**

**Berei voor**

- Sê vir die leerders dat dit ’n assessering is.
- Deel afskrifte van OG bladsy 127 uit.
- Die leerders lees weer die storie *Sipho se droom*.

**Beantwoord die begripvrae**

- Die leerders moet dit nie uit geheue doen nie. Hulle moet na die teks kyk om die antwoorde te vind.

**Kontroleer antwoorde saam met**

**Sien na:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10



NAAM ____________ DATUM ____________

Begrip

**Lees die storie** Sipho se droom.

1. Sipho se droom was ...
   - gelukkig
   - vreemd
   - angswekkend
2. Sipho het vir Ouma gesê dat hulle moet ...
   - TV kyk
   - sy tannie soek
   - oor die droom gesels
3. Die dame op die TV was Sipho se ...
   - ouma
   - mamma
   - oupa se suster
4. Nommer die dele van die storie in die regte volgorde.
   - ’n Dame het na haar broer gesoek.
   - Sipho en Ouma het die dame ontmoet.
   - Ouma het die nommer op die TV geskakel.
   - Sipho en Ouma het saam TV gekyk.
5. Ek dink Sipho het ____________ en ____________ gevoel toe hy vir Duduzile ontmoet het, want ____________

LEES ASSESSERING I    Week 7 • Donderdag 127





## GROEPBEGELEIDE LEES

**MG bl. 31–37**

**5 min + 30 min**

**MG bl. 24–27**

**Handskrifkontrolering**

- Kontroleer sommige handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**

- Lees weer die storie hardop saam met.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Onderwyser luister hoe die leerders lees.







## UITVOERENDE KUNSTE

**Uitvoering**

**30 min**

**Voer op**

- Groepe neem beurte om die liedjie wat hulle geoefen het, op te te voer.
- Kies ’n groep met selfvertroue om eerste op te tree.

**Evalueer**

- Prys en gee applous vir elke groep.
- Prys die dirigent van elke groep.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**30 min**

**MG bl. 51–52**

**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**

- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Kyk na die maan

**bl. 72**
**15 min**

Die maan reflekteer die son se lig. Die deel van die maan wat ons sien hang af van waar die maan is wanneer hy om die aarde wentel.

Wanneer dit **volmaan** is, kan ons die volle maan sien, want die maan is tussen die son en die aarde.

Wanneer ons ’n **nuwemaan** sien is die maan tussen die aarde en die son. Die son se lig is op die kant van die maan wat weg van die aarde af wys, daarom sien ons dit nie.

Tussen volmaan en nuwemaan sien ons ál minder en minder van die maan en dan weer meer en meer totdat dit weer volmaan is.

**Pare**

- Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**

- Vra ’n paar leerders om hul menings met klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart
- Bespreek en gee meer inligting.




## AANVANGSKENNIS — Kyk na die maan

**15 min**

**Skryf en teken wat julle uitgevind het**

- Skryf een ding neer wat julle geleer het.
- Teken ’n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



## KLANKE — Diktee

**15 min**
**MG bl. 10**

**Lees die dikteewoorde**

- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een keer.

**Skryf**

- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif skryf.

**Sien na en korrigeer**

- Skryf die woorde op die bord vir die leerders om na te sien.

vurk
wurm
berg
vorm
dorp

## SKRYF ASSESSERING 1 — My nuus

**15 min**

**Onafhanklik**

- Sê vir die leerders dat dit ’n assessering is, wat gemerk gaan word.
- Dink eers waaroor jy wil skryf.

**Skryf**

- Herinner die leerders om:
  - Ten minste twee paragrawe met drie sinne elk te skryf.
  - Interessante idees te skryf.
  - Skryfwerk te kontroleer voordat hulle dit inhandig.

**Sien na:**
Sien bladsy 121
**Punte:** 5






## GROEPBEGELEIDE LEES

**Handskrifkontrolering**
- Kontroleer sommige handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees weer die storie hardop saam met.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Onderwyser luister hoe die leerders lees.

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27




## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam met deur die DBO-werkboekaktiwiteite.

15 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

30 min

MG bl. 51–52

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Nagdiere

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

uil | jag | fout | verjaag | dorpie

**Sinstrook**

Eendag lank, lank gelede het ’n baie ou dame aan die einde van haar lewe gekom. Sy het ’n baie gelukkige lewe gehad.

## ONAFHANKLIKE TAKE

1. **Lees in pare** LAB bladsy 90
2. **Handskrif 1**  Pp Gg
3. **Handskrif 2** Die boer pars die vars druiwe en dors die gars.
4. **Handskrif 3** loop hardloop draf hop
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 105 en 109
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 48–49
7. **DBO Lewensvaardigheid** bladsy 62
8. **Woordeboek**
   uil jag fout verjaag dorpie

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE



- Vetkryte en papier
- Toerusting vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Flitskaarte vir LO-assessering: hardloop, spring, huppel, hop, sit, stap, staan
- Musiek vir die Uitvoerende Kunsteles, bv.
  - *Pieter en die Wolf* deur Sergei Prokofiev
  - *Karnaval van diere* deur Camille Saint-Saens
  - *The Lion King* “The circle of life”
  - Afrika-volksmusiek

# Die uil-storie

Lank, lank gelede, in 'n dorpie ver hiervandaan, het daar 'n baie ou dame gewoon. Sy was gelukkig, vol **vreugde** en verwondering. Haar kinders was gesond en gelukkig, en daar was niks wat sy anders sou wou hê nie. Sy het haar lewe voluit gelewe.

Toe sy 95 was, was sy moeg en gereed om die wêreld te verlaat. Sy het vir almal in haar familie vertel hoe lief sy vir hulle was en dat sy wou gaan slaap. En toe het sy gaan slaap.

"Daar is egter een ding wat ek graag wil hoor voor ek die wêreld groet," het sy gedink terwyl sy in haar bed gelê het, "en dit is om die geroep van my ou vriend, die uil, nog 'n laaste keer te hoor. Hy is al vir so baie jare 'n goeie vriend wat die rotte weghou en my laat weet dat alles om my **vreedsaam** is."

Die uil het haar wens beantwoord. "Hoe, hoee! Hoe, hoee!" het hy onmiddellik uitgeroep.

Die ou vrou het die geroep van die uil gehoor, geglimlag en die wêreld gegroet. Die uil het weggevlieg om rotte te vang, want dit was sy werk in die wêreld.

Die ou vrou se seun was baie hartseer. Hy het sy mamma baie gemis. Hy het onthou hoe hy die aand toe sy mamma dood is, die uil hoor roep het. Toe het hy die uil begin **blameer** vir sy mamma se dood.

Hy het gedink dat, as hy die uil weggejaag het, sy mamma nie sou gesterf het nie.





"Ons moet al die uile wegjaag," het hy vir sy bure gesê. Hulle het hom gehelp en gou was al die uile uit die dorpie en het hulle iewers anders gaan rotte jag.

Die rotte in die dorp het gou agtergekom dat hulle nie meer vir die uile hoef weg te kruip nie. Hulle het al die kos in die dorp begin eet, vet geword en baie babas gehad.

Toe die slange al die vet rotte in die dorpie gesien het, het hulle dadelik soontoe gekom om die rotte te eet.

Tot vandag toe is daar baie rotte wat mense se kos opeet in die dorpies waar mense die uile weggejaag het. En baie slange wat die rotte kom eet.

## WOORDESKAT

**vreugde** – baie gelukkig

**vreedsaam** – rustig en tevrede

**blameer** – sê dit is iets se skuld

# MAANDAG



## HARDOPLEES *Die uil-storie*

OG bl. 79
15 min

### Voorlees

- Vra die leerders hoe hulle voel as hulle 'n uil hoor roep.

### Lees die storie hardop, met uitdrukking

- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie. Dit is belangrik dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

### Na lees

- Die leerders reageer en sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.
- Watter diere, dink julle, het die meeste skade in die dorp veroorsaak - die uile of die rotte en slange? Hoekom?





## AANVANGSKENNIS Nagdiere

bl. 84
15 min

### Bestaande kennis

- Dink aan *Die uil-storie*. Wanneer jag uile?

### Lees die bladsy vir en saam met die leerders

- Watter dier, dink julle, is die grootste?
- Watter diere eet die meeste vleis? Plante? Beide? Kan julle nog onthou wat ons van elk van hierdie soort diere noem?
- Hoe lyk elk van hierdie diere? Hoe beweeg hulle?

### Die leerders beantwoord die vrae aan die einde met hul eie idees



DATUM

Nagdiere

Hierdie diere kom snags uit.

| | Hoe dit beweeg | Wat dit eet | Liggaams-bedekking |
|---|---|---|---|
| Jakkals | loop, draf, hardloop<br>kan teen 60 km/h hardloop | klein bokkies, reptiele, insekte, voëls, vrugte, bessies | bruin en swart pels |
| Ystervark | loop, waggel, hardloop<br>kan teen 3 km/h hardloop | bas, bolle, vrugte wat van bome afval en wortels | pels en veerpenne |
| Uil | vlieg, hop op die grond<br>kan teen 60 km/h vlieg | rotte, muise, klein soogdiere en voëls, insekte, veral motte | vere |
| Erdvark | loop, hardloop<br>kan teen 40 km/h hardloop | miere en termiete wat hulle met hul skerp kloue uitgrawe | growwe hare ver uitmekaar |

Vir watter nagdier is jy die bangste? Waarom?

84 • WEEK 7 • MAANDAG



## KLANKE Die rs-klank

bl. 85
15 min

MG bl. 8–13

### Stel die klank bekend

- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

### Identifiseer woorde met die klank

- Die leerders kan nog woorde gee.

### Pare

- Lees die woorde.

### Skryf

- Skryf woorde vir die prente.

### Lees die sin



DATUM

-rs

kers

wors mors pers

dors vers kners

ha ______ do ______ slu ______

Die boer pars die vars druiwe en dors die gars.

WEEK 7 • MAANDAG • 85



## LEES *Die uil-storie*

bl. 78–83
15 min

### Prentloop

- Vir wie kan julle in die prente sien?

### Lees die hele storie vir en saam met die leerders

- Lees die hele storie vir en saam met die leerders.
- Die leerders wys met hulle vingers na die woorde.

### Begrip

- Op bladsy 78, wys na die woord wat vir ons sê watter soort lewe die ou vroutjie gelei het.
- Op bladsy 79, wys na die woorde wat vir ons sê wat haar laaste wens was.
- Het het haar wens waar geword?
- Op bladsy 80, wys na die woord wat vir ons sê hoe die man gevoel het toe sy moeder gesterf het.
- Hoe weet julle dat hy die uil blameer het?



Die uil-storie

Eendag, lank, lank gelede het 'n baie ou dame aan die einde van haar lewe gekom. Sy het 'n baie gelukkige lewe gehad.

78 • WEEK 7



## HANDSKRIF

**Handskrif**

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week.
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike oefening**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37



**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE

**Skep 'n prent van 'n nagdier**

30 min



**Bespreek**
- Bespreek ander nagdiere en/of kyk na prente.

**Berei voor**
- Gebruik ou vetkryte en bedek 'n vel kunspapier met 'n dik laag verskillende kleure. Daar mag geen gapings wees nie.
- Bedek die gekleurde laag met 'n dik laag swart kryt.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG bl. 51–52



**Gebruik hierdie week een van die Aktiwiteitstasies vir LO Assessering 1**

**Ruimtelike oriëntasie**
- Volg verbale instruksies.
  - Loop 6 treë vorentoe, 10 treë agtertoe en 3 treë na links. Stop.
  - Loop sywaarts met jou bene oorkruis.
  - Hop 6 maal op een been en 9 maal op die ander een.

**Perseptueel-motories**
- Die leerders reageer op flitskaart-aksies:
  - hardloop, spring, huppel, hop, sit, loop, staan.

**Berei voor**
- Kies drie ander aktiwiteite op bladsy 5 vir die week, berei die toerusting voor en verdeel die klas in vier groepe.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Vra leerders met selfvertroue om te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Indien daar tyd is, laat die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, krappe-en-kraaie, wegkruipertjie speel.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG

## WELSYN Oplettende ek

15 min



- Die leerders sit gemaklik met hul oë toe.
- Hulle luister aandagtig na die geluide wat hulle rondom hulle kan hoor.
- Hulle maak hul oë oop en vertel vir mekaar wat hulle gehoor het.
- Gesels oor hoe geluide saans soms harder klink omdat mense minder geraas maak, daar minder motors is, ens.

## AANVANGSKENNIS/PSW ASSESSERING 1

### Meer oor nagdiere

bl. 128

15 imiz


NAAM ______ DATUM ______

Meer oor nagdiere

Pas die woorde by die diere.

ligste, sagste, skerpste, vinnigste, eet net vleis, eet vleis en plante, eet net plante

Waarom, dink jy, vang en eet uile motte?

128 Week 7 • Dinsdag AK ASSESSERING 2

**Berei voor**

- Sê vir die leerders dat dit 'n assesseringsaktiwiteit is.
- Deel afskrifte can OG bladsy 128 uit.
- Herinner die leerders aan wat hulle oor nagdiere geleer het.

**Leerders doen die aktiwiteit**

- Kyk na die prente en lees die woorde.
- Verbind die woord met die korrekte nagdier. 'n Dier/wese mag dalk meer as een woord hê wat dit beskryf en sommige byskrifte pas by meer as een dier/wese.
- Skryf die antwoorde vir die vrae neer.

**Sien na:** Sien bladsy 122
**Punte:** 10

## KLANKE Kies die regte woord

bl. 86

15 min

MG bl. 8–13


DATUM ______

Kies die regte woord

wors, pars, kers, dors, vars, pers

1 Die boer pars die druiwe.
2 Die atleet is ______.
3 Ek verf my kamer ______.
4 Daar is ______ in die pan.
5 Ons steek 'n ______ aan.
6 Die brood is ______.

86 • WEEK 7 • DINSDAG

**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**

- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES Sinsbou

bl. 127

15 min

MG bl. 19–20




**Knip uit**

- Die leerders knip die sinstrook uit.

**Lees saam**

- Kan julle die woorde vind wat vir ons sê dat die storie lank gelede gebeur het? (*eendag*, *lank*, *lank gelede*)
- Wanneer hoor julle hierdie frase dikwels? (*aan die begin van stories*)

**Vra vrae oor die sinstrook**

- Die leerders knip die woorde/frases uit nadat al die vrae beantwoord is.
- **Wanneer?** Eendag lank, lank gelede
- **Wie?** het 'n baie ou vroutjie
- **Wat gedoen?** aan die einde
- **Van wat?** van haar lewe
- **Wat gedoen?** gekom
- **Wie?** Sy
- **Het hoe?** het 'n baie gelukkige
- **Wat?** lewe gehad.

**Skryf die woorde in die regte volgorde om 'n sin te maak**

**Plak die sinne** in oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF

**Paragrawe**

**Inleiding**
- Kies een van die nagdiere waarvan die klas geleer het.

**Wys die skryfraam**
- Titel: die naam van dier
- Paragraaf 1: twee of meer sinne oor die voorkoms.
- Paragraaf 2: twee of meer sinne oor hoe dit beweeg.
- Paragraaf 3: twee of meer sinne oor die kos wat dit eet, waar dit gevind word en hoe dit lyk.

**Dinkskrum**
- Oor watter dier gaan ons skryf?
- Watter woordeskat het ons nodig?

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die paragrawe op die bord te skryf.

15 min

MG bl. 38–41








## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27







## VISUELE KUNSTE

**Skep 'n prent van 'n nagdier**

**Voltooi voorbereiding**
- Die leerders voltooi die dik laag swart vetkryt bo-op die gekleurde laag vetkryt.

**Skep**
- Die leerders gebruik 'n potlood en trek die buitelyne van 'n nagdier op die voorbereide papier.
- Hulle gebruik 'n skerp stokkie en krap die swart kryt af al langs die potlood buitelyne totdat die gekleurde laag sigbaar is.
- Hulle voeg addisionele besonderhede by soos nodig.

**Stal uit**

30 min



Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

### Ruimtelike oriëntasie en perseptueel-motoriese vaardighede

**Warm op**
**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.

**Assessering Groep 1**
- **Ruimtelike oriëntasie:** Volg verbale instruksies.
  - Loop 6 treë vorentoe, 10 treë agtertoe en 3 treë na links. Stop.
  - Loop sywaarts met jou bene oorkruis.
  - Hop 6 maal op een been en 9 maal op die ander een.
- **Perseptueel-motories:** Reageer op flitskaart-aksies – hardloop, spring, huppel, hop, sit, loop, staan.

**Koel afv**

30 min



**Sien na:**
Sien bladsy 125
**Punte:** 5

# WOENSDAG

## WELSYN — Ek dink, ek voel ...

15 min



**Vraag**
- Hoe voel ek wanneer ek saans veilig in my huis is? Hoekom?

**Pare**
- Bespreek die vraag.

**Deel**
- Kies twee leerders om hul gevoelens met die klas te deel (gee aan elkeen 'n kans deur die loop van die kwartaal).

## AANVANGSKENNIS — Uile

bl. 87
15 min
MG bl. 45




**Maak 'n KWL-kaart oor uile**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.

**Leerders se antwoorde sal Vrydag geassesseer word**

## KLANKE — Die rt-klank

bl. 88
15 min
MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES — *Die uil-storie*

bl. 78–80
15 min




**Lees saam**
- Lees die eerste drie bladsye van *Die uil-storie* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie



## SKRYF ASSESSERING 2 Nagdiere

15 min



**Hersien die Gedeelde Skryf van Dinsdag**
- Titel.
- Drie paragrawe: voorkoms, kos en hoe dit gevind word, hoe dit beweeg.

**Dinkskrum en skryf op die bord**
- Oor watter ander nagdier kan ons skryf?
- Watter woordeskat het ons nodig?

**Skryf**
- Die leerders skryf drie paragrawe oor ’n ander nagdier as die een waaroor hulle tydens Gedeelde Skryf geskryf het.

**Sien na:**
Sien bladsy 121
**Punte:** 10





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min



**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE Improviseer en interpreteer

30 min



**Berei voor**
- Kies ’n kort stukkie instrumentale musiek wat dierebewegings kan voorstel.

**Bespreek**
- Sê vir die leerders dat musiek beelde in jou gedagtes kan skep. Byvoorbeeld, harde musiek kan jou laat dink aan leeus wat brul; vinnige musiek kan jou laat dink aan perde wat galop, ens.

**Luister**
- Speel die gekose musiekstuk vir die leerders.
- Hulle gesels in pare oor watter dier hulle dink dit is. Deel idees met die klas.

**Beweeg**
- Speel weer die musiek en vra die leerders om op die musiek te beweeg.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

30 min



### Ruimtelike oriëntasie en perseptueel-motoriese vaardighede

**Warm op**
**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na ’n aktiwiteitstasie.

**Assessering Groep 1**
- **Ruimtelike oriëntasie:** Volg verbale instruksies.
  - Loop 6 treë vorentoe, 10 treë agtertoe en 3 treë na links. Stop.
  - Loop sywaarts met jou bene oorkruis.
  - Hop 6 maal op een been en 9 maal op die ander een.
- **Perseptueel-motories:** Reageer op flitskaart-aksies – hardloop, spring, huppel, hop, sit, loop, staan.

**Koel afv**

**Sien na:**
Sien bladsy 125
**Punte:** 5

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min

**Saans**
Sterre skitter in die lug die maan is rond en vol *(fladder vingers)*
Uile klap hul vlerke en sê hoo, hoo, hoo. *(klap arms)*
Vlermuise vlieg deur die donker nag *(swaai hande in die lug)*
Katte bekruip en spring hul's besig om te jag. *(spring)*
Luiperds klim in bome om hul prooi te sien *(maak asof in boom klim)*
Ystervarkies hardloop vinnig oor die gras *(hardloop op die plek)*
Hiënas lag en tjank, en wag hul kans ook af. *(tjank – huil)*
Terwyl ek snoesig in my bedjie lê en slaap. *(sit hande langs die kop en maak asof slaap)*

**Hierdie gedig of enige ander bekende rympie kan vir die assessering in Uitvoerende Kunste in Week 8 gebruik word. Maak egter seker dat die leerders dit oor die volgende paar dae gereeld en genoeg oefen.**

## AANVANGSKENNIS — Raaisels: Dag of nag?

15 min



**Bestaande kennis**
- Bespreek plaas- en huisdiere wat die leerders ken.
- Is enige van hulle nagdiere?
- Moedig hulle aan om te debatteer oor of katte nagdiere is. (*Hulle is die aktiefste vroeg in die oggend en net voor dit donker word, maar is nie nagdiere nie.*)

**Raaisels: Dag of nag?**
- Maak in klein groepies beurte om 'n raaisel oor 'n dier op te maak. Een leidraad moet wees oor of dit 'n dag- of nagdier is.

## KLANKE — Skryf jou eie sinne

15 min

MG bl. 8–13




**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**
- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2-3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Die leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke.
- Loop deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer/merk die aktiwiteit**

## LEES — Woordeskat en taal

15 min



**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woord in die LAB.
- Sit die flitskaarte teen die woordmuur en lees hulle weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Omkring die woorde wat vir jou meer van die ou vroutjie vertel. (*baie; ou*) Wat noem ons hierdie soort woorde? (*byvoeglike naamwoorde/beskrywende woorde*)
- Watter ander woorde kon julle gebruik het om haar te beskryf? (*ouerige, bejaarde, stokou, antieke,* ens.)
- In die tweede sin, in plaas van "baie gelukkig" dink aan antonieme/teenoorgesteldes. (*hartseer, eensaam met, ongelukkig, ellendig*)



## SKRYF Verbeter ons skryfwerk

15 min

**Bespreek Gedeelde Skryf**
- Lees 'n sin van Dinsdag se Gedeelde Skryf vir die leerders.
- Kies 'n woord uit die sin en wys hoe dit vervang kan word met 'n meer interessante sinoniem (bv. "hardloop" kan met "gehaas", "gegalop", "bestorm", ens. vervang word)

**Pare: Lees, sien na en verbeter**
- Die leerders lees 'n sin van hulle skryfwerk van die vorige dag aan 'n maat.
- Kontroleer die spelling en leestekens van die sin saam met die leerders.
- Kan julle jul sin meer interessant maak deur 'n sinoniem vir een van die woorde te gebruik?







## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27







## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

### Beweeg op die maat van die musiek

30 min

**Inleiding**
- Herinner die leerders aan die musiek waarna hulle die vorige dag geluister het.
- Vra vir hulle om te gesels oor hoe hulle saam met die musiek beweeg het.

**Berei voor**
- Speel ander musiek en vra die leerders om te dink aan watter dier dit hulle laat dink.

**Voer op**
- Die leerders beweeg op die musiek en beeld die dier
  uit wat hulle gekies het.
- Hulle moet 'n reeks bewegings gebruik.
- Neem waar en maak notas oor die uitvoering van elke leerder.



**Sien na:** Sien bladsy 124
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

### Ruimtelike oriëntasie en perseptueel-motoriese vaardighede

30 min

**Warm op**
**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.

**Assessering Groep 1**
- **Ruimtelike oriëntasie:** Volg verbale instruksies.
  - Loop 6 treë vorentoe, 10 treë agtertoe en 3 treë na links. Stop.
  - Loop sywaarts met jou bene oorkruis.
  - Hop 6 maal op een been en 9 maal op die ander een.
- **Perseptueel-motories:** Reageer op flitskaart-aksies – hardloop, spring, huppel, hop, sit, loop, staan.

**Koel afv**



**Sien na:**
Sien bladsy 125
**Punte:** 5

## VRYDAG

### LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2 — Uile

**bl. 87**
**15 min**

Daar is twaalf verskillende uilspesies (soorte) in Suid-Afrika. Die grootste is die arenduil en die kleinste is die skopsuil.

Uile help mense deur rotte en ander kleiner diere wat gewasse en gestoorde voedsel eet, te jag en te eet. Rotte kan mense ook siek maak deur kieme of vlooie wat hulle dra, in huise in te bring of deur mense te byt. Slange kom dan ook in huise in op soek na rotte. Uile hou dus ook slange weg.

**In groepe van omtrent ses leerders**

- Elke leerder vertel een ding omtrent uile.
- Gaan voort met hierdie assessering in die volgende les.
- Die res van die leerders skryf hul antwoorde op bladsy 133 in die LAB.

**Sien na:** Sien bladsy 117
**Punte:** 5




### AANVANGSKENNIS — Uile

**15 min**

**Die leerders skryf en teken**

- Skryf een iets wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.

**Gaan voort met Luister en Praat Assessering 2**

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



### KLANKE — Spoedlees woorde

**bl. 89**
**15 min**
**MG bl. 16-17**

**Pare lees die woorde**

- Die leerder lees vir 1 minuut vir 'n maat.
- Hou self die tyd.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**

- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hul beste telling neer.
- Verduidelik dat hulle meer woorde sal kan lees hoe meer hulle oefen.


DATUM

Spoedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| klim | aan | sag | teen | vars |
| om | een | leer | sy | gee |
| teken | vang | wie | foon | mors |
| drink | jaar | mak | neem | swart |
| uit | met | ly | nuut | beurt |
| hele | brood | na | blou | dink |
| rooi | dit | wes | tog | soort |
| speel | gaan | ham | tyd | hart |
| lug | wees | kies | weg | kners |
| blik | sent | lief | vlieg | eers |

Hoogste telling: ________ woorde per minuut

WEEK 7 • WOENSDAG • 89

### LEES — My nuus

**15 min**

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare**

- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**

- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**
- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**
- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**
- Gaan saam met die leerders deur die DBO-werkboekaktiwiteite.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

30 min



### Ruimtelike oriëntasie en perseptueel-motoriese vaardighede

**Warm op**
**Aktiwiteitstasies**
- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.

**Assessering Groep 1**
- **Ruimtelike oriëntasie:** Volg verbale instruksies.
  - Loop 6 treë vorentoe, 10 treë agtertoe en 3 treë na links. Stop.
  - Loop sywaarts met jou bene oorkruis.
  - Hop 6 maal op een been en 9 maal op die ander een.
- **Perseptueel-motories:** Reageer op flitskaart-aksies – hardloop, spring, huppel, hop, sit, loop, staan.

**Koel af**

**Sien na:**
Sien bladsy 125
**Punte:** 5

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**
- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Nagdiere



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

lewendig | wegjaag | dorpie | jag | slange

**Sinstrook**

Dit is hoekom, wanneer mense uile wegjaag, daar baie rotte is wat die mense se kos opeet. Daar is ook baie slange wat die rotte kom eet.

## ONAFHANKLIKE TAKE

1. **Lees in pare** LAB bladsy 96
2. **Handskrif 1** Oo Jj
3. **Handskrif 2** Die man met die baard vat sy swaard en klim op sy perd.
4. **Handskrif 3** pels veerpenne vere hare
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 112
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 113
7. **DBO Lewensvaardigheid** bladsy 63
8. **Woordeboek**
   lewendig wegjaag dorpie jag slange



## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Klei/Plasticine/speelklei; swart en wit verf; vuurhoutjiestokkies/tandestokkies of stukkies strooigras/dun stokkies
- Toerusting vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Hoe die ystervark sy penne gekry he



Eens op 'n tyd, toe die wêreld nog jonk was, het Ystervark geen **penne** gehad nie. Hy het 'n gladde swart pels en lang, skerp kloue gehad. Die leeu, die hiëna en die arend het Ystervark gejag omdat hulle hom vir aandete wou eet.

Arme Ystervark! Hy het snags probeer eet en bedags weggekruip, maar die diere het hom steeds gejag.

Een aand het 'n leeu deur die veld gestap. Hy het vir Ystervark gesien en gedink: "Aandete!" Ystervark was baie bang. Hy het met sy lang, skerp kloue in die grond gegrawe en homself onder 'n groot doringbos begrawe. Die leeu was te lui om hom te volg.

Toe Ystervark onder die bos uitkruip, het die lang wit dorings aan sy sagte vel vasgesit. "Eina!" het hy geskree. "Hierdie bos **beskerm** homself met sy lang dorings! Dit gee my nou 'n plan!"

Hy het ŉ paar takke van die doringbos afgebreek en op sy rug gesit. Toe het hy in die oop veld gaan sit om te kyk of iets hom gaan probeer vang.

Toe 'n uil uit die lug op hom afgepyl het, het Ystervark homself soos 'n bal opgekrul. Die dorings het in Uil se snawel en sagte bors gesteek. Hy het weggevlieg om sy **wonde** te verpleeg.



Hiëna het deur die gras aangesluip gekom, op soek na kos. "Mmm, ŉ lekker sappige ystervark!" het hy geprewel. Maar toe hy naby Ystervark was, het Ystervark homself opgekrul en die skerp dorings het Hiëna se lippe stukkend gesteek. "Oe! Oe! Oe!" het Hiëna gehuil en weggehardloop.

Die volgende dag het Ystervark ŉ klomp skerp wit dorings bymekaargemaak. Hy het klei oor sy hele rug gesmeer en die dorings daarin gesteek. Toe die diere sy skerp, stekelrige vel sien, het hulle ver van hom af gebly, want hulle het geweet hoe seer die dorings hulle sou maak.

Uiteindelik het al die ystervarke begin om lang penne op hul rûe te groei. So het hulle hulself beskerm teen ander diere wat hulle wou aanval. En dit is waarom alle ystervarke vandag steeds penne het!

## WOORDESKAT

**penne** – lang skerp stekels by diere

**beskerm** – veilig hou

**wonde** – beserings wat veroorsaak word deur iets skerps

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Hoe die ystervark sy penne gekry het*

OG bl. 91
15 min



**Voorlees**
- Watter soort stories begin met "Eendag, lank, lank gelede ..."?

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie. Dit is belangrik dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Die leerders reageer en sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.

## AANVANGSKENNIS Sien in die donker

bl. 91
15 min




**Bestaande kennis**
- Watter nagdiere kan jy onthou?

**Lees die bladsy**
- Kyk na die prente en lees die teks vir en saam met die leerders.

**Reageer**
- Die leerders skryf die antwoorde op die vrae neer.

## KLANKE Die rd-klank

bl. 92
15 min

MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES *Die uil-storie*

bl. 81–83
15 min




**Prentloop**
- Vir wie kan jy in elke prent sien? Wat gebeur?

**Lees die hele storie vir en saam met die leerders**
- Die leerders wys na die woorde met hul vingers.

**Begrip**
- Op bladsy 81, wys na die woorde wat vir ons sê dat hierdie bladsy oor die ou vroutjie se seun gaan.
- Op bladsy 82, wys na die woord wat vir ons sê hoeveel rotte in die dorpe gewoon het toe die uil nog daar was.
- Op bladsy 83, wys na die woorde wat vir ons twee dinge vertel wat die rotte gedoen het nadat die uile weg was.
- Kan jy die frase vind wat vir ons vertel wat die rede was dat die rotte die mense se kos geëet het.



## HANDSKRIF Handskrif

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week.
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike oefening**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min





**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling)
- gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Stel hierdie week se onafhanklike take bekend.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle Lees Assessering 1 het.

## LEES ASSESSERING 1 Groep A

- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul leesbundel.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir 1–2 minute hoe elke leerderlees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.

**Sien na:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10



## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 2 Maak 'n ystervark

OG bl. 131

30 min



**Bespreek**
- Hoe lyk ystervarke? Watter kleur is hulle? Watter vorm het hulle?
- Wat het hulle op hul rûe?

**Skep**
- Die leerders maak penne met stokkies, vuurhoutjiestokkies of tandestokkies.
- Hulle verf die stokkies om soos penne te lyk.
- Bêre hierdie stokkies om die ystervarke op Dinsdag te voltooi.

**Sien na:** Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5, berei die apparaat voor en verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, krappe-en-kraaie, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG



## WELSYN Oplettende ek

15 min

- Die leerders sit met bene gekruis en oë toe.
- Sê hulle moet hulle verbeel dat hulle rondom 'n vuur sit. Sê hulle moet hulle verbeel hulle sien die vlamme.
- Die leerders werk in pare. Hulle mekaar wat hulle in die vlamme "gesien" het.
- Een of twee leerders deel met die groep.





## AANVANGSKENNIS Oë

15 min




**Wat gebeur met ons oë in die sonlig?**
- Buite in die sonlig, kyk leerders in pare na 'n maat se pupille.
- Een leerder maak die oë styf toe en tel stadig tot by 10.
- As die leerders hul oë oopmaak, kyk hul maats of hulle enige veranderinge in die pupille kan sien.

**Bespreek**
- Hoe het die grootte van die pupille in die sonlig verander?
- Beteken dit dat daar min of meer lig in die oog gekom het?



## KLANKE ASSESSERING 1 Vul die klanke in

OG bl. 129
15 min

**Sê die klanke**
- Deel afskrifte van OG bladsy 129 uit.
- Die leerders skryf die klanke in die blokkies terwyl jy dit sê.

**1.** rd
**2.** rm
**3.** rg
**4.** rk
**5.** lf

**Lees die dikteewoorde**
**1.** wurm
**2.** berg
**3.** vark
**4.** golf
**5.** swaard

**Neem die bladsye in**

**Sien na:**
Sien bladsy 118
**Punte:** 10


NAAM ______ DATUM ______

Skryf die klanke neer.

1 2 3 4 5

Vul die klanke in.

wo lf
1 wu____
2 be____
3 va____
4 go____
5 swaa____

KLANKE ASSESSERING I — Week 8 • Dinsdag 129



## LEES Sinsbou

bl. 129
15 min
MG bl. 19–20

**Knip uit**
- Die leerders knip die sinstrook uit.

**Lees saam**
- Watter voegwoord word aan die begin van een van die sinne gebruik? *(en)*

**Vra vrae oor die sinstrook**
- Die leerders knip die woorde/frases uit nadat al die vrae beantwoord is.
- **Waarom?** Dit is hoekom
- **Wie?** wanneer mense
- **Doen wat?** uile verjaag
- **Hoeveel?** daar baie
- **Wat?** rotte is
- **Doen wat?** wat hulle kos opeet.
- **Voegwoord?** En
- **Hoeveel?** daar is baie
- **Wat?** slange
- **Wat?** wat weer die rotte
- **Doen wat?** kom eet.

**Skryf die woorde in die regte volgorde om 'n sin te maak**

**Plak die sinne** in oefenboeke.


Dit is hoekom, wanneer mense uile
wegjaag, daar baie rotte is wat die
mense se kos opeet. Daar is ook
baie slange wat die rotte kom eet.

WEEK 8 129



## GEDEELDE SKRYF 'n Diere-fabel

15 min

MG bl. 38–41




**Inleiding**
- Hersien die twee fabels oor die ystervark en die sebra.

**Wys die skryfraam**
- Fokus op die sinsbeginners.

**Dinkskrum**
- Praat oor watter diere ons gaan skryf.
- Watter probleem kan die dier dalk hê?
- Watter oplossing sal ons dalk vir die probleem hê?

**Gedeelde Skryf**
- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die fabel op die bord te skryf.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min





**Kontroleer handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle Lees Assessering 1 het.

## LEES ASSESSERING 1 Groep B

- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul storieboek.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na elke leerder se lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.

**Sien na:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10



## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 2 (vervolg)

30 min

### Maak 'n ystervark



**Skep**
- Die leerders maak die vorm van 'n ystervark deur klei, Plasticine of speelklei te gebruik.
- Voeg kenmerke soos bene/pote, stert, oë en 'n neus by.
- Druk die penne wat hulle die vorige dag gemaak het in die klei.
- Laat dit staan om droog te raak.

**Stal uit**
- Stal die modelle in die klaskamer uit.

**Sien na:** Sien bladsy 123
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

# WOENSDAG

## WELSYN Ek dink, ek voel ...

15 min



**Vrae**
- Hoe voel ek wanneer ek saans buite is?

**Pare**
- Bespreek die vraag.

**Deel**
- Kies twee leerders om hul gevoelens met die klas te deel (gee aan elkeen ’n kans deur die loop van die kwartaal).

## AANVANGSKENNIS Sterrenag

bl. 93
15 min
MG bl. 45




**Bestaande kennis**
- Vra die leerders of hulle die “*Sunflowers*”-skildery van Kwartaal 3 kan onthou.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks vir en saam met die leerders.
- Watter voorwerpe sien julle in die prent?
- Is die kleure warm of koel?
- Hoe laat dit julle voel?

**Praat oor die vraag**
- Wat moet julle doen om die vrae te beantwoord? (Kyk mooi na die prent.)
- Sal almal dieselfde antwoord hê?

**Leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring**

## KLANKE Die ts-klank

bl. 94
15 min
MG bl. 8–13




**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**

## LEES *Die uil-storie*

bl. 81–83
15 min




**Lees saam**
- Lees die eerste drie bladsye van *Die uil-storie* vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.



## SKRYF 'n Diere-fabel



15 min

**Hersien**
- Hersien die Gedeelde Skryf-fabel van die vorige dag.

**Dinkskrum woordeskat**
- Dinkskrum woorde oor die eienskappe van verskillende diere. (*olifant - slurp; kat - snorbaarde; aap - stert*)

**Skryf**
- Die leerders kies hul eie fabel en skryf dit.
- Hulle kan hierdie fabels in Week 10 as 'n klasboek publiseer.





## GROEPBEGELEIDE LEES





MG bl. 31–37

5 min + 30 min

**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle Lees Assessering 1 het.

## LEES ASSESSERING 1 Groep C

- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul storieboek.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na elke leerder se lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.

**Sien na:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 2



30 min

### Resiteer en voer uit

**Warm op**
- Resiteer die gedig van Week 7 (of enige ander geskikte gedig) saam met die klas.

**Bespreek**
- Praat oor verskillende aksies vir elke versreël.
- Bespreek watter soort stem om vir elke versreël te gebruik – hard, sag, hoog, laag vinnig, stadig.
- Bespreek liggaamshouding wanneer jy resiteer:
  - Kyk reguit vir die gehoor.
  - Staan regop.
  - Gebruik baie uitdrukkings (gesig, liggaam, ens.).

**Werk in 'n groep**
- Oefen om die gedig as 'n groep uit te voer.
- Groepe sal die volgende dag geassesseer word.

**Sien na:** Sien bladsy 124
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2 Speel 'n speletjie



30 min

**Kies 'n speletjie**
- Selekteer uit kat-en-muis of 'n balspeletjie soos mini-krieket, sokker of bofbal.

**Verduidelik die aktiwiteit**
- Verduidelik die reëls van die speletjie wat jy gekies het.
- Kontroleer of hulle die reëls verstaan deur vrae te vra.
- Verskaf die nodige apparaat.

**Speel die speletjie**
- Die leerders speel die speletjie.

**Neem waar en assesseer die leerders**

**Sien na:** Sien bladsy 125
**Punte:** 5

# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min

Op die wysie van die Engelse liedjie ***The wheels on the bus***

Snags hoor ons die uile:
"Hoe – hoe – hoe,
hoe – hoe – hoe,
hoe – hoe – hoe!"
Snags hoor ons die uile:
"Hoe – hoe – hoe!"
Deur die hele nag!

Snags hoor ons die hiënas:
"Hie – hie – hie, hie – hie – hie, hie – hie – hie, hie – hie – hie!"
Snags hoor ons die hiënas:
"Hie – hie – hie, hie – hie – hie, hie – hie – hie, hie – hie – hie!"
Deur die hele nag!

*(Skep nog ander verse oor ander nagdiere.)*



## LEES — Feite oor ystervarke

OG bl. 130
15 min

**Berei voor**
- Deel afskrifte van OG bladsy 130 uit.

**Lees**
- Die leerders lees die teks op hul eie.
- Laat hulle toe om met 'n maat te bespreek wat hulle gelees het.
- Lees die hele teks vir die klas.


NAAM ______ DATUM ______

Feite oor ystervarke

**Lees die inligtingsverslag en beantwoord dan die vrae.**

Ystervarke het skerp veerpenne op hul rûe. Die veerpenne word van hare gevorm wat aan mekaar geheg is. Die meeste ystervarke het omtrent 30 000 veerpenne.

Wanneer baba-ystervarkies gebore word, is hulle veerpenne sag. Dit neem ongeveer vyf dae om hard te word.

Ystervarke gebruik hulle veerpenne om hulself te beskerm. Hulle stamp hulle voete en skud hulle veerpenne om die ander dier af te skrik. As die dier nie weggaan nie, hardloop die ystervark vinnig agteruit sodat hulle skerp veerpenne in die ander dier vassteek.

'n Ystervark kry weer nuwe veerpenne as hulle veerpenne uitval.

130 Week 7 • Dinsdag — AK ASSESSERING 3



## LEES ASSESSERING 2 — Begrip

OG bl. 131
15 min

**Berei voor**
- Deel afskrifte van OG bladsy 131 uit.

**Hersiening**
- Die leerders lees weer die teks.

**Beantwoord die vrae**
- Die leerders werk onafhanklik om die begripsvrae te beantwoord wat op die teks gebaseer is.

**Sien na:**
Sien bladsy 122
**Punte:** 10


NAAM ______ DATUM ______

Begrip

1. Ystervarkpenne word van ______ gemaak.
   ○ hare ○ dorings ○ stokke
2. Skryf W vir Waar en O vir Onwaar.
   Ystervarke beskerm hulself so:
   Stamp hulle voete ______
   Byt ander diere ______
   Skud hulle veerpenne ______
   Hardloop teen die ander dier vas ______
3. Kan baba-ystervarkies hulself beskerm?
   ○ Ja ○ Nee
   Hoekom? ______
4. Hoeveel veerpenne het ystervarke?
   ______
5. Kan ystervarke al hulle veerpenne verloor?
   Gee 'n rede vir jou antwoord.
   ______

AK ASSESSERING 3 — Week 8 • Dinsdag 131

## KLANKE — Skryf die woorde reg neer

bl. 95
15 min

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**


DATUM ______

Skryf die woorde reg neer

1. rtie — tier
2. eifts ______
3. aardsw ______
4. rdpe ______
5. tsmaa ______
6. rtso ______
7. rdaab ______
8. rdob ______

WEEK 8 • WOENSDAG • 95

## LEES **Woordeskat en taal**

15 min




**Flitskaarte**
- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die LAB.
- Sit die flitskaarte teen die woordmuur en lees hulle weer.

**Sinstrook**
- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Indien jy die woorde tussen die kommas weglaat (*waar die mense die uile verjaag*) is die sin nog steeds betekenisvol? (*ja*)
- Lees die sin hardop sonder die frase.
- Dink aan 'n ander frase wat jy kan gebruik (*op plekke waar daar geen uile is nie OF waar daar baie kos is*).

## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min



**Kontroleer handskrif en Onafhanklike Werk**
- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle Lees Assessering 1 doen.

## LEES ASSESSERING 1 Groep D

- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul storieboek.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na elke leerder se lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.

**Sien na:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10

## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 2 (vervolg)

30 min



### Voordrag van gedig

**Werk in groepe**
- Die leerders kry 'n paar minute om hul gedig as 'n groep te oefen.
- Herinner die leerders om regop te staan, duidelik te resiteer en aksies te gebruik.

**Assessering**
- Laat een groep op 'n keer vir die klas optree.
- Neem individue in die groep waar.
- Vra selfversekerde groepe om eerste op te tree.

**Evalueer**
- Prys en gee applous vir die leerders.

**Sien na:** Sien bladsy 124
**Punte:** 5

## LIGGAAMSOPVOEDING **Aktiwiteitstasies**

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**
- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT Sterrenag

bl. 93
15 min

Vincent van Gogh het "*Starry Night*" geskilder nadat hy vir 'n lang tyd in die hospitaal was. Die kleure wat hy gebruik het, was meestal donker en koel kleure. Hy was baie hartseer toe hy hierdie prent geskilder het. Party mense dink dat hy geweet het dat hy gou daarna sou sterf en daarom lyk die prent hartseer.

**Pare**
- Deel antwoorde op die vrae.

**Klas**
- Vra 'n paar leerders om hul menings met die klas te deel.
- Bespreek en gee meer inligting.
- Vra: Sal julle in die dorp op die skildery wil bly? Hoekom/hoekom nie?






## AANVANGSKENNIS Sterrenag

15 min

**Skryf**
- Skryf die sinsbeginner op die bord:
  Ek wil/wil nie in hierdie dorp woon nie, want ...
- Die leerders skryf hul sinne.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.





## KLANKE ASSESSERING 2 Diktee

15 min

**Lees die dikteewoorde**
- Spreek elke woord duidelik en stadig uit.
- Herhaal dit slegs een keer.

**Skryf**
- Gee die leerders tyd om elke woord te skryf.
- Hulle moet dit in hul beste handskrif skryf.

**Neem boeke in om na te sien**

**Sien na:**
Sien bladsy 118
**Punte:** 5

perd
fiets
mors
rots
hart



## SKRYF My nuus

15 min

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare**
- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**
- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.






## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer handskrif en Onafhanklike Werk**

- Kyk na 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en om hul beste letter te identifiseer.
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take, tensy hulle Lees Assessering 1 doen.

**MG bl. 31–37**

**5 min + 30 min**




## LEES ASSESSERING 2 Groep E

- Die leerders fluister-lees 'n storie uit hul storieboek.
- Roep hulle een vir een om te luister hoe hulle lees.
- Luister vir een tot twee minute na elke leerder se lees.
- Vra vrae om te kontroleer of hulle verstaan wat hulle lees.

**Sien na:** Sien bladsy 119
**Punte:** 10

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

**15 min**



**Lees**

- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**

- Gaan saam met deur die DBO-werkboekaktiwiteite.



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2 (vervolg) Speel 'n speletjie

**30 min**



**Kies 'n speletjie**

- Selekteer uit kat-en-muis of 'n balspeletjie soos mini-krieket, sokker of bofbal.

**Verduidelik die aktiwiteit**

- Verduidelik die reëls van die speletjie wat jy gekies het.
- Kontroleer of hulle die reëls verstaan deur vrae te vra.
- Verskaf die nodige apparaat.

**Speel die speletjie**

- Die leerders speel die speletjie.
- Neem waar en assesseer die tweede helfte van die klas.

**Sien na:** Sien bladsy 125
**Punte:** 5

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week 'n tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Spesiale tye saam met familie



## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

troue | pragtig | senuagtig | seremonie | tradisioneel

**Sinstrook**

Dora se ma het vir haar vertel dat haar tannie gedurende die Desembervakansie gaan trou en dat sy graag wil hê dat Dora 'n blommemeisie by haar troue moet wees.

## ONAFHANKLIKE TAKE

1. **Lees in pare** LAB bladsy 113
2. **Handskrif 1** aaa Bb Dd
3. **Handskrif 2** Die man in die tenk dink hy kan die skip laat sink.
4. **Handskrif 3** vakansie menseregte vier onthou
5. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 85
6. **DBO-werkboek vir Huistaal** Boek 2, bladsy 8975
7. **DBO Lewensvaardigheid** bladsy 64
8. **Woordeboek**
   troue pragtig senuagtig seremonie tradisioneel

## BENODIGDHEDE VIR AKTIWITEITE

- Papier, kryte/viltpenne, skêre, gom en roomystokkies (of enige ander plat stokkies)
- Oorskietstukkies materiaal en wol, gekleurde papier, tydskrifbladsye vir versiering van die handpoppe
- Prente van troues
- Toerusting vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite



# Dora, die blommemeisie

Eendag het Dora se mamma met opwindende nuus by die huis gekom. "My suster wil hê dat jy 'n blommemeisie by haar troue moet wees! Sy het jou niggie Zandile ook gevra."



Dora se oë het baie groot geword. "Haai, Mamma!" het sy gesê: "Ek, 'n blommemeisie? By my tannie se troue? Wat is 'n blommemeisie? Wat moet ek aantrek? Wat moet ek doen?"

"Wel," het haar mamma gesê, "eers moet ons vir jou 'n pragtige wit rok kry, want jy moet soos 'n bruidjie lyk. Jy gaan blomme in jou hare dra en ŉ bossie blomme vashou."

Dora het probeer dink hoe sy sou lyk.

"Op die troudag sal ons jou en Zandile pragtig aantrek," het haar mamma gesê. "Sodra die bruid gereed is, sal ons kerk toe ry. Die bruidegom sal binne wag. Jy en Zandile sal voor die bruid by die kerk instap. Julle sal stadig moet stap, want dit is 'n spesiale oomblik."

Haar mamma het verder verduidelik: "Dan sal daar 'n huwelik**seremonie** in die kerk wees. Jy en Zandile sal baie stil moet staan. Daarna moet julle agter die bruid by die kerk uitstap. Dan gaan ons almal na die **onthaal**. Ons gaan 'n heerlike partytjie met kos en musiek en dans hou om die troue te vier. En baie foto's sal geneem word!"

Toe sê Ouma vir Dora dat dit nie al is wat gaan gebeur nie. Sy het gesê: "Jou tannie gaan twee troues hê. Die eerste een is die kerktroue, en die tweede een die **tradisionele** troue. Vir die tradisionele troue gaan die gaste na die bruidegom se huis. Mense bring geskenke soos komberse en ander goed vir die egpaar se huis."

"Dan dra ons almal tradisionele klere," het Dora se mamma bygevoeg. "Jy sal krale in jou hare en om jou nek dra. En jy sal tradisionele danse saam met al die ander meisies kan doen."

"O, ek dink dit sal die beste naweek van my lewe wees!" het Dora opgewonde gesê. "Ek kan nie wag nie!"

## WOORDESKAT

**seremonie** – 'n formele geleentheid wat volgens voorskrifte verloop

**onthaal** – die partytjie na 'n troue

**tradisionele** – gebruike wat van geslag tot geslag oorgedra word

# MAANDAG

## HARDOPLEES *Dora, die blommemeisie*

OG
bl. 103
15 min

**Voor lees**
- Vra die leerders om spesiale geleenthede te noem wat hulle al saam met hul families bygewoon het.

**Lees die storie hardop, met uitdrukking**
- Gebruik verskillende stemme vir die verskillende karakters.
- Moenie lees onderbreek om iets te verduidelik of vrae te vra nie. Dit is belangrik dat die leerders hoor hoe goeie lees klink en die storie geniet.

**Na lees**
- Die leerders reageer en sê wat hulle in die storie geniet het of oor gewonder het.
- Verduidelik kortliks die woordeskat in vetdruk.



## AANVANGSKENNIS Vind uit oor feeste

bl. 104
15 min

**Bestaande kennis**
- Het julle al ’n fees soos Kersfees of Eid-Al-Fitr gevier? Wat was die lekkerste deel hiervan?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**

**Bespreek**
- Watter feeste word deur verskillende gelowe gevier?
- Wat is die spesiale dele van hierdie feeste?

**Lees die bladsy vir en saam met die leerders**




## KLANKE Die nk-klank

bl. 105
15 min

MG
bl. 8–13

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**




## LEES *Dora, die blommemeisie*

bl. 98–103
15 min

**Prentloop**
- Vir wie kan julle in elke prent sien?
- Lees die hele storie vir en met die leerders
- Die leerders wys met hul vingers na die woorde.

**Begrip**
- Op bladsy 98, wys na die woorde wat vir ons sê wanneer Dora se tannie gaan trou.
- Op bladsy 99, wys na die woorde wat vir ons sê dat Dora opgewonde was.
- Hoeveel vrae het sy vir haar mamma gevra?
- Op bladsy 100, wys na die woorde wat vir ons sê wat ná die kerktroue gaan gebeur.
- Op bladsy 101, wys na die woord wat vir ons sê dat daar ’n ander soort troue na die kerktroue is.





## HANDSKRIF Handskrif

30 min

MG bl. 31–37



**Demonstreer op die bord**
- Verskaf 'n patroon aan leerders om hierdie week te oefen.
- Demonstreer die 3 handskriftake vir die week.
- Beskryf die letterformasies.

**Begeleide oefening**
- Leerders kopieer die patroon en voltooi die eerste aktiwiteit in hul oefenboeke.
- Stap deur die klas en korrigeer lettervorming, postuur en potloodgreep.

**Onafhanklike oefening**
- Leerders voltooi die handskriftake gedurende Onafhanklike Werk-tyd.



## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27



**Kontroleer Handskrif**
- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**
- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep A en B**
- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.



## VISUELE KUNSTE Handpoppe

30 min



**Bespreek**
- Gesels oor verskillende uitrustings wat mense na troues kan aantrek.

**Werk in groepe**
- Die leerders werk in groepe van vier. Elkeen kies een karakter uit 'n troue. (*die bruid, strooimeisies, bruidegom, strooijonker*)
- Bespreek watter soort troue dit gaan wees.

**Teken**
- Die leerders teken hul karakter op 'n vel A4-papier en kleur dit in.
- Hulle bêre die tekeninge om op Dinsdag te voltooi en te versier.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 5, berei die apparaat voor en verdeel die klas in vier groepe vir die week.

**Stel aktiwiteitstasies bekend**
- Vra leerders wat selfvertroue het om aktiwiteite te demonstreer.

**Heelklasaktiwiteit**
- Die leerders speel 'n speletjie, soos vang mekaar, krappe-en-kraaie, wegkruipertjie.

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DINSDAG

## WELSYN — Oplettende ek

15 min



- Vra vir die leerders watter van die ontspanningstegnieke wat hulle tot dusver geleer het, hulle die meeste gehelp het.
- Doen 'n asemhalingsoefening.
- Doen 'n lagoefening.
- Herinner die leerders daaraan dat hulle hierdie tegnieke enige tyd kan gebruik, selfs as hulle nie by die skool is nie.

## AANVANGSKENNIS — Spesiale feeste

bl. 106
15 min


DATUM

Spesiale feeste

Voltooi die tabel.

| | Diwali | Eid-Al-Fitr | Kersfees |
|---|---|---|---|
| Wanneer? | | | |
| Hoe lank? | | | |
| Wat die mense doen 1 | | | |
| Wat die mense doen 2 | | | |

106 • WEEK 9 • DINSDAG

**Sluit aan by die vorige dag se les**
- Herinner die leerders aan die verskillende feeste waarvan hulle gelees het.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Lees die opskrifte.
- Voltooi die tabel.

**Pare: Kontroleer antwoorde**
- Sien die antwoorde na.

## KLANKE — Kies die regte woord

bl. 107
15 min

MG
bl. 8–13


DATUM

Kies die regte woord

sink klank dink skip mank jonk

1 Die meisie is nog jonk.
2 Ons vaar met 'n groot ________.
3 Die ________ vrou loop met 'n kruk.
4 Ek ________ aan 'n plan.
5 Die boot ________.
6 Ek ________ die woorde.

WEEK 9 • DINSDAG • 107

**Oefen klanke**
- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Leerders doen die aktiwiteit**
- Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**

## LEES — Sinsbou

bl. 131
15 min

MG
bl. 19–20


Dora se ma het vir haar vertel dat haar
tannie gedurende die Desembervakansie
gaan trou en dat sy graag wil hê dat Dora
'n blommemeisie by haar troue moet wees.

WEEK 9 131

**Knip uit**
- Die leerders knip die sinstrook uit.

**Lees saam**
- Hoeveel woorde kan julle vind wat ons van vroue en meisies vertel?

**Vra vrae oor die sinstrook**
- Die leerders knip die woorde/frases uit nadat al die vrae beantwoord is.
- **Wie?** Dora se ma
- **Vir wie?** het vir haar
- **Wat gedoen?** vertel
- **Wie?** dat haar tannie
- **Wanneer?** gedurende die Desembervakansie
- **Wat doen?** gaan trou
- **Voegwoord?** en
- **Wat?** dat sy graag wil hê dat
- **Wie?** Dora
- **Wat doen?** 'n blommemeisie
- **Waar?** by haar troue
- **Wat doen?** moet wees.

**Skryf die woorde in die regte volgorde om 'n sin te maak**

**Plak die sinne** in oefenboeke.



## GEDEELDE SKRYF

**'n Feesviering**

15 min

MG bl. 38–41

**Inleiding**

- Watter geleenthede vier ons by die skool? (*Sportdae, Erfenisdag, geloofsvakansiedae, Lentedag, Wêreldboekedag*)

**Wys die skryfraam**

- Drie paragrawe met een hoofgedagte vir elk.
- Vrae om op die idee te help fokus.

**Dinkskrum**

- Oor watter feesviering sal ons skryf?
- Wanneer vier ons dit? Wie gaan dit bywoon? Wat gaan ons doen, aantrek, eet, ens.?

**Gedeelde Skryf**

- Gebruik die skryfraam en die leerders se idees om die feesviering op die bord te skryf.








## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min

MG bl. 24–27

**Kontroleer Handskrif**

- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep C en D**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.







## VISUELE KUNSTE

**Handpoppe (vervolg)**

30 min

**Skep**

- Gebruik stukkies oorskietmateriaal of wol, gekleurde papierklere, tydskriftebladsye, ens. om die tekeninge van trouklere te versier.

**Maak**

- Knip die karakters uit en plak dit op karton.
- Plak elkeen aan 'n stokkie vas om 'n handpop te maak.

**Assesseer self**

- Voltooi die rubriek op bladsy 165 in die LAB

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

30 min

MG bl. 51–52

**Warm op**

**Aktiwitiweiteitstasies**

- Stuur elke groep na 'n aktiwiteitstasie.
- Die leerders doen die aktiwiteit.
- Die onderwyser neem waar en gee raad.

**Koel af**



# WOENSDAG

## WELSYN Ek dink, ek voel ...

15 min

**Vraag**
- Wat is julle lekkerste feesviering saam met jul families?

**Pare**
- Vertel vir mekaar.

**Deel**
- Kies twee leerders om hul gedagtes met die klas te deel (gee elke leerder 'n kans deur die loop van die kwartaal).



## AANVANGSKENNIS Troutradisies

bl. 108
15 min
MG bl. 45

**Maak 'n KWL-kaart oor troutradisies**
- Voltooi die *Wat ons ken-* en *Wat ons wil weet*-afdeling.
- Los die kaart op die bord om Vrydag te voltooi.

**Lees die bladsy**
- Bespreek die prent en lees die teks saam met die leerders.

**Gesels oor die vraag**
- Hoe gaan julle die antwoorde by die huis uitvind?
- Die leerders moet hul antwoorde Vrydag klas toe bring.




## KLANKE Die rm-klank

bl. 109
15 min
MG bl. 8–13

**Stel die klank bekend**
- Luister na en sê die klank.
- Let op na jou mond.

**Identifiseer woorde met die klank**
- Die leerders kan nog woorde gee.

**Pare**
- Lees die woorde.

**Skryf**
- Skryf woorde vir die prente.

**Lees die sin**




## LEES *Dora, die blommemeisie*

bl. 98–100
15 min

**Lees saam**
- Lees die eerste drie bladsye van Dora, die blommemeisie vir en saam met die klas.

**Lees in groepe**
- In groepe van drie, maak beurte om een bladsy te lees.

**Lees onafhanklik**
- Die leerders fluister-lees die eerste drie bladsye van die storie.





## SKRYF

### ’n Feesviering

15 min

MG bl. 38–41



**Hersien die formaat**

- Drie paragrawe met ten minste drie sinne elk.
- Elke paragraaf bevat een hoofgedagte.
- Herinner die leerders om die toekomende tyd te gebruik (*die viering moet nog plaasvind*), bv. In Desember gaan ons Kersfees vier. Ons almal sal na my ouma se huis gaan.

**Dinkskrum woordeskat**

- Verskillende feesvieringe; name van die familielede. (*grootouers, niggies en neefs; onthaalplek; moontlike aktiwiteite*)

**Skryf**

- Die leerders gebruik die skryfraam om te skryf oor die feesvieringe wat hul familie in die toekoms gaan hou.





## GROEPBEGELEIDE LEES

MG bl. 31–37

5 min + 30 min



**Kontroleer handskrif**

- Kontroleer ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Eerste lees vir Groep E**

- Stel die storie bekend/die bou van die storie soos nodig.
- Die leerders fluister-lees die storie vir hulself.
- Die leerders moet aan die einde van elke bladsy stop. Die onderwyser vra dan begripsvrae.

**GBL: Tweede lees vir Groep A**

- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.



## UITVOERENDE KUNSTE

### ’n Poppekasvertoning

30 min



**Warm op**

- Sing ’n feesliedjie.

**Groepe**

- Gebruik handpoppe wat tydens die VK-les gemaak is en beplan ’n kort toneelstuk oor ’n troue.

**Voer op**

- Voer die toneelstuk vir ’n ander groep op.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

30 min

MG bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**

- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Sing/Resiteer

15 min

Waai jou hande in die lug –
Vier!

Klap jou hande twee keer
saam met –
Vier!

Wys twee duime op –
Vier!

Doen 'n jolige dans, doen 'n
vrolike dans –
Vier!

Staan regop en juig hardop!
Vier!

Kom ons vier die einde van 'n
fantastiese skooljaar!



## AANVANGSKENNIS — Wat het ek geleer?

bl. 110

15 min

**Bestaande kennis**

- Herinner die leerders aan die verskillende stories en temas wat hulle deur die jaar geleer het.
- Vra die leerders wat hulle die meeste geniet het.

**Leerders doen die aktiwiteit**

- Lees die woorde.
- Bespreek elk van die temas en wat hulle as 'n klas geleer het.




## KLANKE — Skryf jou eie sinne

15 min

MG bl. 8–13

**Oefen klanke**

- Teen 'n vinnige pas, wys die klankkaarte van die klanke wat tot dusver aangeleer is.
- Die leerders sê die klanke op die kaarte.
- Vra individue en ook groepe.

**Skryf sinne**

- Skryf die 4 woorde op die bord.
- Vra 2-3 leerders om mondelings sinne met elke woord te maak.
- Die leerders skryf hul eie sinne met die woorde in hul oefenboeke. Stap deur die klas en gee ondersteuning waar nodig.

**Kontroleer en sien die aktiwiteit na**




## LEES — Woordeskat en taal

15 min

**Flitskaarte**

- Wys en lees elke woord.
- Vind en wys na die woorde in die LAB.
- Sit die flitskaarte teen die woordmuur en lees hulle weer.

**Sinstrook**

- Lees die sinstrook waarmee hulle Dinsdag gewerk het.
- Kyk na die woorde "haar" en "sy". Hulle is **voornaamwoorde**. Van wie praat die eerste "haar"? (*Dora*)
- Van wie praat die tweede "haar"? (*ook Dora*)
- Van wie praat "sy"? (*Dora se tannie*)
- Verwys "sy"en "haar" na vrouens of mans? (*vrouens*)
- Watter voornaamwoorde sal julle vir mans gebruik? (*hom, hy*)





## SKRYF Begrip

**Stillees**

- Die leerders lees weer die storie *Dora, die blommemeisie*.

**Beantwoord vrae**

- Die leerders moet dit nie uit hul geheue doen nie. Hulle moet die antwoorde in die teks vind.

**Kontroleer antwoorde saam met die leerders**

bl. 111

15 min


DATUM

Begrip

Lees die storie Dora, die blommemeisie.

1 Wie het vir Dora van die troue vertel?
- haar mamma
- haar ouma
- Zandile

2 Watter spesiale klere gaan Dora dra?
- 'n wit rok
- blomme in haar hare
- 'n gekleurde rok

3 Die storie ______.
- gebeur nou
- het reeds gebeur
- gaan nog gebeur

4 Wat doen 'n blommemeisie by 'n troue?

5 Waar sal die tradisionele seremonie gehou word?

WEEK 9 • DONDERDAG • 111





## GROEPBEGELEIDE LEES

**Kontroleer Handskrif**

- Kontroleer 'n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep B en C**

- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met 'n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

MG bl. 31–37



5 min + 30 min

MG bl. 24–27





## UITVOERENDE KUNSTE Mimiek

**Bespreek**

- Herinner die leerders aan hoe om te mimiek (iets opvoer sonder om woorde te gebruik).

**Werk in groepe**

- In groepe kies die leerders 'n feesviering. (*'n verjaarsdagpartytjie*)
- Hulle werk aksies uit om die viering uit te beeld.

**Voer op**

- Elke groep voer hul mimiek vir die klas op.
- Die res van die groepe probeer raai watter viering dit is.

**Evalueer**

- Prys en gee applous vir elke groep.

30 min



Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**

- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

30 min

MG bl. 51–52



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT Troutradisies

bl. 108
15 min

Verskillende kulture en groepe mense het verskillende troutradisies. Sommige kulture het 'n godsdienstige seremonie in 'n kerk, moskee of tempel. Ander het weer tradisionele seremonies by die huis van die bruid of die bruidegom. Party doen albei. In sommige kulture moet die bruidegom 'n bruidskat vir die bruid betaal of gee. In die meeste kulture gee die gaste vir die bruid en bruidegom geskenke.

Troues sluit gewoonlik 'n seremonie én 'n feesviering in. Daar is gewoonlik pragtige klere en 'n partytjie in 'n tent, 'n saal, 'n hotel, of tuis. Mense bedien smaaklike kos. Dit maak nie saak of die troue tradisioneel, godsdienstig of eenvoudig is nie, 'n troue is altyd 'n tyd vir families om saam met die nuwe paartjie fees te vier.

**Pare**

- Vertel wat julle uitgevind het.

**Deel**

- Vra 'n paar leerders om hul ervarings met die klas te deel. Skryf dit op die KWL-kaart.
- Bespreek en gee meer inligting.




## AANVANGSKENNIS Troutradisies

15 min

**Skryf en teken wat jul uitgevind het**

- Skryf oor iets wat jy geleer het.
- Teken 'n prent.

Vir inhaalrooster, vervang hierdie les met wiskunde en voltooi die aktiwiteit tydens ekstra GBL-tyd.



## KLANKE Spoedlees woorde

bl. 112
15 min
MG bl. 16–17

**Pare lees die woorde**

- Die leerder lees vir 1 minuut vir 'n maat.
- Hou self die tyd.
- Omkring die woord wat laaste gelees is. Die maat tel die woorde wat verkeerd gelees is.
- Elke leerder kry drie beurte.

**Tel die woorde**

- Kies die beste poging. Trek enige woorde wat verkeerd gelees is, af.
- Die leerders skryf hul beste telling neer.
- Verduidelik dat hulle meer woorde sal kan lees hoe meer hulle oefen.


DATUM
Spoedlees woorde
Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ook | sing | lees | beste | mense |
| ons | vol | moet | snaaks | skink |
| sny | skop | warm | doen | wurm |
| land | koud | werk | gehad | pot |
| ver | waarom | melk | bad | spring |
| goed | te | lig | môre | skryf |
| vandag | kry | nooit | tand | seer |
| stop | want | swem | hond | tenk |
| tafel | verf | vroeg | water | proe |
| tuin | tak | lag | vier | storm |

Hoogste telling: ............ woorde per minuut
112 • WEEK 9 • VRYDAG

## SKRYF My nuus

15 min

**Verskaf 'n onderwerp vir die nuus**

**Pare**

- Gebruik die *My nuus*-raam op die agteromslag van die LAB om kortliks die nuus te vertel.

**Leerders skryf nuus in oefenboeke**

- Skryf ten minste een paragraaf met drie sinne.
- Moedig leerders aan om langer sinne te gebruik en meer besonderhede te verskaf.







## GROEPBEGELEIDE LEES

MG
bl. 31–37

5 min
+
30 min

MG
bl. 24–27





**Kontroleer Handskrif**

- Kontroleer ’n paar handskrifboeke en gee terugvoering.
- Herinner hulle daaraan dat hulle hul letterformasie, grootte, posisionering op die lyn en skuinste (helling) gereeld moet oefen, en ook om hul beste letter te identifiseer.

**Onafhanklike Werk**

- Kry die klas gereed om onafhanklike take te voltooi.
- Die leerders doen twee take per dag tensy hulle GBL het.

**GBL: Tweede lees vir Groep D en E**

- Lees die storie weer hardop saam.
- Die leerders lees die storie saam met ’n maat.
- Die onderwyser luister hoe die leerders lees.

## SIEN NA EN GEE TERUGVOERING

15 min



**Lees**

- Die leerders lees hul nuus in pare vir mekaar.

**Sien Onafhanklike Werk na**

- Gaan saam met die leerders deur die DBO-werkboekaktiwiteite.



## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

30 min

MG
bl. 51–52



**Warm op**

**Aktiwitiwiteitstasies**

- Neem waar en gee ondersteuning.

**Koel af**

Vir die inhaalrooster, vervang hierdie les met Groepbegeleide Lees terwyl die klas bladsye uit die DBO-werkboeke doen.

## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **gereageer op leerders, LAB-bladsye nagegaan en reggemaak** en areas van kommer of spesifieke leerders wat meer hulp nodig het, geïdentifiseer
- **terugverwys na die Oorsig van die Week** en lesse wat ek nie kon voltooi nie, geïdentifiseer
- **my aantekeningboek deurgegaan** en die name van leerders wat volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening saam met my nodig het, aangeteken.

**Ek het vir volgende week ’n tyd geskeduleer vir:**

- **enige inhaalwerk** of algemene terugvoering wat nodig is
- **individuele**, een-tot-een onderrig, bv. wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het na volgende week se beplanning gekyk** om seker te maak dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

# Vaslegging en hersiening

Hierdie is hersieningsweek so daar is geen gestruktureede daaglikse program nie.
Hier volg voorstelle vir hersieningsaktiwiteite wat enige tyd van die week gedoen kan word.

## LUISTER EN PRAAT

- Die leerders kies 'n storie wat hulle graag wil hê jy weer vir hulle moet lees.
- Vra een of twee leerders om 'n ander storie oor te vertel,
- Pare: Vertel 'n gunstelingstorie vir jou maat.
- Sê rympies of gedigte individueel of in klein groepies op.
- Nooi iemand uit die gemeenskap om die klas te besoek en te praat oor hoe hulle die gemeenskap help, bv. 'n verpleegster, 'n bibliotekaris.
- Voer onderhoude met lede van die gemeenskap wat help.



## LEES

- Lees weer die stories in die LAB wat die leerders hierdie kwartaal baie geniet het.
- Pare: Lees die sinstroke van elke week.
- Pare: Lees die tekste van elke week se Lees in pare.
- Onafhanklik: Lees boeke van die leeshoekie/biblioteek.



## KLANKE

- Pare lees weer die woorde op die klankbladsye.
- Hou 'n spankompetisie om flitskaarte reg te lees.
- Herhaal spoedlees- en diktee-aktiwiteite en probeer om jou telling te verbeter.
- Kontroleer of alle Onafhanklike Werk-bladsye in die LAB korrek voltooi is.
- Kontroleer of dit reg gedoen is.
- Doen klankaktiwiteite in die DBO-werkboek vir Geletterdheid.



## SKRYF

- Verduidelik aan hulle om onbekende woorde te klank of om die woorde op die Woordmuur te gebruik.
- Moedig groepe leerders aan om 'n boek vir die boekhoekie te maak.





## AANVANGSKENNIS EN PSW

- Voltooi die byhou van die kompos-eksperiment.
- Die leerders voltooi enige onvoltooide bladsye in die DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid. Party van die aktiwiteite is meer as net potlood-en-papier-aktiwiteite, en sluit ook teken, toneelspeel en bespreking in.




## VISUELE KUNSTE

- Voorsien die leerders van kunsvoorrade soos kryte, viltpenne en papier van verskillende groottes of kleure. Laat die leerders kies wat hulle graag wil teken.
- Laat die leerders hul werk aan die groep of klas wys en verduidelik wat hulle gekies het om te teken.



## LIGGAAMSOPVOEDING

- Speel tradisionele speletjies.
- Hou 'n sportdag met spanne wat teen mekaar meeding. Doen die aktiwiteite van die kwartaal.



# ASSESSERING

## ASSESSERINGSPLAN, KWARTAAL 4

- Voorgestelde fotokopieerbare take vir formele assessering in Week 6–8 word aan die einde van hierdie Onderwysersgids verskaf.
- Mondelinge take vir formele assessering kom in die Onderwysersgids voor, meestal in Week 6–8.
- Informele assessering van die leerders se vordering, vind dwarsdeur die kwartaal plaas.
- Assesseringsriglyne en nasienkriteria word agterin hierdie Onderwysersgids verskaf.

| Formele Assesseringsaktiwiteite, Kwartaal 4 Week 6 | | | |
|---|---|---|---|
| **Maandag** | Handskrif Assessering 1 | Oefenboek | OG bl. 69 |
| **Ma.–Di.** | Visuele Kunste Assessering 1: 2D (swart-en-wit skildery) | Prakties | OG bl. 69 en 71 |
| **Di./Wo./Do.** | Luister en Praat Assessering 1: Storie-volgorde en begrip | Mondeling | OG bl. 70, 72 en 74 |
| **Dinsdag** | Aanvangskennis Assessering 1: Wat is in die naghemel? | OG bl. 126 | OG bl. 70 |
| **Donderdag** | Lees en Begrip Assessering 1: Leesbegrip | OG bl. 127 | OG bl. 75 |
| **Vrydag** | Skryf Assessering 2: Nuus | Oefenboek | OG bl. 76 |

| Formele Assesseringsaktiwiteite, Kwartaal 4 Week 7 | | | |
|---|---|---|---|
| **Dinsdag** | Aanvangskennis Assessering 2: Pas die prente by die byskrifte | OG bl. 128 | OG bl. 82 |
| **Di.-Vr.** | Liggaamsopvoeding Assessering 1: Ruimtelike oriëntasie en perseptueel-motories | Prakties | OG bl. 83, 85, 87 en 89 |
| **Woensdag** | Skryf Assessering 3: Paragraaf (nagdiere) | Oefenboek | OG bl. 85 |
| **Donderdag** | Uitvoerende Kunste Assessering 1: Beweeg op die maat van musiek | Prakties | OG bl. 87 |
| **Vrydag** | Luister en Praat Assessering 2: Terugvoering op Vind uit | Mondeling | OG bl. 88 |

| Formele Assesseringsaktiwiteite, Kwartaal 4 Week 8 | | | |
|---|---|---|---|
| **Ma.-Vr.** | Lees en Begrip Assessering 2: Hardoplees en beantwoord vrae | Mondeling | OG bl. 93, 95, 97, 99 en 101 |
| **Ma./Di.** | Visuele Kunste Assessering 2: 3D (kleimodel) | Prakties | OG bl. 93 en 95 |
| **Dinsdag** | Klanke Assessering 1: Skryf klanke | OG bl. 129 | OG bl. 94 |
| **Wo./Vr.** | Liggaamsopvoeding Assessering 2: Sport en speletjies | Prakties | OG bl. 127, 131 |
| **Wo./Do.** | Uitvoerende Kunste Assessering 2: Resiteer ’n gedig | Prakties | OG bl. 97 en 99 |
| **Donderdag** | Aanvangskennis Assessering 3: Begrip oor ystervarke | OG bl. 130-131 | OG bl. 98 |
| **Vrydag** | Klanke Assessering 2: Diktee | Oefenboek | OG bl. 100 |

## PUNTESTATE, KWARTAAL 4

Gebruik hierdie QR-kode om die puntestate vir die assesseringsaktiwiteite af te laai.

**Funda Wande-puntestate**

## LUISTER EN PRAAT Assesseringsrubrieke en kontrolelyste

| **LUISTER EN PRAAT Assesseringsaktiwiteit 1: Luister met genot na 'n storie (Week 6 Dinsdag/Woensdag/Donderdag) OG bladsy 70, 72 en 74** | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder:<br>• Vertel die storie van *Sipho se droom* in volgorde oor met begin, middel en einde.<br>• Beantwoord laer-ordevrae korrek.<br>• Beantwoord hoër-ordevrae met redes. | **1**<br>Sukkel om die storie in volgorde oor te vertel en sukkel om laer-ordevrae korrek te beantwoord. | **2**<br>Hervertel die begin van die storie en beantwoord een of twee van die vrae. | **3**<br>Hervertel die begin en middel van die storie in volgorde en beantwoord al die laer-ordevrae. | **4**<br>Hervertel die begin, middel en einde van die storie en beantwoord al die laer-ordevrae en sommige hoër-ordevrae. | **5**<br>Hervertel die volle storie in volgorde met begin, middel, en einde en beantwoord sowel laer- as hoër-ordevrae met selfvertroue. |
| **LUISTER EN PRAAT Assesseringsaktiwiteit 2: Deel 'n Vind uit-feit (Week 7 Vrydag) OG bladsy 88** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder:<br>• Bied 2–3 sinne oor uile aan (*Vind uit*-aktiwiteit).<br>• Postuur: staan regop en kyk na die gehoor.<br>• Stemprojeksie: duidelik en hoorbaar. | **1**<br>Praat oor die onderwerp in slegs 2–3 woorde. Postuur en stemprojeksie is swak. | **2**<br>Praat oor die onderwerp in slegs 1 sin. Postuur en stemprojeksie is swak. | **3**<br>Praat oor onderwerp in 2 sinne. Postuur en stemprojeksie is voldoende. | **4**<br>Praat oor die onderwerp in 3 sinne. Postuur en stemprojeksie is goed. | **5**<br>Praat oor die onderwerp in 3 uitstekende sinne. Postuur en stemprojeksie is uitstekend. |
| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1-9)** | | | | | **10 punte** |
| Die leerder:<br>1. Luister na stories en neem met genot deel.<br>2. Hervertel stories wat alreeds gelees is, in volgorde.<br>3. Vertel eie stories met selfvertroue.<br>4. Beantwoord vrae oor die storie wat gelees of vertel is.<br>5. Gee eie mening of opinie van storie. | **1**<br>Voldoen aan een kriterium | **2**<br>Voldoen aan twee kriteria | **3**<br>Voldoen aan drie kriteria | **4**<br>Voldoen aan vier kriteria | **5**<br>Voldoen aan al vyf kriteria |
| Die leerder:<br>1. Neem aktief deel aan klasbesprekings en neem beurte.<br>2. Lewer kommentaar op ander se bydraes.<br>3. Luister aandagtig na meervoudige instruksies.<br>4. Vra vir duidelikheid as hy/sy nie verstaan nie.<br>5. Volg instruksies noukeurig. | **1**<br>Voldoen aan een kriterium | **2**<br>Voldoen aan twee kriteria | **3**<br>Voldoen aan drie kriteria | **4**<br>Voldoen aan vier kriteria | **5**<br>Voldoen aan al vyf kriteria |
| **Totaal** | | | | | **20 punte** |

## KLANKE Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

<table>
<tr><th colspan="5">KLANKE Assesseringsaktiwiteit 1: Geskrewe klanke<br>(Week 8 Dinsdag) OG bladsy 99 en 124</th><th>10 punte</th></tr>
<tr><td colspan="6">1 punt vir elke korreke antwoord:<br><br>Klanke:<br>1. rd<br>2. rm<br>3. rg<br>4. rk<br>5. lf<br>Woorde:<br>1. wurm<br>2. berg<br>3. vark<br>4. golf<br>5. swaard</td></tr>
<tr><th colspan="5">KLANKE Assesseringsaktiwiteit 2: Diktee<br>(Week 8 Vrydag) OG bladsy 100</th><th>5 punte</th></tr>
<tr><td colspan="6">1 punt vir elke korrekte antwoord:<br>1. perd<br>2. fiets<br>3. tent<br>4. kerk<br>5. berg</td></tr>
<tr><th colspan="5">KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)</th><th>5 punte</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Die leerder:<br>1. Bou woorde met aangeleerde klanke (LAB aktiwiteite).<br>2. Lees woorde deur klankkennis te gebruik.<br>3. Gebruik klankkennis in skryf.<br>4. Spel woorde korrek in diktee-aktiwiteite.<br>5. Toon toenemende vlotheid (akkuraatheid en spoed) in spoedlees van woorde.</td><th>1</th><th>2</th><th>3</th><th>4</th><th>5</th></tr>
<tr><td>Voldoen aan een of geen kriterium</td><td>Voldoen aan twee kriteria</td><td>Voldoen aan drie kriteria</td><td>Voldoen aan vier kriteria</td><td>Voldoen aan al vyf kriteria</td></tr>
<tr><th colspan="5">Totaal</th><th>20 punte</th></tr>
</table>

## LEES EN BEGRIP Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| LEES Assesseringsaktiwiteit 1: Geskrewe begrip<br>(Week 6 Donderdag) OG bladsy 75 en 127 | 10 punte |
|---|---|

1. vreemd (1 punt)
2. kyk TV (1 punt)
3. Sipho se oupa se suster (1 punt)
4. 2 – 'n Dame was op soek na haar broer.
   4 – Sipho en Ouma het die dame ontmoet.
   3 – Ouma het die nommer op die TV geskakel.
   1 – Sipho en Ouma het saam TV gekyk. (4 punte)
5. Twee gevoelens, bv. gelukkig, opgewonde, senuagtig, tevrede, hartseer, ens. (2 punte) + 'n rede, bv. hy het 'n nuwe persoon ontmoet, dit was sy oupa se suster, ens. (1 punt)

| LEES EN BEGRIP Assesseringsaktiwiteit 2: Hardoplees en beantwoord vrae<br>(Week 8 Maandag tot Vrydag) OG bladsy 93, 95, 97, 99 en 101 | 10 punte |
|---|---|

| Die leerder: | 2 | 4 | 6 | 8 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Mondelingelees (GBL)**<br>• Lees hardop vir onderwyser vir 3-5 minute.<br>• Gebruik visuele leidrade vir voorspelling.<br>• Herken sigwoorde en dekodeer woorde deur klanke en kontekstuele analise te gebruik.<br>• Lees vlot en met uitdrukking.<br>• Reageer op ten minste 3 vrae (sowel laer- as hoër-ordevrae).<br>• Is in staat om karakters en agtergrond te identifiseer. | Nie in staat om die storie vanaf visuele leidrade te voorspel nie. Lees uit eie boek 'n teks van **1–2 reëls** met ondersteuning van onderwyser. Is nie in staat om enige vrae te beantwoord of karakters te identifiseer nie. | Kan gedeeltelik die storie vanaf visuele leidrade voorspel. Lees woord vir woord 'n teks van **3–4 reëls** en reageer korrek op 1–2 laer-ordevrae of kan agtergrond identifiseer. | Kan die meeste van die storie vanaf visuele leidrade voorspel. Lees hardop uit eie leesboek 'n teks van **5–6 reëls** en reageer korrek op 3 laer-ordevrae. Kan karakters en agtergrond identifiseer. | Kan die storie vanaf visuele leidrade voorspel. Lees vlot uit eie leesboek 'n teks van **7–8 reëls** en reageer korrek op 3 laer- en hoër-ordevrae. Kan karakters en agtergrond identifiseer. | Kan die storie vanaf visuele leidrade voorspel. Lees vlot en met uitdrukking uit eie leesboek 'n teks van meer as **10 reëls** en reageer korrek op 3 laer- en hoër-ordevrae. Kan besonderhede oor karakters en agtergrond gee. |

| KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9) | 5 punte |
|---|---|

| Die leerder: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Luister aandagtig en vra en beantwoord vrae tydens Gedeelde Lees.<br>2. Identifiseer woorde/woordgroepe tydens sinsbou en is in staat om die regte woorde uit te knip.<br>3. Is in staat om die sin sonder hulp weer korreksaam te stel.<br>4. Lees die storie in klein groepies en onafhanklik.<br>5. Skryf woordeskat van die storie in persoonlikewoordeboek. | Voldoen aan een kriterium | Voldoen aan twee kriteria | Voldoen aan drie kriteria | Voldoen aan vier kriteria | Voldoen aan al vyf kriteria |

| Totaal | 25 punte |
|---|---|

## HANDSKRIF Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **HANDSKRIF Assesseringsaktiwiteit 1 (Week 6 Maandag) OG bladsy 69** | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder:<br>• Skryf 2–3 kort sinne en gee aandag aan rigting, korrekte lettervorming van sowel hoof- as kleinletters, grootte en spasiëring binne die lyne.<br>• Gebruik leestekens bv. punte, vraagtekens, kommas, aanhalingstekens, uitroeptekens korrek<br>• Skryf die woorde op die lyne. | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Benodig ondersteuning met die skryf van 1 kort sin met leestekens. | Kan 1 kort sin met leestekens skryf, maar korrekte lettervorming, spasiëring tussen woorde en grootte van letters word nie waargeneem nie. | Kan 1 kort sin met leestekens skryf, aandag word ook aan lettervorming gegee, maar spasiëring tussen woorde kan nie waargeneem word nie. | Kan 2 kort sinne met leestekens skryf, mooi aandag word aan korrekte lettervorming gegee en spasiëring tussen woorde kan waargeneem word. | Kan 3 en meer kort sinne met leestekens skryf, mooi aandag word ook aan korrekte lettervorming en grootte gegee, spasiëring tussen woorde kan waargeneem word. |
| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder:<br>1. Skryf patrone sonder om die potlood van die papier af op te lig.<br>2. Vorm alle klein- en hoofletters korrek.<br>3. Skryf woorde met die korrekte spasiëring tussen letters en woorde.<br>4. Kopieer en skryf twee of meer sinne netjies en leesbaar.<br>5. Trek 'n reguit lyn met 'n liniaal. | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Voldoen aan 1 maatstaf | Voldoen aan 2 maatstawwe | Voldoen aan 3 maatstawwe | Voldoen aan 4 maatstawwe | Voldoen aan al 5 maatstawwe |
| **Totaal** | | | | | **10 punte** |

## SKRYF Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **SKRYF Assesseringsaktiwiteit 1: Skryf nuus (Week 6 Vrydag) OG bladsy 76** | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder:<br>• Skryf ten minste twee paragrawe (ten minste twee sinne elk) oor persoonlike ervarings of ’n gebeurtenis.<br>• Gebruik hoofletters (aan die begin van ’n sin asook vir Eiename) en korrekte leestekens (punte, kommas, afkappingsteken). | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Sukkel om een sin oor eie nuus te skryf en gebruik geen leestekens nie. | Probeer om een paragraaf oor eie nuus te skryf, maar gebruik hoofletters foutiewelik. | Skryf eenparagraaf oor eie nuus en gebruik hoofletters en punte. | Skryf twee-paragrawe oor eie nuus gebruik hoofletters, punte sowel as korrekte grammatika en spelling. | Skryf meer as twee paragrawe oor eie nuus, gebruik hoofletters en punte sowel as korrekte grammatika en spelling. |
| **SKRYF Assesseringsaktiwiteit 2: Skryf drie paragrawe oor ’n nagdier (Week 7 Woensdag) OG bladsy 85** | | | | | **10 punte** |
| Die leerder:<br>• Skryf drie paragrawe deur die tema se woordeskat te gebruik.<br>• Gee ’n titel vir die teks.<br>• Skryf 3 paragrawe van ten minste 2 sinne met inligting oor die gekose nagdier.<br>• Illustreer die teks met ’n akkurate prentjie. | **2** | **4** | **6** | **8** | **10** |
| | Sukkel om die teks onafhanklik te voltooi. Teks hou nie verband met onderwerp nie. Tema-woordeskat is nie gebruik nie. Geen of niegepaste illustrasie. | Poog om skryfwerk te voltooi. Die teks hou gedeeltelik verband met die onderwerp. Sommige tema-woordeskat is gebruik. Illustrasie kort besonderhede. | Voltooi skryfwerk en teks hou gedeeltelik verband met die onderwerp. Tema-woordeskat is korrek gebruik. Illustrasie is voldoende. | Voltooi die skryfwerk voldoende, gebruik interessante woordeskat. Die teks hou verband met die onderwerp. Tema-woordeskat is korrek gebruik. Illustrasie is akkuraat. | Voltooi die skryfwerk met oorspronklike idees en ryk woordeskat. Die teks hou verband met die onderwerp en die tema-woordskat is korrek gebruik. Illustrasie is gedetailleerd en akkuraat. |
| **Totaal** | | | | | **15 punte** |

## AK EN PSW Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **AK/PSW Assesseringsaktiwiteit 1: Wat is in die naghemel?**<br>**(Week 6 Dinsdag) OG bladsy 70 en 126** | | | | | **10 punte** |
| 1 punt vir elke korrekte antwoord:<br>1: Waar (1), Waar (1); 2. Gee lig af: Son, Melkweg, sterre (3); Weerkaats die son se lig: Ruimtestasie, satelliete (2); 3. Prent 1 – satelliete (1), Prent 2 – bal met gloeiende gas (1), Prent 3 – sterrestelsel (1) | | | | | |
| **AK/PSW Assesseringsaktiwiteit 2: Pas die prente en opskrifte**<br>**(Week 7 Dinsdag) OG bladsy 82 en 128** | | | | | **10 punte** |
| 1 punt vir elke korrekte antwoord:<br>grootste – erdvark (1); sagste – uil (1); skerpste – ystervark of erdvark(1); vinnigste – uil (1); eet slegs vleis – uil en erdvark (2); eet vleis en plante – jakkals(1);<br>eet slegs plante – ystervark (1)<br>Vir 2 punte:<br>Motte kom snags uit; uile is nagdiere (2) | | | | | |
| **AK/PSW Assesseringsaktiwiteit 3: Begripsvrae**<br>**(Week 8 Donderdag) OG bladsy 98 en 130–131** | | | | | **10 punte** |
| 1 punt vir elke korrekte antwoord:<br>1. hare (1); 2. T: Stamp hul voete (1), Skud hul veerpenne (1), Hardloop in die ander dier vas (1); F: Byt ander diere (1); 3. Nee (1) Hulle veerpenne is te sag. (1);<br>4. Ongeveer 30 000 (1); 5. Nee (1) Nuwe veerpennegroei wanneer sommiges uitval. (1) | | | | | |
| **KLASKAMERWAARNEMING: PSW (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder:<br>1. Luister aandagtig tydens lesse<br>2. Neem deel aan besprekings<br>3. Neem beurte en deel<br>4. Bespreek eie gevoelens en gedagtes<br>5. Is bedagsaam teenoor ander leerders | **1**<br>Voldoen aan een kriterium | **2**<br>Voldoen aan twee kriteria | **3**<br>Voldoen aan drie kriteria | **4**<br>Voldoen aan vier kriteria | **5**<br>Voldoen aan al vyf kriteria |
| **KLASKAMERWAARNEMING: AK (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder:<br>1. Volg instruksies<br>2. Gebruik inisiatief met die voltooiing van aktiwiteit<br>3. Dra eie idees by tydens besprekings<br>4. Gee eie opinies oor die temaonderwerpe, bv. Waarom is klasreëls belangrik?<br>5. Toon bewyse van navorsing in die *Vind uit*-aktiwiteite | **1**<br>Voldoen aan een kriterium | **2**<br>Voldoen aan twee kriteria | **3**<br>Voldoen aan drie kriteria | **4**<br>Voldoen aan vier kriteria | **5**<br>Voldoen aan al vyf kriteria |
| **Totaal** | | | | | **40 punte** |

**VISUELE KUNSTE Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste**

| **VISUELE KUNSTE Assesseringsaktiwiteit 1: ’n Swart en wit prent (Week 6 Maandag/Dinsdag) OG bladsy 69 en 71** | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder is in staat om: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • ’n Naglandskapprent te beplan<br>• Vorms van geboue en ander voorwerpe uit koerantpapier en wit papier te knip<br>• ’n Interessante prent saam te stel wat die grootste deel van die bladsy vul<br>• Addisionele besonderhede by te voeg om die prent te voltooi | Beplanning is nie gedoen nie of is swak uitgevoer. Vorms was nie herkenbaar nie. Samestelling was swak. Geen addisionele besonderhede is bygevoeg nie. | Swak beplanning. Vorms is herkenbaar maar is onnet uitgeknip. Samestelling het nie bladsy goed gevul nie.Geen addisionele besonderhede is bygevoeg nie. | Voldoende beplanning. Vorms is herkenbaar en redelik netjies. Samestelling is oninteressant. ’n Paar addisionele besonderhede is bygevoeg. | Goeie beplanning. Vorms is goed uitgeknip. Samestelling nie baie kreatief. Sommige addisionele besonderhede is bygevoeg. | Uitstekende beplanning. Vorms goed ontwerp en uitgeknip. Samestelling kreatief en visueel welgevallig. Baie addisionele besonderhede is bygevoeg. |
| **VISUELE KUNSTE Assesseringsaktiwiteit 2: Maak ’n ystervarkmodel (Week 8 Maandag/Dinsdag) OG bladsy 93 en 95** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder is in staat om: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • ’n Ystervarkvorm uit klei of ’n soortgelyke medium te maak<br>• Realistiese nagemaakte veerpenne van stokkies of soortgelyke materiaal te maak<br>• Die “veerpenne” in die klei te steek sodat die dier realisties lyk<br>• Addisionele kenmerke soos oë, ens. by te voeg | Die vorm lyk nie soos ’n ystervark nie en die veerpenne is nie realisties nie. Geen addisionele kenmerke is bygevoeg nie. | Die vorm is eenvoudig maar lyk soos ’n dier. Veerpenne is nie korrek geplaas nie. Geen addisionele kenmerke is bygevoeg nie. | Die vorm is redelik realisties en sommige veerpenne is geverf en ingesteek. ’n Paar of geen addisionele kenmerke nie. | Die vorm van die dier is duidelik en sommige kenmerke is bygevoeg. Die veerpenne is geverf en voldoende ingesteek. | Die model lyk realisties en het ’n aantal addisionele kenmerke. |
| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder is in staat om: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. Al die aktiwiteite te voltooi.<br>2. Bewyse van beplanning voor uitvoering van aktiwiteite te toon.<br>3. Gereedskap suksesvol te hanteer – skêre, verfkwaste, kryte, viltpenne, gom, klei, ens.<br>4. Instruksies te volg.<br>5. Bewyse van genot en kreatiwiteit te toon. | Voldoen aan een kriterium | Voldoen aan twee kriteria | Voldoen aan drie kriteria | Voldoen aan vier kriteria | Voldoen aan al vyf kriteria |
| **Totaal** | | | | | **15 punte** |

# ASSESSERING

## UITVOERENDE KUNSTE Assesseringsrubriek en Kontrolelys

| **UITVOERENDE KUNSTE Assesseringsaktiwiteit 1: Improviseer en interpreteer – beweeg op maat van musiek**<br>**(Week 7 Donderdag) OG bladsy 87** | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder is in staat om:<br>• Aandagtig na instrumentale musiek te luister<br>• Op die maat van musiek te beweeg<br>• Vinnige en stadige bewegings te demonstreer<br>• Lokomotoriese/ nie-lokomotoriese bewegings uit te voer bv. Hardloop, gallop, huppel, draai<br>• Duidelik te demonstreer watter dier hulle uitbeeld | **1**<br>Luister nie na die musiek nie. Is nie in staat om op die maat van musiek te beweeg en verskillende bewegings te doen nie. Dit is nie duidelik watter dier uitgebeeld word nie. | **2**<br>Luister na die musiek. Beweeg nie op maat van musiek en gebruik slegs ’n klein aantal bewegings. Dit is nie duidelik watter dier uitgebeeld word nie. | **3**<br>Luister na die musiek. Beweeg op maat van musiek maar met beperkte bewegings. Daar is sommige bewyse dat ’n dier uitgebeeld word. | **4**<br>Luister aandagtig. Beweeg op maat van musiek met ’n redelike verskeidenheid bewegings. Dit is duidelik watter dier hulle uitbeeld. | **5**<br>Luister aandagtig. Beweeg op maat met ’n wye reeks bewegings. Dit is duidelik watter dier hulle uitbeeld. |
| **UITVOERENDE KUNSTE Assesseringsaktiwiteit 2: Resiteer ’n gedig**<br>**(Week 8 Woensdag/Donderdag) OG bladsy 97 en 99** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder is in staat om:<br>• Onthou die woorde van die gedig<br>• Onthou die aksies van elke reël<br>• Gebruik uitdrukking en verskillende toonsterkte vir elke reël<br>• Staan regop en kyk vir die gehoor<br>• Herhaal die gedig in eenstemmigheid met die groep | **1**<br>Werk nie saam met die groep nie. Is nie in staat om die woorde van rympie te onthou of die aksies te doen. Geen variasie in toonsterkte. Geen kontak met die gehoor nie. | **2**<br>Is nie altyd in eenstemming met die groep nie. Onthou van die woorde en aksies. Baie min variasie in toonsterkte. Geen kontak met die gehoor nie. | **3**<br>Resiteer met die res van die groep. Onthou die meeste van die woorde en aksies. Daar is variasie in toonsterkte. Maak soms kontak met gehoor. | **4**<br>Resiteer met die res van die groep. Onthou al die woorde en aksies. Daar is variasie in toonsterkte. Goeie kontak met die gehoor. | **5**<br>Resiteer met die res van die groep. Onthou al die woorde en aksies. Goeie variasie in toonsterkte. Uitstekende kontak met hoor. |
| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder is in staat om:<br>1. Aan alle lesse deel te neem.<br>2. In ’n groep te werk – beurte te maak, idees uit te ruil.<br>3. Liedjies en rympies met aksies uit te voer.<br>4. Met selfvertroue aan rolspel en storievertelling deel neem.<br>5. Met koördinasie en selfvertroue te beweeg en te dans. | **1**<br>Een kriterium suksesvol voltooi | **2**<br>Twee kriteria suksesvol voltooi | **3**<br>Drie kriteria suksesvol voltooi | **4**<br>Vier kriteria suksesvol voltooi | **5**<br>Vyf kriteria suksesvol voltooi |
| **Totaal** | | | | | **15 punte** |

## LIGGAAMSOPVOEDING Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **LIGGAAMSOPVOEDING Assesseringsaktiwiteit 1: Koöordinasie en lateraliteit (Week 7 Dinsdag–Vrydag) OG bladsy 83, 85, 87 en 89** | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder is in staat om: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **Ruimtelike oriëntasie**<br>• Mondelinge aanwysings te volg:<br>– Loop 6 treë vorentoe, 10 treë agtertoe en 3 treë na links. Stop.<br>– Loop sywaarts met jou bene oorkruis<br>– Hop 6 keer op die een been en 9 keer op die ander een been<br>**Perseptueel-motories**<br>• Te reageer op flitskaarte met aksiewoorde: hardloop, spring, huppel, hop, sit, loop, staan | Volg mondelinge of geskrewe instruksies nie.<br>Is nie in staat om in verskillende rigtings te beweeg nie. Is nie in staat om verskillende aksies uit te voer nie. | Probeer om mondelinge en geskrewe instruksies te volg.<br>Verander nie altyd in korrekte rigting nie.<br>Kan slegs sekere aksies kan uitvoer. | Volg mondelinge en geskrewe instruksies meeste van die tyd.<br>In staat om van rigting te verander.<br>Kan omtrent die helfte van die tyd aksies uitvoer. | Volg sowel mondelinge as geskrewe instruksies goed.<br>Kan van rigting verander en voer die aksies meeste van die tyd uit. | Volg sowel mondelinge as geskrewe instruksies goed.<br>Kan van rigting verander en voer deurgaans die aksies akkuraat uit. |

| **LIGGAAMSOPVOEDING Assesseringsaktiwiteit 2: Sport en speletjies (Week 8 Woensdag/Vrydag) OG bladsy 97 en 101** | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder is in staat om: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • Instruksies te volg.<br>• Die reëls van die speletjie te verstaan.<br>• Aktief aan die speletjie deel te neem.<br>• Saam met ander te werk. | Nie in staat om instruksies te volg nie. Verstaan nie die reëls nie of neem nie deel aan die speletjie. Kan nie saam met ander werk nie. | Volg sommige instruksies en probeer om die reëls te volg en aan die speletjie deel te neem. Samewerking met ander verg aandag. | Volg die meeste van die instruksies. Ken die meeste van die reëls en neem deel aan die speletjie. Kan met ander saamwerk. | Volg alle instruksies. Ken die reëls en neem deel aan speletjie. Samewerking met ander is voldoende. | Volg instruksies baie goed. Ken die reëls en neem ten volle deel aan speletjie. Uitstekende samewerking met ander. |

| **KLASKAMERWAARNEMING (Week 1–9)** | | **20 punte** |
|---|---|---|
| **1 punt = 1 maatstaf** | | |
| 1. Volg instruksies.<br>2. Maak beurte.<br>3. Werk in 'n span.<br>4. Warm op en koel af.<br>5. Balanseer op een been.<br>6. Balanseer op toue of apparaat.<br>7. Loop met groot treë; loop met klein treetjies, huppel; spring soos in verspring.<br>8. Spring hoog soos in hoogspring.<br>9. Klim op en af met ritme.<br>10. Strek boontoe en sywaarts. | 11. Gooi en vang 'n tennisbal.<br>12. Speel kolf-en-bal speletjies soos minikrieket, tennis ens.<br>13. Speel 'n tradisionele speletjie.<br>14. Volg reëls van ander speletjies.<br>15. Deelname aan swem/wateroefeninge.<br>16. Oefen asemhalingsoefeninge vir swem.<br>17. Deelname aan spanresies, bv. aflosse.<br>18. Huppel, hardloop, nael alleen en met 'n maat.<br>19. Reageer vinnig op bevele in reaksiespeletjies.<br>20. Deelname aan waarnemingspeletjies soos om mondelinge instruksies te volg. | |
| **Totaal** | | **30 punte** |

NAAM ______________________ DATUM ______________

# Wat is in die naghemel?

1 Waar of onwaar?
Daar is biljoene sterre in ons sterrestelsel.

______________

Die Maan het nie sy eie lig nie. ______________

2 ✔ as dit sy eie lig afgee.
✘ as dit sonlig weerkaats.

- ○ Son
- ○ Melkweg
- ○ Sterre
- ○ Satelliete
- ○ Internasionale Ruimtestasie

3 Pas die woorde by die prente.







satelliet    sterrestelsel    bal gloeiende gas

NAAM ______________________________ DATUM ______________

# Begrip



**Lees die storie Sipho se droom.**



1 Sipho se droom was ...

○ gelukkig ○ vreemd

○ angswekkend

2 Sipho het vir Ouma gesê dat hulle moet ...

○ TV kyk ○ sy tannie soek

○ oor die droom gesels

3 Die dame op die TV was Sipho se ...

○ ouma ○ mamma ○ oupa se suster

4 Nommer die dele van die storie in die regte volgorde.

○ 'n Dame het na haar broer gesoek.

○ Sipho en Ouma het die dame ontmoet.

○ Ouma het die nommer op die TV geskakel.

○ Sipho en Ouma het saam TV gekyk.

5 Ek dink Sipho het ______________ en ______________ gevoel toe hy vir Duduzile ontmoet het, want

__________________________________________

NAAM ______________________________ DATUM ______________

# Meer oor nagdiere

**Pas die woorde by die diere.**




Waarom, dink jy, vang en eet uile motte?

______________________________________________

NAAM ______________________________ DATUM ______________

## Skryf die klanke neer.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

## Vul die klanke in.



wo lf



1 wu ________



2 be ________



3 va ________



4 go ________



5 swaa ________

NAAM ______________________ DATUM ______________

# Feite oor ystervarke

**Lees die inligtingsverslag en beantwoord dan die vrae.**

Ystervarke het skerp veerpenne op hul rûe. Die veerpenne word van hare gevorm wat aan mekaar geheg is. Die meeste ystervarke het omtrent 30 000 veerpenne.

Wanneer baba-ystervarkies gebore word, is hulle veerpenne sag. Dit neem ongeveer vyf dae om hard te word.

Ystervarke gebruik hulle veerpenne om hulself te beskerm. Hulle stamp hulle voete en skud hulle veerpenne om die ander dier af te skrik. As die dier nie weggaan nie, hardloop die ystervark vinnig agteruit sodat hulle skerp veerpenne in die ander dier vassteek.

’n Ystervark kry weer nuwe veerpenne as hulle veerpenne uitval.



NAAM ______________________________ DATUM ______________

# Begrip

1 Ystervarkpenne word van ________________ gemaak.

○ hare ○ dorings ○ stokke



2 Skryf **W** vir Waar en **O** vir Onwaar.

Ystervarke beskerm hulself so:

Stamp hulle voete __________

Byt ander diere __________

Skud hulle veerpenne __________

Hardloop teen die ander dier vas __________

3 Kan baba-ystervarkies hulself beskerm?

○ Ja ○ Nee

Hoekom? ______________________________________________

______________________________________________________

4 Hoeveel veerpenne het ystervarke?

______________________________________________________

5 Kan ystervarke al hulle veerpenne verloor?
Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________

______________________________________________________



Funda Wande

Reading for Meaning




Western Cape Government

FOR YOU

Education

creative commons
CC-BY- 4.0

ISBN 978-1-991225-23-8

9 781991 225238

VERSION 2.0